

D_{IE} **N**_{UWE} 2016 **A**_{FRIKAANSE}

B_{YBELVERTALINGS} **R**_{EFERAAT}

E_N

M_{ANDAAT}

SAAMGESTEL EN GELEWER DEUR:

D_{R.} **H**_{ANNES} **R**_{EDELINGHUY}S. (Ph.D.). (Eskat.).

Hierdie referaat is nagevors, saamgestel en word gelewer op 19 November 2012 deur:

Dr. Hannes Redelinghuys. (Ph.D.). (Eskat).

Verkorte Inleiding.

In hierdie referaat sal indringend gekyk word na die noodigheid vir nog 'n Afrikaanse Bybel wat deur die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap beplan word vir 2016 of later. Die versoek is blykbaar deur die "Algemene Kerk" aan die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap gerig. Dit is uiters noodsaaklik dat na altwee partye se redenasie geluister sal word, voordat daar kant gekies mag word. Vir hierdie rede sal hierdie referaat dan as 'n ope gesprek gesien word wat net deur "feite" gestaaf sal word. Ek sal van tyd tot tyd ook "Engelse" verwysings moet aanhaal.

Hier volg hier 'n kortbegrip verwysend na verskillende manuskripte en tekse wat gebruik is vir die skryf van verskillende Bybels deur die eeue.

Na die hemel vaart van Jesus Christus het die Apostels en geredde mense nie Bybels gehad wat gelees was nie, maar vir die volgende bykans 80 jaar was die evangelie van Jesus Christus van persoon tot persoon per mond oorgedra (oor vertel). In hierdie selfde tydperk was verskeie notas en aantekeninge deur verskillende mense en die Apostels van Die Here Jesus Christus gemaak, totdat die Rooms Katolieke Kerk in die begin van die tweede eeu (ongeveer 101 tot 127n.C.) begin het, om die vier evangelies van Matthéús, Markus, Lukas en Johannes as geskrewe Bybelboeke te skryf en saam te stel.

Die Byzantynse manuskripte of Ou Griekse Nuwe Testament (Van die vierde eeu).

Dit is uiters belangrik om kennis te neem van die volgende inligting. In 312n.C. het Lucian van Antioek wie 'n bekende teoloog in Antioek was, volgens die teologie van Antioek Die Ou Griekse Nuwe Testament en Ou Testament bestudeer. Hy het toe Die Tradisionele Manuskrip bekend as: "The Lucianic Byzantine, or Syrian Text" die lig laat sien. Hierdie Byzantynse Manuskrip sou dan vir die volgende 1500 jaar die mees betroubaarste

manuskrip wees wat bestaan het, tot dat Wescott en Hort in die 19de eeu (1881) hierdie genoemde manuskrip verwerp het, en die Nuwe Griekse (Verdraaide) Nuwe Testament Teks naamlik die Nestle Aland geskep, wat die fondasie teks sou word van vele verskillende Bybels in die wêreld asook ons eie Afrikaanse 1983 Bybel.

Samestelling van die Byzantynse manuskrip (312n.C. tot 1453n.C.)

- 1). The Received Text.
- 2). The Majority Text.

Bybels wat gevolg het vanuit die Ou Griekse Teks naamlik Die Byzantynse manuskrip (Of ook genoem “The Majority” Teks).

- 1). Die Lutherse Duitse Bybel (1522).
- 2). Die Engelse King James Bybel (1611).
- 3). Die Nederlandse State Bybel (1637).
- 4). Ons eie Afrikaanse Bybel (1933).
- 5). En vele meer.

Die verwerkte Alexandriese (Egiptiese) manuskripte of die Nuwe Griekse (Verdraaide/Korrupte) Nuwe Testament van (1881)

Samestelling van die moderende manuskripte (1881).

- 1). Codax: A,B,C en D.
- 2). Codax Sinaiticus (S). (Die 4de eeu).
- 3). Die Shepherd of Hermas.
- 4). Codex Vaticanus (B). (Die 4de eeu).
- 5). Codex Alexandrinus (A). (Die 5de Eeu).
- 6). Hexapla Bybel van Origenes.
- 7). Eusebio-Origenes Bybel deur Eusibeus.
- 8). Latynse Vulgaat Bybel van Jerome.

Skrywers wie deel gehad het om die Alexandriese manuskrip korrup te maak.

- 1). Saccas.

- 2). Plato.
- 3). Philo.
- 4). Clement van Alexandria.
- 5). Origen. (Die Hexapla Bybel 3de eeu).
- 6). Jerome. (Vulgaat).
- 7). Eusebius.
- 8). Wescott.
- 9). Hort.
- 10). Lightfoot.
- 11). Blavansky.
- 12). Nestle.
- 12). Aland.

Bybels wat gevolg het vanuit die Nuwe Griekse (Verdraaide/Korrupte) Nuwe Testament van 1881.

- 1). The “New King James” Bybel.
- 2). The “American Revisers” Bybel.
- 3). The “New American Standard” Bybel.
- 4). The “Living” Bybel.
- 5). The “New Century” Bybel.
- 6). The “Good News” for Modern Man..
- 7). The “Jehovah Witness” Bybel.
- 8). The “Book.”
- 9). The “Everyday Bible.”
- 10). Authorised Catholic Bybel.
- 11). Al die ander Rooms Katolieke Bybels.
- 12). Daar bestaan tans bykans 300 verskillende Bybels uit hierdie Nuwe Griekse Nuwe Testament van Wescott en Hort.

Dit is belangrik om te weet:

Tot watter mate die Byzantynse manuskrip (Ou Griekse Nuwe Testament Teks verskil, met die Nuwe (Griekse Teks (1881) van Westcott en Hort. Die inligting wat nou na verwys word is totaal en al “weggelaat” uit die Nuwe Griekse Nuwe Testamentiese Teks.

- 1). **620 Woorde wat deur Jesus Christus self gesprek was.**
- 2). Die Naam “**Jesus**” is **87 keer** weggelaat.
- 3). Die Naam “**Christus**” is **52 keer** weggelaat.
- 4). Die Naam “**Here**” is **39 keer** weggelaat.
- 5). Die Naam “**God**” is **48 keer** weggelaat.
- 6). Die **Godheid van Jesus Christus is 40 keer** weggelaat.
- 7). **Meer as 900 versgedeeltes is gedeeltelik** weggelaat.
- 8). **17 Verse is in geheel** weggelaat.
- 9). Meer as **8000 verse is in geheel “verander”** tot niks seggende betekenis.
- 10). Wat u as leser moet weet is dat elkeen van **hierdie genoemde verwysings** ook in die **1983 Afrikaanse Bybel plaas gevind het**, met vergelyke tot die **1933 Afrikaanse Bybel** omdat dieselfde “Nuwe Griekse (Verdraaide/Korrupte) Nuwe Testament Teks” (van Wescott en Hort naamlik die Nestle Aland Teks) gebruik is, vir die vertaling van die **1983 Afrikaanse Bybel**. Later in hierdie referaat gaan ek heelwat uitbrei op hierdie spesifieke verwysing). Die volgende Skrifgedeelte spreek vir homself. 2 Korinthiërs 2 vers 17 “ Want ons is nie soos baie wat handel dryf met die woord van God nie; maar as uit opregtheid , maar as uit God, in die teenwoordigheid van God, spreek ons in Christus.”

Belangrike Afkortings.

A.B.V.- 1933 Afrikaanse Bybel Vertaling:

K.J.V.- 1611 King James Version: (1611 King James Engelse vertaling).

N.A.B.- New Age Bybel

BSA .- Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

DEFINISIES.

1. Algemene Christelike Kerk: Wanneer daar deur die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap verwys word na die “verskillende kerke” wie deelneem aan die nuwe Bybelvertaling van 2016.

2. Byzantynse Manuskripte: Hierdie genoemde manuskrip word erken as een van die oudste manuskripte wat bestaan.

3. Eskatologie: Die woord Eskatologie kom van die Griekse woord “Eskatos” wat beteken eindtyd. Eskatologie verwys ook na die verlede, hede en toekoms.

4. Messiaanse Profesieë: Is verwysend na die Ou Testamentiese profesieë wat deur sekere profete van God Almagtig gemaak was, verwysend na die Messias Jesus Christus wie vir die verlossing van die volk van Israel gebore sou word.

5. Nuwe Wêreld Orde (New Age): Hierdie verwysing is die algemene gebruik om 'n Nuwe Eenwêreld Regeringstelsel mee te identifiseer, wat uit verskillende regerings wêreldwyd sal bestaan.

6. Panteïsme: Is 'n term wat gebruik word om te verwys na 'n sekere soort godsdiens, wat deur die oosterse godsdiens beoefen word, waar "alle" gode gelykstaande is aanmekaar en waar alles in die natuur god is, god is in alles, alles is god en ek (as persoon) is my eie god. Panteïsme "ontken" God (Almagtig) die skepper van hemel en aarde.

7. Konfessionele: Hierdie is 'n verwysing wat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap gereeld gebruik wat beteken: Dat die standpunt 'n kerklike belydenisskrif is, wat deur verskillende gelowe ondersteun word. (sien bylaag "A")

8. Inter-Konfessionele: Die doel van hierdie beskrywing is dat dit wat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap vir die beplande 2016 nuwe Afrikaanse Bybel beplan is, dat "alle" verskillende Bybelse en Onbybelse sienswyse in ons Protestante Bybel opgeneem moet word. (sien bylaag "A")

9. Agnosme: Die Agnostiese sienswyse dateer reeds uit die middel van die 1^{ste} eeu. meeste Agnostiese mense ontken die volgende sienswyse van die Bybel Naamlik; Die maagdelike geboorte van Jesus Christus, Sy kruisiging en begrafnis, Die feit dat Jesus Christus lewend afgedaal het in die doderyk, Sy opstanding uit die doderyk, Sy hemelvaart en die belofte van Sy wederkoms.

10. Apokriewe boeke: Hierdie is skrewe van verskillende kerklike skrywers wat van tyd tot tyd ontdek is, en wat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap as volwaardige boeke in die nuwe 2016 Bybel wil inskryf, omdat van hierdie boeke reeds vir jare deur sommige Rooms Katolieke Kerke gelees word. Sien Die Kerbode van 20 April 2012.

11. Dogmatiek: Hierdie woord word gebruik om te verwys na die leerstelling en sienswyse van kerke of instansies.

12. Westcott en Hort: Hulle was twee Presbiteriaanse (Rooms Katolieke) priesters wie in die laat 19^{de} eeu geleef het, en was betrokke by manuskrip vertalings en die skryf van hul eie manuskripte. Hulle was geheel en al teen die Protestante Bybel naamlik die 1611 (King James) Bybel gekant, omdat dit teenstrydig was met hul Rooms Katolieke dogmatiek.

13. Nestle Aland teks: Hierdie spesifieke teks sou die grondslag vorm vir ons eie 1983 Afrikaanse Bybel as ook die 2016 Bybel wat tans geskryf word. Westcott en Hort was die vaders (skrywers) van hierdie (verdraaide/korrupte) Nestle Aland teks.

14. Nestle Aland teks: Dit is uiters belangrik dat U sal kennis neem uit watter “verdraaide/korrupte” manuskripte hierdie Nestle Aland teks geskryf en saamgestel was.

15. Verdraaide en Korrupte manuskripte en tekse:

- A. Latynse Vulgaat.
- B. Textus Vaticanus.
- C. Stuttegart Vulgaat. (Die Biblia Hebraica Stuttgartensia [1977] is eers later vertaal, en word vir die 1983 Bybelvertaling in die Ou Testament gebruik).
- D. Codex Sinaiticus.
- E. Die Ou Siriese Teks.
- F. Pappurus 66 en Die Pappurus 75.
- G. Eusebio-Origenes Teks (Die Hexapla Bybel).
- H. Codex Leningradensis. (Hierdie teks is vir die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling [die Nuwe Testament] gebruik).
- I. Alexandriese (Egiptiese) Manuskrip, daar is vele meer om te noem.

16. Verdraaide en Korrupte Bybels wat saamgestel is uit hierdie korrupte manuskripte en tekse:

- A. New International Version (NAB).
- B. New American Standard Version (NAV).
- C. The Good News Bible (GNB).
- D. New Living Translation (NLT).
- E. New King James Bible (NKJB).
- F. Amplified Bible (AB).

G. Die 1983 Nuwe Afrikaanse Bybel (NAB).

H. Die Nuwe Lewe Vertaling (NLV).

En nog vele meer.

17. Die ware manuskripte:

A. Die Erasmus Tekse. (1522n.C.).

B. Textus Reseptus.

C. Byzantynse Manuskrip.

D. Received Teks.

E. Majority Teks.

18. Die ware Bybels: (die ware Woord van God).

A. William Tyndale Bybel. (The Authorised Bible).

B. 1611 King James Bybel.

C. Die State Bybel.

D. Ons Eie 1933 Afrikaanse Bybel.

19. Algemene Manuskripte (Inligting).

A. Daar bestaan tans (2012n.C.) 5,366 Ou Griekse manuskripte.

B. 81 Pappirus Manuskripte.

C. 267 Manuskripte in “Hoofletters.”

D. 2,764 Manuskripte met “Kleinletters”.

E. 2,143 Manuskripte wat “Lesings” bevat met aanhalings uit die Nuwe Testament.

20. Sekere verskille en teks wat weglatings is uit die 1983 Bybel.

A. Vir watter rede? Sien (bylaag “B”)

Inleiding.

Hierdie referaat word eerstens deur my gelewer om as kind van die Here te protesteer teen die nuwe 2016 (New Age) Bybelvertaling wat die Naam van Jesus Christus in oneer wil bring, deur dit van hoofletters na kleinletters te verander in die Ou-Testamentiese Messiaanse profesieë.

Dit is elke belydende Christen se plig om Jesus Christus se Heilige Naam te beskerm en alles in ons vermoë te doen, om Sy Heiligheid behoue te laat bly vir ons en ons nageslagte. Sy Naam verdien alle eer en dit behoort vir elke belydende Christen 'n saak van erns te wees.

Tweedens word my verhoë gerig teen die verwydering van die “hoofletter,” uit die Messiaanse profesieë in die Ou Testament aangesien die “woord waardes” en betekenis daarvan verlore sal gaan, en “dit” speel 'n belangrike rol in ons geloof en in ons Bybel.

Derdens is my verhoë gerig teen die insluiting van Apokriewe boeke. Die ses en sestig boeke is die Kanon wat deur God ingegee tot lering onderrig en stigting (1 Tim. 3:16).

Dit is elke persoon se reg om hierdie referaat te lees en vir hulself 'n opinie te vorm nadat die feite aan hulle voorgelê is. Dit is geensins my doel om enige afbreek te maak skeiding of twis te veroorsaak nie, maar ervaar dit as 'n roeping om die Here Jesus se Naam te eer, en eerder om 'n band van eenheid te vorm deurmiddel van Die Heilige Gees onder alle belydende Christene. Die referaat word dus ook gelewer om die “Korrektheid” van die 1933 Afrikaanse Bybel aan U voor te hou, asook die skrewe van die Nuwe 2016 Bybel.

Wanneer U vir U geliefdes 'n testament nalaat is die doel daarvan dat U kinders, kleinkinders en agterkleinkinders ook voordeel uit U nalatenskap sal trek. Die besluit wat U gaan neem nadat U hierdie hele “referaat” gelees het, sal gelykstaande wees aan wat U vir hulle sou nalaat en wat sal bepaal hoe “hulle” eendag Die Woord van God (Die Bybel) sal toepas in hulle eie lewens, wat weer sal lei tot hulle geestelike welstand.

Die tyd het aangebreek dat die “volle waarheid” in die openbaar gestel moet word en daarom gaan ek alle feite vir U verduidelik soos dit is, en dan kan U self besluit.

Die “Onse Vader Gebed” leer ons egter dat Sy Naam “Geheilig” moet word.

Terwille van hierdie referaat wil ek graag die volgende agtergrond vir U skeep. As persoon is ek vir meer as 37 jaar besig met studies en navorsing in Eskatologie en verwante onderwerpe. Ek het my Meesters graad in (New Age) of die Nuwe Wêreldordesisteme behaal, en daarom is ek as persoon totaal en al ingelig presies hoe hierdie hele Nuwe Wêreldordesisteme funksioneer, en wat dit veronderstel is om te wees. Ook het ek my Doktorale graad behaal in die vakgebied van Eskatologie, Die Antichris Sisteem, Nuwe Wêreldorde, Die Boek Openbaring,

Die Boek van Daniël, Wêreld gebeurlikhede asook die Ou Testamentiese Profesieë en die vervulling daarvan in die Nuwe Testament.

Ek is ook die skrywer van vele Eskatologiese boeke wat in verskeie denominasies en kerke as handboek verwysings vir hulle studente gebruik word. Vir U Inligting noem ek net 'n paar boeke: Die Twee Sleutels Tot Die Boek Van Openbaring, Vasgevang In Die Antichris Sisteem, Is Dit Armageddon, Babilon, Die Mens Siel Gees En Liggaam, Die Dood Graf Doderyk Hel Of Hemel, "Israel's Rapture", "The Lies Of The Church", "Part Of The Antichrist System", en nog vele meer. Die laaste 13 jaar was dit my voorreg om gereeld op verskillende plekke en in verskillende kerke en denominasies, in ons mooi land die Woord van God te preek en te leer (onderrig). Duisende van my CD'S, DVD'S en boeke is reeds oor die wêreld versprei. Soos ek reeds gesê het probeer ek "nie" nou om myself te bemark nie, maar al wat ek doen is om vir U te laat verstaan dat ek "verseker weet" wanneer ons oor die Eskatologie en die Nuwe Wêreldorde of (New Age) praat, dat ek verseker weet waarvan ek praat. Tydens al my preke en skryf van my boeke gebruik ek net die 1933 Afrikaanse Bybel as voertaal, en ook die 1611 "King James" Bybel.

Die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap druk en versprei al vir meer as 20 jaar "nie meer" Die 1933 Afrikaanse Bybel nie. Volgens hierdie referaat sal ek bewys dat die 1933 Bybel is volgens; "Die Byzantynse Manuskrip en Textus Receptus" die mees korrekte en betroubaarste brontekste wat gebruik kan word vir enige Bybelvertalings. Soos wat hierdie gesprek gevoer word sal U presies weet waarna ek verwys. Dit is uiters belangrik dat die Naam van Jesus Christus in alle omstandighede die hoogste eer kry, en mag "Nie" as minderwaardig beskryf word nie.

Wanneer daar in die laaste meer as honderd jaar na die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap verwys was, is dit so dat meeste van ons in die algemeen hierdie instansie wie sekerlik die mees belangrikste funksie in Die Christelike samelewing vul moet respekteer en vertrou, omdat hulle in hierdie posisie gestel is om gewone Bybellesers en die Christelike gemeenskappe van Suid Afrika ingelig te hou, wat God ons Vader in Sy Woord (Die Bybel) geskryf wil hê, en te verseker dat wanneer daar enigsins aan Die Woord van God (Die Bybel) verander word, dat dit een honderd persent sal ooreenstem met "dit" wat alreeds as Die Woord van God bekend is, anders maak die Bybelvertalers die God van die "vorige" Bybel wat reeds vir jare in sirkulasie was totaal en al tot leuenaar. Omdat die Bybellesers van die "vorige" Bybel geleer was dat "dit" wat hulle geleer was uit die Woord van God, "niks" anders as die waaragtige geopenbaarde Woord van God (ons Vader) was nie.

Die skrifte herinner ons ook daaraan (2 Timótheús 3:16 en 17) dat *“Die hele skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, (vers 17) sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus...”*. As ons hierdie spesifieke skrifverwysings lees word ons daaraan herinner dat die hele Woord of Bybel naamlik die algemeenste Afrikaanse vertaling (1933 Afrikaanse Bybel) die onfeilbare Woord van God is. Die 1933 Afrikaanse Bybel is uit die 1611 “King James” Bybel woord vir woord vertaal, terwyl Die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap dit natuurlik betwis. Hierdie 1933 Afrikaanse Bybel bly vir die meeste van ons “Die Enigste Ware Woord Van God,” omdat dit in die afgelope 79 jaar die Bybel was wat die algemeenste in Afrikaans sprekende kerke in Suid-Afrika gebruik was.

Dit is uiters belangrik dat U moet kennis neem dat wanneer daar in hierdie 79 jaar dan teologiese verskille ontstaan het, dat dit dan maklik was om te weerlê of te beredeneer, want ons “almal” het dieselfde Afrikaanse Bybel gebruik. Omdat die 1933 Afrikaanse Bybel is woord vir woord uit die 1611 “King James” Bybel vertaal is dit ook maklik om tot sekere teologiese vergelykings te kom in die “Engelse Bybel.” Dit maak dan die skrifverwysing In (2 Timótheús 3:16) ‘n werklikheid deurdát ons almal saamstem dat elke skrifgedeelte in die 1611 “King James” Bybel en die 1933 Afrikaanse Bybel die onherroeplike en onfeilbare Woord van God is.

Die volgende stelling hieronder voer die beredenasies ter staving van my pleidooi:

- 1. Wie het die 1933 Afrikaanse Bybel bekendgestel?** Die Suid Afrikaanse bybelgenootskap.
- 2. Watter bronteks was gebruik vir die 1933 Afrikaanse Bybel?** Die Statebybel, en die 1611 “King James” Bybel wat weer uit die oorspronklike “Erasmus Manuskripte” of beter bekend as (The Textus Receptus) vertaal is.
- 3. Vir watter rede het die Bybelgenootskap van Suid Afrika “nie” die oorspronklike Arameërs, Hebreërs en Grieks gebruik nie?** Want dit was verseker beskikbaar op daardie tydstep en dit kom alreeds vir eeue saam met ons?

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika was ten tye van die vertaling 79 jaar gelede oortuig dat die 1933 Afrikaanse Bybel die enigste werklike Woord van God was, soos direk vertaal vanuit die 1611 “King James” Bybel,

en vir hierdie rede was hierdie 1933 Afrikaanse Bybel vir meer as 79 jaar deur “meeste” Afrikaans sprekende kerke in Suid Afrika en elders gebruik, “As Die Onfeilbare Woord Van God.”

4. Wanneer daar na ’n rede gesoek word waarom die 1933 Afrikaanse Bybel verander moes word, moet ons vir die antwoord in die buiteland gaan soek.

Verskeie lande kan as voorbeeld gebruik word maar ek gaan spesifiek na Amerika verwys. Amerika word op 4 Julie 1776 ’n onafhanklike staat en 41 senatore teken hierdie Onafhanklikheids dokument. Van die 41 senatore is 39 mense wie se beginsels gegrond is op die Woord van God naamlik die 1611 “King James” Bybel. Die ander twee senatore is sekulêre humaniste en glo nie in die Woord van God nie. Die meerderheid van die senatore is Christene en gevolglik word (The Bill Of Rights) of eerder die konstitusie van Amerika geformuleer op die Woord van God, naamlik Die 1611 “King James” Bybel. Hierdie spesifieke Bybel word die handboek vir alle geregtelike verskille en wanneer enige persoon voor die hof verskyn, moes hy/sy eers hul hand op die Bybel plaas en sê: “So Help My God”. Hierdie 1611 “King James” Bybel was die “Enigste Bybel” wat in daardie tydperk as die ware Woord van God gereken was.

Hierdie genoemde aksie was so geweldig geslaag dat dit in byna elke Europese land in die wêreld in gebruik geneem was. Vele Europese lande het latere jare hul eie grondwette aangepas om te strook met die Amerikaanse grondwet, vanweë die geweldige geslaagdheid daarvan. Die rede vir die geslaagdheid was juis omdat dit gebaseer was op die “onfeilbare” Woord van God. As ons die onafhanklikheids verklaring van die eerste Amerikaanse Konstitusie lees dan ervaar U die eerbied en onderworpenheid aan God.

“ The First American Bill Of Rights 1620. “In ye name of God Amen. We whose Names are underwritten, the loyal subjects of our dead sovereign Lord King James by ye grace of God of Great Britain, France & Ireland king defender of ye faith. Having undertaken for ye glory of God and advancement of ye Christian faith, and honor of our king and country....”

Hierdie verwysing is woord vir woord geneem uit die eerste konstitusie van Amerika en is genoem: “The Mayflower Compact” geteken Op 11 November 1620. Dit is ooglopend dat soveel eer aan God gegee word tydens hierdie ondertekening van hierdie eerste konstitusie, want die “meerderheid” van die ondertekenaars was Christene en het vas gestaan op die Bybelse beginsels en Bybelse waardes van die 1611 “King James” Bybel.

5. Amerika het vir eeue geen probleem gehad met die interpretasie en die implementering van hul Bybel die 1611 “King James” Bybel nie. Alles het gedraai om die onfeilbare Woord van God. Die senatore se besluitnemings was altyd deur ‘n minderheidsgroep, naamlik die sekulêre humaniste wie die “beginsels” van die Woord van God teen gestaan het met hul eie agnostiese sienswyse.

Die eerste werklike probleem het in 1881 ontstaan toe die Amerikaanse Bybelgenootskap gevoel het dat daar ‘n eerste vertaling van die 1611 “King James” Bybel moes plaasvind, volgens Wescott en Hort se “Nuwe Griekse (Korrupte) Nuwe Testament” naamlik die Nesle Aland teks. Een van die redes was dat die humanistiese beweging al meer momentum begin kry het, soos wat die tyd gevorder het. Na 1881 is al meer en meer humaniste, sekulêre humaniste en kosmiese humaniste tot die senaat van Amerika verkies. Dit het dan ook die gevolg gehad dat die Amerikaanse konstitusie (of grondwet) van tyd tot tyd verander was, om by hul sieswyse aan te pas. Teselfde tyd is nuwe Bybelvertalings gebruik om die Godheid van Jesus Christus Totaal en al uit hierdie Nuwe Bybelvertalings weg te laat. (Later in hierdie referaat sal hierdie onderwerp ingeheel bespreek word).

In 1881 het verskeie veranderde afgewaterde Bybelvertalings van die 1611 “King James” Bybel naamlik (The “New” King James Bible) die lig gesien. Hierdie nuwe Bybelvertaling het veroorsaak dat daar net nie meer teologiese en dogmatiese ooreenkomste uit die Woord van God bereik kon word nie, want elkeen het nou hul “Eie Bybel” gehad wat hulle nou as, “DIE WOORD VAN GOD” voorgehou het. Na die eerste Bybelvertaling tot en met 2012 sou daar meer as 300 Engelse Bybelvertalings volg.

6. Eerstens was dit hierdie aanhoudende Bybelvertalings wat veroorsaak dat die Amerikaanse konstitusie daarvolgens ook aanhoudend verander is. Totdat dit totaal en al humanisties vriendelik geword het soos dit vandag (2012) daar uitsien. Vandag is dit nie meer ‘n vereiste wanneer daar gesweer word om die hand op te steek en te sê: “So Help My God” nie. Enige mens mag vandag in sy eie god se naam sweer. JAHWEH word nie vandag meer gereken as die Enigste God nie, want al hierdie verskillende gelowe deur die wêreld het nou veroorsaak dat elke (New Age) god, ook staanplek in die Christelike (of Protestante) Bybel gekry het.

Wanneer ‘n land se leiers (of regering) in humanisme, kommunisme, sosialisme of satanisme verval het,

word die volgende teikens van die Humaniste die universiteite, opleidings instansies Bybelskole en kerke.

As ons na die laaste 40 jaar se Amerikaanse geskiedenis kyk is dit nie verbasend dat ons vind hoe hierdie humanistiese (New Age) golf die genoemde instansies geïnfiltreer het, en namate die liberale invloed meeste van die jongmense se idees gedagtes en handelingne verander het, word die regering van Amerika en ook elders in die wêreld onregeerbaar. Waar het dit alles begin? Die oomblik toe die soewereiniteit van die Naam van God (JAHWEH) en Jesus Christus uit hul konstitusies verwyder is, en elke (New Age) god gelykgestel is aan Christus Jesus en Jahweh!

7. Hierdie humanistiese (New Age) sienswyse het dit reggekry om dit wat eens op 'n tyd vir die Christelike mensdom “ononderhandelbaar” was, het later aanvaarbaar geword om die weg in gereedheid te bring vir 'n totale oornames van die (globale) “Nuwe Wêreldgodsdienst.” Dit alles het gebeur met die vertaling van die 1611 “King James” Bybel, as die ware Woord van God. Skielik word liberale en (New Age) sienswyses deur die verandering van net sekere woorde, stellings, hoofletters na kleinletters en die gebruik van voetnotas in die Bybel aanvaarbaar. Die vertalers van Bybelgenootskappe wêreldwyd word nou genoodsaak om hierdie veranderings aan te bring, as gevolg van sekere kerklike denominasie soos byvoorbeeld die Rooms Katolieke kerk en andere. Ander liberale kerklike denominasies en geestelike organisasies het geëis dat liberale veranderinge moes plaasvind, omdat hierdie ou Bybel 1611 “King James” net nie meer van toepassing was vir die “tyd” waarin hierdie liberale gemeenskappe geleef het nie. As gevolg van hierdie genoemde instansies se oornames skryf David A. Noebel (1991) in sy boek getitel: “Understanding The Times”. “The Story/History of The Biblical Christian, Marxist/Leninist and Secular Humanist Worldviews” hoe hierdie (New Age) transformasie eerstens sal gebeur, deur die stelselmatige afbreek van Bybelse en Christelike waardes op die mees subtielste manier.

Die afbreek van hierdie waardes begin by die “eerste vertaling” van die 1611 “King James” Bybel. Dit is die opinie van David Noebel en vele ander dat die oomblik toe daar meer Bybels verskyn het, dit die begin was om die geloofwaardigheid van die Woord van God aan te tas. Weet u wat het gebeur?

Die skrifgedeelte in (2 Timotheüs 3:16 en 17) het onmiddellik sy krag en houvas op die mensdom “verloor,”

want die oomblik toe die volgende vertaling en die daarop volgende vertalings veskyn het, is God ons Vader (JEHOVA) tot leuenaar gemaak, want die skrifverwysing het reeds gesê: dat elke woord in die Bybel die 1611 "King James" Bybel en (1933 Afrikaanse Bybel) is deur God self ingegee. Die oomblik toe die eerste veranderings aangebring was, was God tot 'n leuenaar gemaak, aangesien dit "nie meer" die oorspronklike Bybel was nie.

Vandag bestaan daar verskeie Bybels aangepas vir bykans elke kerklike instansie in die wêreld. Die Bybels is aangepas vir sy eie geloof en dan is daar ook Bybels geskryf deur ander skrywers om hul eie Agnostiese (Humanistiese) sienswyse en dogmatiek te staaf. Met al hierdie "verskillende" Bybelvertalings het dit onmoontlik geword om teologies met sekere denominasies, kerke en gelowe te redeneer aangesien hulle op hulle "eie" aangepaste weergawes volstaan. Die 1611 "King James" Bybel vorm nie meer die basis van die Christelike geloof nie, en daarom veroorsaak dit dwalinge en verdeeldheid onder Christelike gemeenskappe wêreldwyd.

8. Wat skokkend is, is die tema (of slagspreuk) van hierdie "Globale Godsdiensstelsel" wat beweer dat ons almal dieselfde god aanbid. Vir hierdie rede is dit noodsaaklik dat die Naam van Jesus Christus uit ons hedendaagse samelewing en in Suid-Afrika totaal en al weg vertaal word. Baie min skole in Suid-Afrika en elders in die wêreld open weekliks nog met gebed in die Naam van Jesus Christus, omdat daar Hindu, Satanistiese of Voorvaderlike geeste aanbidders onder hulle is, en dan sal daar teen hierdie kind se godsdiens gediskrimineer word. In ons samelewing vandag (2012) word verkies dat daar in stilte gebid word, sodat elke persoon teenwoordig, eerder in sy "eie god se naam" kan bid. Waar het dit alles begin? By die eerste vertaling van die 1611 "King James" Bybel in 1881.

U sal onthou toe ek hierdie skrywe begin het, het ek vir U gewys hoe magtig en gerespekteerd hierdie Bybelgenootskappe wêreldwyd is. Daar word deur die gewone kerklike mense geglo dat hierdie genoemde goddelike instansies sekerlik net die wil van God (Jahweh) tot uitvoering sal bring, sonder enige moontlikheid van onregmatige veranderings aan Sy woord. Christene glo dat die geloofwaardigheid van die Bybelgenootskap is ten alle tye bo verdenking, onberispelik en eerlik. Ek glo dat elke Bybel leser neem aan dat dit is hoe die lede van die Bybelgenootskap is, en glo wat hulle skryf "Die Volwaardige Woord van God" is.

Die rede dat ek vir U hierdie hele verduideliking gegee het,

is dat U totaal en al ingelig moet wees wanneer ons nou by die ware feite van die saak kom, naamlik ons eie Bybelgenootskap in Suid-Afrika. Ek wil dit duidelik stel dat dit geensins my doel is om die Bybelgenootskap van Suid-Afrika te benadeel nie. Dit is elke gelowige se plig om medegelowiges in te lig van die feite, sodat hulle vir hulself kan besluit. Dit bly ook die individu se keuse om dit te verwerp of andersins op te staan en stand vir Jesus Christus in te neem.

Ons mag nie toelaat dat ons naaste asook kinders, kleinkinders en agterkleinkinders in 'n geestelike moeras van onkunde gelaat word, waaraan hulle hoegenaamd "niks" later aan hierdie saak kan doen nie. Sonder dat U dit besef is die besluite wat ons vandag neem, dalk die gevolge dat ons nageslagte op 'n dwaalspoor geplaas gaan word sonder hul eie medewete.

9. Die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap het ontstaan in 1820 met die doel om Bybels te versprei. Namate die jare gevorder het, het hul doelstelling verander om Bybels in die onderskeie tale van Suid-Afrika beskikbaar te stel. Dit is interessant om te weet dat die 1933 Afrikaanse Bybel vanuit die 1611 "King James" Bybel vertaal is. Hierdie 1611 "King James" Bybel is hierdie jaar (2012) presies 400 jaar oud. Hierdie selfde 1611 "King James" Bybel was dan ook die "bronteks" vir die meeste van die woord vir woord Bybelvertalings in die wêreld. Daarom is dit dan ook nie vreemd dat ons eie 1933 Afrikaans Bybel woord vir woord dieselfde lees as die 1611 "King James" Bybel nie. Die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap het in die begin van hul ontstaan n noodsaaklike werk verrig, vir die Christendom in Suid-Afrika.

My bekommernis is dat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap sedert 1975 besig was om die 1933 Afrikaanse Bybel te omskryf en te vertaal, om Agnostiese en Humanistiese sieninge te akkomodeer wat "nie" in die oorspronklike Textus Receptus vervat was nie, maar ons weet reeds dat dit die edologie en dogmatiek van Westcott en Hort naamlik die Nestle Aland manuskripte bevat, wat die Rooms Katolieke kerk se dogmatiek bevat en bevorder.

Volgens die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap se eie webtuiste: www.biblesociety.co.za was dit juis die 1611 "King James Engelse Bybel" en die State Bybel wat in 1820 saam met die Setlaars na Suid-Afrika gekom het. Vir meer as 'n eeu was dit juis hierdie 1611 "King James" Bybel wat die grondslag vir die Christelike beskawing in Suid-Afrika gevorm het, en daarom was die beleid van die vroeë regering in Suid-Afrika ook net op die Woord

van God die 1611 “King James” Bybel gegrond. Die hele samelewing van die staat, skole en kerke was gebou op Christelike Bybelse waardes en respek vir ander mense. Wat uiters belangrik is, is juis die feit dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika vanaf sy stigting tot ongeveer 1920 nooit die nodigheid gesien het om die 1611 “King James” Bybel of die Ou State Bybel te vertaal nie.

In ongeveer 1920 het die begeerte om ’n Bybel in ons eie taal (Afrikaans) so sterk geword dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, dit op hul self geneem het om daarmee te begin om die eerste eie Afrikaanse Bybel vry te stel. Hierdie Bybel het bekend gestaan as “Die 1933 Afrikaanse Bybelvertaling.”

Wat baie belangrik is om nou te weet is dat die Bybelgenootskap van Suid Afrika “nie” die Statebonds Bybel as “bronteks” gebruik vir die vertaling nie. Ook was die bronteks uit die Arameërs, Hebreërs en Grieks reeds beskikbaar, maar was oor die hoof gesien deur die eerste vertalers van die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap. Die 1611 “King James” Bybel was dan “Woord vir Woord” net so oorvertaal in Afrikaans. Die vraag wat ons nou moet vra is, was die eerste vertalers van die Bybelgenootskap ongeletterde mense, dat hulle nie die oorspronklike Arameërs, Grieks en Hebreërs kon lees of verstaan nie, of het hulle reeds in daardie jare besef dat die 1611 “King James” Bybel totaal al genoegsame inligting bevat het? Verseker was hulle nie ongeletterde mense nie maar hulle het toe reeds besef dat as die 1611 “King James” Bybel reeds vir eeue regdeur die wêreld as die Woord van God (2 Timòtheüs 3 Vers 16) erken was. Vir hierdie rede was hulle “nie” bymagte om enige ander soort bronteks te gebruik vir die vertaling wat sou volg nie, en daarom vind ons dan hierdie “woord vir woord vertaling” in die eerste 1933 Afrikaanse Bybel. Vir die Suid Afrikaanse Christelike gemeenskap was dit sekerlik die grootste dag van hul lewens, toe die Afrikaans sprekende mense in staat was om In hul “eie taal” die Woord van God te kon lees en verstaan. Vir die volgende 20 jaar was hierdie 1933 Afrikaanse Bybel deur byna elke Afrikaans sprekende kerk in Suid-Afrika erken as die enigste Woord van God.

10. Die invloed van ander Bybelvertalings in die wêreld. Suid-Afrika was nog altyd deel van ’n groeiende godsdienstige wêreldgemeenskap. In die jaar 1943 was daar reeds die Afrikaanse Bybelvertaling en verskeie verskillende Engelse Bybelvertalings wat uit die 1611 “King James” Bybel ontstaan het, wat veronderstel was om die oorspronklike Engels te vervang met ’n meer vriendelike verstaanbare Engels.

Dit was die soort “verskoning” wat gebruik was vir die totstandkoming,

om al hierdie “Nuwe Bybelvertalings” in die wêreld te regverdig.

11. Die Bybelvertalings in Afrikaans. Met al die genoemde feite as agtergrond kom ons nou by die belangrikste gedeelte. In die volgende gedeeltes sal U vind dat ek hoofsaaklik vir U net feite en verwysings gaan gee. Die feite mag vir U as Bybel leser as ’n groot skok kom, omdat hierdie soort informasie selde ooit gepubliseer was, maar met die Internet van dag tot ons beskikking het dit baie makliker geword om feite onder mense se aandag te bring. Dit is uiters noodsaaklik om eers die geskiedkundige geskiedenis van die verskillende Afrikaanse Bybelvertalings te verstaan om sodoende dan ’n agtergrond te skep oor die verskillende Afrikaanse Bybelvertaling.

11. 1. Die Bybel in Afrikaans: Voordat die 1933 Bybel in Afrikaans verskyn het, was die algemene Bybel onder die Afrikaans sprekende Bybellezers “Die Nederlandse Statevertaling” wat verskyn het in 1637. Hierdie Bybel was ook somtyds verwys na as: **“Ons Enigste Bybel.”** Hierdie Statebybel was weer vertaal uit die 1611 “King James” Bybel, wat op sy beurt weer saam gestel was uit die “Texsus Receptus.” Daarom vind ons dat wanneer ons die 1933 Afrikaanse Bybel lees, dat dit woord vir woord ooreenstem met die 1611 “King James” Bybel, wat weer hoofsaaklik as bronteks gebruik was met die 1933 Afrikaanse Bybel.

In die volgende verwysing word Prof. J.A. Naudé, Departement Afro-Asiatiese Studies, Gebaretaal en Taalpraktyk (Universiteit Van Die Vrystaat) aangehaal. Volgens Prof. Naudé is dit duidelik dat die vertaling van die Bybel in Afrikaans uit die Hebreëse en Griekse bronteks nie ’n geïsoleerde gebeurtenis is nie, maar geheel en al “konteks spesifiek” is. Hierdie konteks kan kortliks soos volg beskryf word. Suid-Afrika se koloniale en post-koloniale geskiedenis word in vier “Hoof tydperke” verdeel.

11. 2. Die Nederlandse Statebybel: Is gebruik gedurende die Nederlandse tydperk (1652–1795) wat gekenmerk was deur skeep handel en indiensneming van “slawe.”

11. 3. Die Voorloper Vertalings In Afrikaans: Is gedoen gedurende die Britse koloniale tydperk (1795-1924/1948), met sy beleid van “Emansipasie”. (Die oorheersing van die Britse ryk oor die wêreld).

11. 4 Die 1933/1953 vertaling in Afrikaans: Die Nuwe-Afrikaanse Bybels vanaf 1933 tot 1983 is onderskeidelik aan die begin en einde,

van die Afrikaner tydperk (1924/1948-1990) gedoen, terwyl die tyd geeste (Die hedendaagse vertalers van daardie tydperk) Modernisties was en “Menseregte” benadruk het.

11.5. Bybels soos die Afrikaanse Bybel vir Dowes en die Boodskap: Is vertaal tydens en na die totstandkoming van die Demokratiese tydperk (sedert 1994) wat gekenmerk is deur 'n Nuwe Wêreldorde en die Globalisering van verskillende godsdienste.

12. Ene Hermann Giliomee (2004:16) beskryf in “The Afrikaners” hoe kompanjies reeds in die 17de eeu predikante, sieketroosters en onderwysers aangestel het en beveel het dat die Hollandse taal en die “Gereformeerde Geloof” in kerke en skole onderrig moes word. Teen 1910 het Imperialisme gesneuwel onder die sambreel van die Britse ryk, en Suid-Afrika het sy eie gevoel vir nasieskap ontwikkel en self sy vryheid begin beskerm. Onder die Afrikaners het 'n vorm van Nasionalisme begin posvat, wat nou met die 1914 rebellie saamhang en 'n gunstige teelaarde vir Bybelvertaling geskep het.

13. Die Nederlandse Bybel: Teen 1872 was dit duidelik dat die Nederlandse Bybel “betekenloos” geword het vir Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika. So is dan die behoefte aan 'n (eie) vertaling van die Bybel in Afrikaans gebore. Dit het die “vernaamste oogmerk” van die Genootskap Van Regte Afrikaners geword. Daar is 'n kerk verbod geplaas op die gebruik van Afrikaans vir Bybelvertalings en preke. Dit was juis hierdie verbod op Afrikaans wat die vorming van 'n Afrikaanse identiteit en kultuur gestimuleer het. Dit was juis S.J. du Toit wat eiehandig 'n identiteit vir Afrikaans as kultuur geskep het. (Naudé 2008) verduidelik dat: Die grootste motivering vir die vertaling van die Bybel In Afrikaans hou verband met die amptelike posisie van Afrikaans. J.D.du Toit (Totius) het reeds in 1914 geskryf dat Bybelleesers “nie” meer die Nederlands verstaan nie.

14. Die Broederbond: Wanneer daar oor Die Afrikaner-Broederbond geskryf word, is dit moontlik dat ek nog 'n boek kan skryf. Vir hierdie rede gaan ek net seker belangrike verwysings vir U aanhaal, met verwysing tot wie en wat die Afrikaner-Broederbond was en is.

14. 1. Die Afrikaner Broederbond was 'n geheime organisasie, wat net uit manlike/calvinistiese Afrikaners bestaan het, wat gestreef het dat die Blanke Afrikaanssprekende bevolking hierdeur so bevoordeel mag word. Die stigterslede was; H.J. Kloppers, H.W. van der Merwe, D.H.C. du Plessis en ds. Josua Naudé.

14. 2. Toe die Broederbond in 1918 gestig word staan dit bekend as die Jonge Zuid Afrika, en 1920 word dit herdoop na “Die Afrikaner-Broederbond.” Hulle sou die politieke en sosiale samelewing van die Suid-Afrikaanse blanke bevolking vir die volgende 76 jaar beheer. Somtyds was die Afrikaner Broederbond ook gesien as ’n verlenging van die “Vrymesselaar” beweging. Ek wonder net vir watter rede?

14. 3. Die Afrikaner Broederbond lede was tussen 1948 tot 1994 almal voorstanders van Apartheid gewees. Alle hooffigure in die Suid-Afrikaanse samelewing en regering vanaf 1948 was “verplig” om deel van die ideologie van die Afrikaanse Broederbond te wees.

14. 4. Die hart van hierdie Afrikaner-Broederbond het later bestaan uit 37 lede wat almal net blanke manlike Suid Afrikaners was, wie almal verbonde was aan die Nederduits Gereformeerde Geloof (N G Kerk). Hulle strewende was na die waardes van die 1820 Setlaars, Franse Hugenote en Duitsers wie in die 17de en 18de eeu in die Kaap geland het, asook die dramatiese gebeurlikhede van Die Groot Trek in 1830 tot 1940.

14. 5. Die Afrikaner Broederbond het ontstaan uit die verstandhouding en die geloof dat die Afrikaner in Afrika deur God geplant was, om ’n afsonderlike en “eie volk” te wees. Die meerderheid van hierdie Afrikaner Broederbond volgelingen was diep gegrond in die Calvinistiese/Afrikaanse beginsels van die Woord van God.

14. 6. In 1948 word die Nasionale Party gestig deur Afrikaner Nasionaliste wie elkeen ’n lid van die Afrikaner-Broederbond was. Die Afrikaner-Broederbond was bekend daarvoor dat hulle ’n geheime organisasie was, wat instansies soos die staatsdiens, burgerlike gemeenskap, skole, polisie, weermag, meeste kerke en vele ander instansies in Suid Afrika totaal en al beheer het. ’n Merkwaardige feit is dat “na” die stigting van die Nasionale Party in 1948, dat vele Engelssprekende Blanke mense by burgerlike instansies soos die weermag, staatsdepartemente, hospitale en die onderwys werksaam geword het, nadat hulle hulle self by “Die Afrikaners” aangesluit het.

Dit is ook wel bekend dat Engelssprekende Blanke mense en Kleurling mense nie in hierdie Nasionale Party Regering opgeneem was nie, en daarom vind ons reeds vroeg in die geskiedenis van die Nasionale Party, Die ontstaan van die Progressiewe Partye, wat In 1994 sou lei tot ’n nie-rassige Suid-Afrikaanse samelewing.

14. 7. Met hierdie genoemde agtergrond (of geskiedenis) is dit dan ook nie vreemd dat met die verskyning van 1933 Afrikaanse Bybel, dat die Broederbond ook tot 'n (mindere mate) 'n politieke hand in die vertaling van hierdie Bybel gehad het nie. Dit is juis die mag van sekere politieke en sosiale invloede wat hierdie “volgende vertaling” (vir 2016) in Afrikaans so geweldig gaan beïnvloed. Hierdie Nuwe Afrikaanse vertaalde Bybels van 1983 en 2016 het 'n Politieke Speelbal geword in die hande van die vertalers. Wanneer hierdie Nuwe Wêreldgodsdienstiens sienswyse (Global Religion) 'n staanplek vind in ons Protestante Bybel, sal dit dan totaal en al “onmoontlik” word om in 'n teologiese debat betrokke te raak, as gevolg van die uitskrywe van die “Magsposisie” van Jesus Christus in die Ou Testament, deurdat “hoofletters” in die Messiaanse Profiese vervang met “kleinletters” soos wat dit reeds gedeeltelik plaasgevind het in die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling. (Lees gerus Aanhagsel “B” aan die einde van hierdie referaat).

14. 8. Dit is juis die mag wat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) besit wat hulle in staat stel, om hierdie Politieke en Nuwe Wêreldglobale godsdienstiens Ideologie in hierdie vertaling van 2016 in te vertaal, met die toestemming en goedkeuring van die Tradisionele Drie Susters kerke, die Rooms-Katolieke kerk en andere.

U moet U self nie blindstaar teen genoemde kerke se getalle nie. Die woord van God verklaar juis dat dit die waarheid is wat ons sal vrymaak (Johannes 17: 17). Die vrees wat ontstaan is juis die sluheid, hoe hierdie 2016 (New Age) Bybelvertaling beplan word, sonder dat die “Oningeligte Bybelleser” dit ooit gaan agterkom, voordat dit te laat is en hierdie spesifieke 2016 (New Age) Bybel dan goedgekeur en gedruk is. Presies dieselfde het gebeur met die 1983 Afrikaanse Bybel, toe daar honderde skrifgedeeltes totaal en al uit die 1933 Afrikaanse Bybel uit weggelaat is, wat nog van vertaal?

Vir hierdie rede en vele ander is dit dan so dat miljoene mense en sekere Afrikaanssprekende Kerke glad “nie” die 1983 Afrikaanse Bybel gebruik nie, omdat dit 'n “Afgewaterde” weergawe van die 1933 Afrikaanse Bybel is. As ingeligte leser weet U nou presies vir watter rede hierdie 1983 Afrikaanse Bybel “die voorloper” moes wees vir 'n Nuwe Politieke en (New Age) tydvak naamlik die Globalisering van gelowe. Hierdie tydvak het nie gister (2012) begin nie, maar is reeds inwerking gestel toe die verskillende Amerikaanse vertalings van die 1611 “King James” Bybel jare voor die stigting van Die Afrikaner Broederbond begin is.

U sal onthou hoe ek reg in die begin van hierdie gesprek vir U verduidelik het,

hoe die grondwet van Amerika Op die 1611 “King James” Bybel geformuleer was, en hoe “afgewaterde vertalings” (sekulêre humaniste en agnoste) se invloed vanaf 1881 die val van die Amerikaanse samelewing en akademiese instansie so beïnvloed het, dat die Naam van Jesus Christus totaal en al uit sekere instansies uit verdwyn het.

Dit is presies wat vanaf 1994 in Suid Afrika aan die gebeur is. .

14. 9. Met inagneming van die bogenoemde feite; is dit dan ook nie vreemd dat ons huidige Bybelgenootskap in die openbaar verklaar dat hierdie 2016 (New Age) Bybel ook ’n “Aangepaste Bybel” moet wees vir die tyd waarin ons vandag in lewe. (Lees gerus die Kerkbode van 20 April 2012). U sal onthou dat ek reeds by (punt 11 tot 12) vir U gewys het hoe daar reeds in “drie verskillende politieke tydvakke” verskillende Afrikaanse Bybelvertalings (1933/1953/1983) gedruk was. Die vierde is die 2016 beplande Afrikaanse (New Age) Bybelvertaling, wat tans aan gewerk word.

Hierdie beplande Afrikaanse 2016 (New Age) Bybelvertaling word beplan met die doel om ’n eenheid te vorm met die Globale godsdiens van hierdie wêreld, wat gelei word deur die voorskrifte van die Vatikaan of eerder die Rooms Katolieke kerk in Rome. Die Rooms Katolieke kerk is in beheer van hierdie hele Globale Nuwe Wêreldorde en Nuwe Wêreldgodsdiens stelsel. Dit strook met die profesie in (Openbaring 17:1 tot 10) en vorm deel van die eindtyd gebeure volgens (Daniël 9:27; Daniël 12:11 en vers 12).

In die Kerkbode van (20 April 2012) op bladsy 12 word ’n vraag gevra: **“Hoekom Is ’n Vierde Afrikaanse Bybelvertaling Nodig?** Die antwoord op hierdie vraag was; omdat daar by die Afrikaans sprekende kerke ’n behoefte bestaan vir so ’n vertaling. Later in hierdie selfde berig verduidelik Professor. Combrink wie hierdie “Kerke” is wat na verwys word, naamlik Die Drie Afrikaanse Susters Kerke, die Verenigde Gereformeerde Kerk, Die Afrikaanse Protestante Kerk, Die Anglikaanse Kerk, Die Apostoliese Geloofsending, Die Afrikaanse Baptiste Kerk, Die Katolieke Kerk, Morawiese Kerk en Die Sewende Dag Adventiste Kerk.

Wat verstommend is, is die feit dat hier in hierdie berig gesê word dat 25 Kerke vir hierdie “Nuwe Vertaling” gevra het, maar dat net sewe kerke se name genoem word. Daar is nog ander kerke soos: Die Volle Evangelie Kerk, Die Pinkster Protestante Kerk, Die Gemeentes Van Christus, Die Lede In Christus , Die Vereenigde Pinkster Kerk Van Suid Afrika, Die Mormoonse Kerk en die meer as ander byna vyftig ander kerke In Suid-Afrika wat nog nie eers genoem is nie. My vraag is:

Maak hulle almal dan “nie” ook deel van ons Suid Afrikaanse kerke uit nie? Die rede na my mening is dat hierdie ander kerke se name nie genoem word nie, is omdat hierdie kerke “nie” met die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap saamstem oor hierdie “kleinletter” (New Age) Bybel nie. Dit is met hierdie soort oë verblindery wat die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap mee besig is. Prof. Combrink gaan vêrder aan om te verduidelik dat die rede dat ’n Nuwe Vertaling nodig is, is omdat “Die Wetenskap in Afrikaans” so geweldig gevorder het, en die 1933/1953 en die 1983 Afrikaanse Bybels “verouderd” geraak het aan ons tyd (2012), en dat ’n meer “Aanpasbare en Direkte” vertaling nou geskryf moet word. Verder verduidelik hy dat die Hebreërs, Aramese en Griekse skrywer “Direk” aangehaal moet word.

Onmiddellik beweer Prof. Combrink dat in die 1933/1953/1983 Bybelvertalings, dat hierdie genoemde Bybel skrywers “nooit” aangehaal was nie. As dit waar is, moet ons onmiddellik vra wie dan in hierdie drie genoemde Bybels aangehaal was? In die 1983 Bybel vertaling was daar reeds begin om die “Critical Text” van Westcott en Hort of eerder (Die Nestle Aland verwysings) van die laat 18^{de} eeu te gebruik, wat totaal en al ’n “Agnostiese” sienswyse gepromoveer het.

Dit is Westcott en Hort se Agnostiese siening wat in die Nuwe 2016 (New Age) Bybelvertaling gebruik gaan word. Die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap verwys hierna as ’n “Bronteks georiënteerde vertaling.” Hulle gebruik hierdie geweldige bewoording sonder om vir die lesers te verduidelik dat hierdie “Bronteks georiënteerde” in werklikheid, die verwerking van Westcott en Hort se eie Katolieke Manuskripte is, wat Jesus Christus met al Sy Goddelike Benamings in die Ou Testament tot die gelykheid van elke ander (New Age) god wil bring.

Vir U inligting noem ek net weer hierdie korrupte, onbetroubare, verdraaide manuskripte en tekse wat gebruik is vir Die Nestle Aland verwerking.

1. Latynse Vulgaat
2. Textus Vaticanus
3. Stuttgart Vulgaat
4. Codex Sinaiticus
5. Ou Siriese teks
6. Papyrus 66
7. Papyrus 75

8. Eusebio-Origenes teks en Hexapla Bybel

9. Codex Alexandrius

10. Codex Leningradensis

Met die totstandkoming van die 1983 Bybel was een van die redes wat vir hierdie spesifieke vertaling aangevoer was, was juis dat die 1933/53 Bybels 'n "Direkte en Woord vir Woord (of Letterlike) vertalings was. Die 1983 vertaling was toe in sy wese "nie" 'n Letterlike Vertaling nie en daarom die weglating van meer as 1,960 woorde, en die invoeging van meer as 40,000 woorde wat geen werklike betekenis of verwysing na die vorige 1933/53 Bybels het nie.

Volgens Prof. Combrink was die 1983 vertaling 'n Bybel vir almal. Nou in (2012) verklaar hy dat die 1983 Bybel ook 'n "Letterlike Vertaling" is. Maak dit vir U sin?

Professor Combrink verwys nou in teenstelling na al drie die bestaande Afrikaanse Bybels as "Letterlike Vertalings." Die prof. gaan verder deur te sê dat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap hierdie 2016 Bybel sal gebruik om die Bybel "werklikheid" te maak in die leser se "Eie" leeftyd, en nie dit waarin die skrywer van die Bybelverhaal geleef het nie. Die uitlating is totaal en al modernisties en "New Age". Die prof. verontskuldig hulle verder deur te verduidelik dat die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap ook "niks" meer of minder as die bronteks sê nie. Dit is natuurlik reg wat die prof. sê omdat die "bronteks" wat gebruik gaan word vir hierdie 2016 Bybelvertaling juis die "Verwerkte" bronteks (Die Nestle Aland Teks) van Westcott en Hort is.

In die middelste gedeelte van (bl.13) van die genoemde Kerkbode vra die Kerkbode aan die Prof. die volgende vraag: Nog 'n volgende vertaling (in 2016) kan sommige Bybelleesers verward laat. Hulle sal dan vra: "**Watter een moet ons glo?**" Die prof. verduidelik dat mense "reeds verward is" met die vorige drie vertalings maar dat hierdie "vierde een" (van 2016) die regte vertaling sal wees. Want nou werk 143 vertalers (helpers) aan hierdie vertaling. Wat die Prof. eintlik insinueer is dat die vertalers van die vorige vertalings "nie" geweet het wat hulle doen nie.

Ek glo dat "Dit" wat die Prof. self sê die werklike rede is dat 1,960 vers gedeeltes nie in die 1983 Bybel ingeskryf is nie, maar minderwaardige bewoording gebruik is, om die gewone Bybelleesers stelselmatig sag te maak sodat hierdie 2016 (New Age) Agnostiese Bybel van (Westcott en Hort) sonder enige werklike teenstand tot werklikheid gebring kon word.

Wat die Bybelgenootskap van Suid Afrika vergeet het is dat God ons Vader deur Sy Heilige Gees, nog altyd bewus is van dit waarmee hierdie Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap en sy Agnostiese venote mee besig is. God is nooit te vroeg of te laat nie. Ek stel voor dat U self op die Kerkbode se webtuiste www.kerkbode.co.za gaan, en hierdie hele berig lees op (bladsy 12; 13; 10 en 4) en kyk hoe “onskuldig” word hierdie Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap deur sy vennoot die kerkbode voorgedoen.

As die Kerkbode “nie” onder die invloed van die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap was nie, sou hulle in hierdie selfde uitgawe van 20 April 2012, my skrywe wat ek reeds net na die verskyning van die uitgawe van 16 Maart 2012 wat ek aan hulle geskryf het geplaas het, of tenminste ’n eerlike onderhoud met my gevoer het. Die Kerkbode se partydigheid vir die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap spreek boekdele. Hierdie is een van die redes dat ek hierdie webtuiste geskep het, sodat ’n “Eerlike en openhartige onpartydige gesprekvoering kan plaasvind” teenoor die BSA, want tot op hede (10 Oktober 2012) was dit nog net ’n een rigting en onvolledige verklaring van die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap deur ’n partydige media versprei.

Later in die Referaat sal U stawende bewys lees hoe die Romeinse Katolieke kerk reeds vanaf 1965 in beheer is van elke Bybelvertaling regoor die wêreld is, en daarom is dit nodig dat hierdie Agnostiese (New Age) teologie in hierdie 2016 Afrikaanse Bybelvertaling in vertaal moet word, het sy met “Voetnota” of direkte inskrywings.

Pous Benedict die 16de het reeds op TV verduidelik dat ’n Globale Eenwêreldgodsdienstienswyse dit meer aanvaarbaar sal maak vir ’n Nuwe Wêreldregering Stelsel (New World Order) wat gelei word deur die VVO (Verenigde Volkere Organisasie). Die terminologie wat tans wêreldwyd gebruik word is: “We All Worship The Same God”. Hierdie spreekvorm is besig om mense regoor die wêreld gewoond te maak aan hierdie Onbybelse sienswyse, want Jesus Christus verklaar self: **“DAT HY DIE WEG DIE WAARHEID EN DIE EWIGE LEWE IS”** (Johannes 14:6).

15. Dit was uiters belangrik om hierdie referaat te begin deur die geskiedkundige agtergrond te skets voordat ek by my stawende feite uitkom. Ek stel voor dat U self die webtuiste van die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap besoek, sodat U self hul verduideliking kan lees: www.nuwekerkbybel.co.za.

Die rede vir my protes is nie om die gramskap van die bybelgenootskap,

Die Drie Susterkerke, Die Rooms-Katolieke kerk, andere en sekere politieke instansies onnodig op die hals sal haal nie, maar ter wille van ons kinders, kleinkinders en agterkleinkinders met wie hierdie (New Age) Bybel gaan sit, asook miljoene ander Suid-Afrikaners in Suid Afrika en elders in die wêreld wie “nie” in staat is om hul eie saak teen hierdie (New Age) Bybel en (Die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap) te stel nie. Dit is ooglopend om onmiddelik agtertekem hoe daar met “woorde en sinsnedes” gespeel word wat vir die onkundige lesers onskuldig sal voorkom. Die leser wat die Bybelgenootskap se uiteensetting lees sal sekerlik wonder wie hierdie dr. Hannes Redelinghuys is, dat hy “nie” ook net glo wat in hierdie webblad van Die BSA geskryf staan nie? Ek wil U versoek om nog ’n ander webtuiste te besoek sodat ons verseker tot die volle waarheid kan kom.

Ek is seker dat U “alles” wil weet anders sou U verseker nie nou nog besig gewees het om hierdie onderwerp te ondersoek nie. Dit is ’n tydsame studie maar dit is verseker lewensbelangrik. Ek glo dat elke persoon sal alles in hul vermoë doen om seker te maak dat hul nageslagte (hul kinders, kleinkinders, agterkleinkinders en die volgende geslagte) nie verlore gaan nie, en daarom is dit sekerlik die moeite werd om U te vergewis van “alle” feite om dan self later ’n besluit te neem. Besoek ook nou gerus www.2016vertaling.co.za en ek stel voor dat U elke afdeling hiervan lees voordat U my referaat verder lees.

16. Ek neem aan dat U die genoemde webtuistes deurgelees het, en nou kan ek aan U sekere inligting bekend maak, wat ek reeds persoonlik vanaf (27 Februarie 2012) aan die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap by monde van ds. Gerrit Kritzinger-Hoofuitvoerende beampte, en prof. Combrink die Hoof van die Vertalingskommissie gemaak het, en tot vandag (12 Oktober 2012) het nog nie een van die twee here my openlike antwoorde probeer gee nie, maar intendeel het hulle van die een koerant na die ander, en die een radio stasie na die ander gegaan in ’n poging om hierdie “petisie” van my te probeer stop, deur my te dreig, openlik te beledig, en die een Onbybelse stelling na die ander in die media te versprei, en dit alles sonder enige sukses.

17. Dit is algemeen bekend dat (Jesaja 9:5 en Jesaja 53:1 tot 12) in die 1933 Afrikaanse Bybel, Messiaanse profesieë is verwysend na Jesus Christus wie vir Israel as messias en verlosser gebore sou word. Wanneer daar in Engels of Afrikaans na sekere voornaamwoorde verwys word, (maak nie saak wie die persoon is nie), leer die taalkunde ons, dat die voornaamwoord met ’n “Hoofletter” begin, asook ’n eienaam, sien die inligting volgens die HAT handboek van die Afrikaanse taal 5de uitgawe.

As dit 'n taalkundigereël is moet dit sekerlik ook geld vir die Bybel. Die vraag is dan vir “watter rede” sal die vertalers van die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap dan die Afrikaanse taalkunde totaal en al misken en verdraai om so 'n standpunt in te neem en die name: **Seun, Hy, Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader en Vredevors** volgens (Jesaja 9:5) in “kleinletters” te wil vertaal? Is dit dan nie verdag dat 'n Internasionale spelreël geignoreer word net in die geval met verwysing na “Jesus Christus” in die Ou Testament nie? Die Bybelgenootskap gebruik die argument dat die Grieks en Arameers met “kleinletters” geskryf is. Dit is waar, nou moet die vraag gevra word “watter” Grieks? Want daar is 267 Griekse manuskripte wat met “Hoofletters” geskryf is. As die S.A. Bybelgenootskap dan reg is in hul argument, dan moet elke “ander” voornaam in die Bybel met “kleinletters” geskryf wees en nie net die Naam van Jesus Christus nie?

Wanneer ons ook (Jesaja 53:1 tot12) lees vind ons ook dat alle “hoofletters” verwysend na Christus ook met “kleinletters” vervang gaan word. Wanneer die BSA sy argument voortsit dat hierdie messiaanse profesieë “reeds” in die Nuwe Testament tot vervulling gekom het, en is dit volgens my geletterde vriende dan “nie” meer nodig is om die Naam van Christus in hoofletters te skryf nie, maar sommer net 'n “voetnota” aan te bring met verwysing tot die genoemde profesieë in die Ou Testament. Vir elke regdenkende Afrikaanse Bybel leser behoort hierdie voorstel van die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap ons tot protes te roep.

My volgende vraag aan die BSA is dan: vir watter rede sal julle dan “nie” dieselfde doen by alle ander profesieë wat reeds in die Ou Testament gemaak was, wat in die Nuwe Testament tot vervulling gekom het nie? Is dit dalk omdat die Rooms Katolieke kerk met sy Globale Nuwe Wêreldgodsdienstiens swaart op “aandring” dat dit moet gebeur, omdat die Naam van Jesus Christus bo elke ander (New Age) god, asook Jesus Christus se eie moeder (Maria) verhewe is, en dit mag “nie” geduld word nie? Terwyl ons nou by kleinletters en hoofletters is gee dit aanleiding tot die volgende vraag wat ek aan ds. Gerrit Kritzinger en die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap gestel het, wat hulle tot vandag (12 Oktober 2012) nog “nie” eers probeer beantwoord het nie! Ek wonder net waarom nie?

17. Satan se naam word in die die Ou Testament en ook die Nuwe Testament altyd in “Hoofletters” geskryf. Waarom sal dit so wees en waarom geld dieselfde taal reëls nie ook in hierdie geval nie? Sekerlik as die naam van Satan ook 'n eienaam is, en ons weet reeds dat eiename veronderstel is om met hoofletter geskryf te word, moet dieselfde reël geld waar die Naam van Jesus Christus in die Ou Testament ter sprake is?

My volgende vraag aan ds. Gerrit Kritzinger en die BSA was: Sal julle nadat julle die Messiaanse profesieë waar die Naam van Christus met kleinletters en voetnotas verander is, ook dan die naam van Satan met kleinletters en voetnotas vertaal? As die BSA dan die moed van hul oortuiging het om dit met Naam van Jesus Christus te doen, wat weerhou hulle dan om dieselfde met die naam van Satan te doen? Dit verbaas my nie dat ds. Kritzinger en sy gevolg nog “nie” die moed gehad het om my te antwoord op my e-pos van 6 Maart 2012 nie. Nou moet die vraag gevra word, of julle nie die naam van Satan met kleinletters gaan skryf nie, of “mag” hulle nie, omdat dit juis die werk van “Satan” is om hierdie Nuwe Wêreldgodsdienst (Global Religion) wat deur die Rooms Katolieke kerk, voorgedra word as die antwoord vir hierdie Nuwe Eenwêreldregering wat gaan volg. Dit is ’n uitgemaakte Feit dat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap onder die invloed van die (UBS [The United Bible Society]) funksioneer). Hierdie “feit” sal ek later in sy geheel behandel met genoegsame bewyse om dit te staaf.

19. Volgens ds. Gerrit Kritzinger se eie epos skrywe aan my, word aangehaal dat die 1933 Afrikaanse Bybel uit die oorspronklike brontekste naamlik Arameërs, Hebreëse en Griekse vertaal is, en dat die 1933 Afrikaanse Bybel “nie” ’n woord vir woord vertaling van die 1611 “King James” Bybel is nie, en daarom is die 2016 Nuwe Afrikaanse vertaling nou nodig.

Daar word deur die BSA beweer dat hierdie 1933 Afrikaanse Bybel “onprakties” geraak het vir die tyd waarin ons geleef het. Ons weet reeds dat die 1933 Afrikaanse Bybel nie meer van politiese waarde was met die totstandkoming van die Nasionale Party in 1948 nie, en daarom weet ons ook reeds dat die 1953 Afrikaanse Bybelvertaling bedoel was om die Nasionale Party te help, om sekere politieke motiewe “moreel” aanvaarbaar te maak vir elke Afrikaans sprekende Bybel leser. My vraag aan die BSA was as julle dan geweet het dat die 1933 Afrikaanse Bybel volgens die Textus Receptus brontekste vertaal was, waarom was dit dan nodig dat die BSA die 1953 Afrikaanse Bybel daar moes stel? Wat ons onmiddellik waarneem wanneer ons die 1933 Afrikaanse Bybel met die 1953 Afrikaanse Bybel vergelyk, is dat dit meeste van die tyd net woorde en sinsnedes is wat verander is, en “nie” ’n totale Bybel verandering soos die 1983 Bybelvertaling nie.

Kom ek neem die argument net nog verder, Vir watter rede het die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap toe hulle die 1983 Afgewaterde Bybelvertaling geonderneem het, nie sommer ook “alles” wat nou in die 2016 Nuwe Afrikaanse vertaling gaan wees toe ook reeds in vertaal nie? Die antwoord is so duidelik soos dag lig, omdat dit finansieel

voordelig is vir die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap om aanhoudend met sekere Bybelvertalings besig te wees, want dit sit brood op die tafels van elke voltydse geletterde wie in diens van die BSA is, en daarvoor is sekere mense bereid om die ewige lewe prys te gee, ter wille vir “dit” wat hulle maandeliks kan ontvang. Vir hierdie rede sal Bybelvertalings nooit in der ewigheid ophou nie, en daarom het Prof. Combrink reeds in die Kerkbode van 20 April 2012 verduidelik dat “Na” die 2016 Bybelvertaling, die “volgende” Bybelvertaling ongeveer 30 tot 40 jaar “later” sal verskyn.

Net so terloops as hierdie 2016 (New Age) Bybelvertaling dan volgens Prof. Combrink die “perfekte” vertaling gaan wees, vir watter rede maak hy nou reeds voorspraak vir ’n “volgende” Bybelvertaling oor 30 tot 40 jaar?

Die S.A. Bybelgenootskap beweer dat volgens die “oorspronklike bronteks” daar nie hoofletters gebruik word nie, wat natuurlik eenhonderd persent reg is. Wat natuurlik die Nestle Aland verwerkte teks is van Westcott en Hort, (die Rooms Katolieke bronteks) is. Vir hierdie rede voer hulle dan nou aan moet die Naam van Christus en alle verwysings na Hom in alle Messiaanse profesieë met kleinletters vertaal word. Dit is belangrik om te sien hoe die BSA veralgemeen wanneer hulle sê: “die bronteks sê”. Alle ander eiename soos Moses, Dawid, Job, Jesaja, in die Ou Testament moet ook volgens die BSA se redenasie met “kleinletters” geskryf word. Terwyl die BSA dan ook “voetnotas” wil gebruik om te verwys na Jesus Christus in die Ou Testamentiese Messiaanse geskrifte, is hierdie dan die regte rede waaom dit so gebruik moet word? Vir watter rede is dit geheel en al nodig om aan Jesus Christus se woordwaardes te verander? Onmiddellik sal die BSA sê dat voetnotas prakties is. My vraag is dan weer waarom “net” die Naam van Jesus Christus in die Messiaanse profesieë uitvertaal? Omdat hierdie Naam van Christus die grootste enkele bedreiging is vir hierdie (New Age) godsdiens, en Satan self die god en regeerder van hierdie Nuwe Wêreldordegodsdiens is.

Ek vertrou dat hierdie redenasie van die BSA totaal en al ontbloot is van alle waarheid, omdat die redes wat hulle aanvoer so deurspek is met onwaarhede. Wanneer ek nou weer die volgende vraag aan die BSA stel, sal U self sien hoe deursigtig hierdie organisasie is wat veronderstel is om die lig en die Godheid van Jesus Christus te weerspieël. Hierdie volgende gedeelte is van uiterste belang, omdat baie min gewone kerkgangers aan hierdie tipe informasie binne die kerke bloot gestel word.

20. Wie was Westcott en Hort?

As U die antwoord op hierdie vraag geken het, sou U onmiddellik geweet het vir watter rede hierdie 2016 (New Age) Bybel beplan en vertaal moet word. Die verdraaide en verwronge “Critical Text” (naamlik die Nestle Aland teks van Westcott en Hort), wat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap beplan om as “bronteks” vir hierdie 2016 Nuwe (New Age) Bybelvertaling te gebruik. Dan praat ons nog nie eers van die “Alexandriëse manuskripte.” (Egiptiese manuskrip) wat “net so bekend is” as een van die vervalste en opsetlik verdraaide manuskripte, wat Westcott en Hort se bronteks is vir die verwerking van die Nuwe Griekse Nuwe Testament teks, naamlik die Nestle Aland teks, Wat die BSA “nie” vir die Afrikaanssprekende Bybel lesers vertel nie, is dat hierdie Nestle Aland teks van Westcott en Hort reeds met die vertaling van Die 1983 Afrikaanse Bybel as “bronteks” gebruik was. Daarom is dit nie vreemd dat daar 1,960 weglating van woorde in hierdie 1983 Bybel is nie, dan praat ons nie eers van die meer as 40,000 woorde wat verander is na niksseggende woorde, sonder enige werklike betekenis nie. Wat ek nou wil doen is om vir U die “Voorwoord” van Die 1983 Bybel woord vir woord te lees soos wat dit in die 1983 Afrikaanse Bybel verskyn, en dan vir U my beskeie mening gee.

Die Voorwoord In die 1983 Bybel.

Die vertaling van die Bybel in Afrikaans wat hiermee aangebied word, is die vrug van vertaalwerk wat in 1970 begin is. Die doel was ’n vertaling wat rekening hou met die ontwikkeling in Afrikaans in die afgelope jare (Onmiddelik word die gedagte geskep dat Die 1933 Afrikaanse Bybel “onder ontwikkel was), en met die resultaat van wetenskaplike ondersoek; (naamlik die teks van Wescott en Hort), ’n waardige vertaling waardeur Afrikaanssprekendes aangespreek word, binne en buite die kerk, in die ere dienste en in huislike gebruik, in ons teenwoordige situasie en tyd. (Wanneer hier in hierdie laaste gedeelte verduidelik word [in ons teenwoordige situasie en tyd] word daar eintlik gesê dat hierdie 1983 Bybel vir die 20ste eeu geskryf is, en dat die 1933/53 Bybels verouderd is).

Wanneer ek nou die volgende gedeelte uit die voorwoord vir U lees, is dit uiters belangrik dat U sal oplet hoe die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap, geweldige geletterde woorde gebruik, om die gewone Bybel leser totaal en al te oorrompel, terwyl elkeen van hierdie verwysings wat hier gebruik word “vervalste en verdraaide” tekse van die Rooms Katolieke kerk is. U sal onthou dat ek reeds voor in hierdie referaat op (bladsy 3) vir U verduidelik het watter “vervalste” tekse Wescott en Hort gebruik het vir die verwerking van die Nestle Aland teks, wat totaal en al ’n Rooms Katolieke goedgekeurde teks is. Kom ons lees verder.

As grondteks vir die Ou Testament is die Biblia Hebraica Stuttgartensia (1977) gebruik. Hierdie weergawe van die Hebreerse, en gedeeltelike Aramese grondteks is gebaseer op die oudste volledig behoue manuskrip (Wat geheel en al 'n Rooms Katolieke verwerkte manuskrip is. Nou word die manuskrip en sy ouderdom aangehaal), die Codex Leningradensis (1008 n.C.) . Gegewens uit ouer manuskripte is in die teksuitgawe bygewerk. (As hierdie laaste sinsnede waar was sou die BSA verseker verwysings genoem het, wat “nie” die geval is nie).

In die volgende gedeelte van die voorwoord verwys die BSA na die “Wêreldbond van Bybelgenootskappe,” wat totaal en al deur die (UBS) United Bible Society beheer word, wat op sy beurt weer deel uitmaak van die Rooms Katolieke kerk. Later in hierdie referaat sal ek verder uitbrei op hierdie gedeelte. Kom ons lees verder. Vir die Nuwe Testament is gebruik gemaak van die Griekse grondteks soos gepubliseer deur die Wêreldbond van Bybelgenootskappe onder die titel: The Greek New Testament, derde uitgawe (1975)

Wanneer die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap die aankondiging maak met verwysing tot hierdie 1983 Afrikaanse Bybel, vertel hulle “nie” vir die Afrikaanse Bybel lersers, dat “dit” juis die rede is dat meer as 1,960 woorde totaal en al uit die 1983 Afrikaanse Bybel weggelaat sal wees nie. Ek sal aan die einde van hierdie referaat vir U 'n “verkorte” lys van Bybelse Verwysings wys (aansluiting “**B**”) waar woorde, versgedeeltes en volle verse geheel en al uit die 1983 Afrikaanse Bybel “weggelaat” is, wat deel van Die 1933 Afrikaanse Bybel was, en dan kan U self besluit vir watter rede dit gedoen is, en of dit steeds “Die Ware Woord” van God genoem kan word?

Kom ons lees die laaste gedeelte van die “voorwoord” van die 1983 Bybel. Dit lees verder Die woordelys agterin (die Bybel) lig minder bekende sake en onderwerpe toe. Die nuwe vertaling word aangebied met die bede dat dit mag dien om die Woord van God in te dra in die hart en lewe van almal wat Afrikaans praat.

Nadat ons hierdie laaste paragraaf gelees het besef ons onmiddellik dat hierdie Suid Afrikaanse Bybelgenootskap “nie” sal skroom om mooi woorde te gebruik om “oningeligte” mense totaal en al te oorrumpel, terwyl hulle reeds weet dat hulle die ware Woord van God (Die Textus Receptus Manuskrip en die 1933 Afrikaanse Bybel totaal en al verkrag het, deur hierdie 1983 “Afgewaterde” Bybel.

Die rede dat ek vir U hierdie voorwoord in die 1983 Afrikaanse Bybel uitgewys het,

is dat U kan beseef wat Westcott en Hort gedoen het en dit is hierdie “selfde bronteks” van Westcott en Hort wat as “bronteks” vir die 2016 (New Age) Bybel gebruik gaan word. Met hierdie agtergrond sal U nou beseef wie en wat Westcott en Hort was.

Westcott en Hort was twee geleerdes wie “nie” die Godheid Van Jesus Christus erken of in geglo het nie. Brook Foss Westcott (1825-1903) en ene Fenton John Anthony Hort (1828-1892) was twee nie-christelike Anglikaanse predikers, wie in die Alexandriëse filosofie geglo het, en dat daar “nie” ’n perfekte Bybel bestaan nie, terwyl die 1611 “King James” Bybel reeds vanaf 1611 bestaan het, en reeds vir eeue as die “enigste ware” Woord van God gereken was.

’n Opmerklike feit is dat Westcott en Hort altwee geglo het dat die hemel net in hulle gedagtes bestaan, en dat elke mens van dag tot dag met die dooies kan kommunikeer. Hulle het altwee aan ’n geestelike gemeenskap behoort wat as “The Ghostly Guild” bekend was. Wat U nooit moet vergeet nie is dat Westcott en Hort al twee geweldig geletterd was, en daarom die vermoë besit het om mense met hul skrywe en dogmatiek te oorrompel. Daarom vind ons dit dan ook nie vreemd dat selfs die BSA reeds in die 1983 Afrikaanse Bybel en nou weer vandag (2012) hierdie Agnostiese sienswyse en dogmatiek van Westcott en Hort in hierdie Nuwe Bybel van 2016 wil in vertaal nie. Ek is so bang U mis van hierdie waardevolle inligting en dit gaan heelwat spasio opneem as ek alles moet noem, en daarom gaan ek nou weer vir U hierdie volgende webtuiste gee <http://www.themoorings.org/doctrine/doct.html> dat U self eers weer net kan gaan lees wat Westcott en Hort presies gedoen het. Die enigste rede dat ek aandring dat U die webtuiste self lees is sodat U op die einde van hierdie dokument self ’n besluit kan neem. Gaan lees nou eers weer die webtuiste, rol nou af op dit wat nou oopgemaak is tot by: **Revelation of Westcott and Hort Bible studies at the moorings.** Kliek hierop en lees.

21. My volgende vraag aan ds. Gerrit Kritzinger was: “Wat is die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap se verhouding met die Roomse Katolieke kerk, en wat se betrokkenheid het hulle by enige Bybelvertalings In Suid-Afrika?” Sy antwoord aan my was dat die Rooms-Katolieke kerk “geen” betrokkenheid by enige Bybelvertalings in Suid-Afrika het nie. Hieronder volg ’n paar feite. In die skrywe van “Wil Ons ’n Ou Testament Sonder Christus Hê?” (2008:7) word vroeë gevra, en ’n tweede vraag in hierdie publikasie word gevra (Bl 7): “Waar kom die probleem vandaan?” Wie of wat sit agter die probleem wat Christus uit die Ou Testament wil verdring? Dan antwoord die skrywer self:

“Hier volg twee voorbeelde van instansies wat ’n invloed op die Afrikaanse teologie kon hê”. Eerstens verduidelik die skrywer dat die liberale tendense vanaf verskeie oorsese Universiteite na Suid-Afrika oorgespoel het. Vroeër in die referaat het ek reeds vir U verduidelik hoe verskillende Bybelvertalings in Amerika die land tot ’n geestelike, politieke en morele val gebring het, met min of sonder enige Bybelse waardes. Die skrywer beweer dat die tweede invloed vanuit die Rooms-Katolieke kerk genoem moet word. Hierdie stawende bewyse verklaar hoe die Rooms Katolieke kerk by elke Bybelvertaling in hierdie wêreld betrokke was en is, en meeste van die tyd aan die hoof staan van hierdie verskillende vertalings.

Hier word verwys na die publikasie: *Working together for the Word (Subtitle) Celebrating 40 years of fruitful co-operation*, wat in 2005 verskyn het. Hierdie boeke is deur die Wêreldbond van Bybelgenootskappe (of WBG) ook bekend as: The United Bible Society (Of UBS) uitgegee. Die volgende inligting is geweldig belangrik. Die WBG het in 1964 tot stand gekom. Aanvanklik was daar nie samewerking tussen die WBG en die Rooms-Katolieke kerk nie. In 1965 het die Rooms-Katolieke kerk, tydens die tweede Vatikaan Konsilie “the Dei Verbum” dokument uitgereik. Die besluit is toe geneem dat die Rooms Katolieke kerk en die WBG (*Waarvan die BSA ook ’n volwaardige lid is*) sou saamwerk en dit as eenparig so aanvaar. Vanaf 1965 is dit alombekend dat die Rooms-Katolieke kerk verteenwoordiging het op alle Nasionale rade van Bybelgenootskappe wêreldwyd, en is hulle hierdie Romeins Katolieke kerk wie die voorstanders is van hierdie Agnostise Nuwe Wêreld Globale Een Godsdienstelsel betrokke by gesamentlike Bybel vertalingsprojekte en Bybelverspreiding

Dit is uiters belangrik dat U sal oplet dat hierdie Romeins Katolieke kerk besondere klem lê op die “**Inter-Konfessionele**” benadering van die bybel vertaling. (sien bylaag “A”) Dit beteken dat alle nuwe vertalings beide die Rooms-Katolieke kerk en die Protestante kerke se belydenis “moet” akkommodeer. In 1968 is ’n baie belangrike dokument gesamentlik deur die Rooms-Katolieke kerk en die WBG uitgereik. Dit was getitel: *Guiding Principles for Interconfessional Co-operation in Translating the Bible*.

Hierdie dokument met sy inhoud sou die riglyn word waarvolgens “alle” Bybelvertalings vanaf 1969 vertaal sou word. Dit word genoem “**DIE MODEL VAN ALLE INTER-KONFESSIELE VERTALINGS**” en behoort elke haar, op U lyf te laat regop staan. Dit is die rede waarom die 1983 Afrikaanse Bybel totaal en al afgewater is, en sy teologiese krag totaal en al verlore is.

Met al hierdie genoemde feite kan ek nou verstaan waarom 1,960 Skrifgedeeltes van die 1933 Afrikaanse Bybel, in die 1983 Afrikaanse Bybel geheel en al verdwyn het, hulle is nie eers vertaal nie maar is sommer net weggelaat. Dan praat ek nie eers van die 40,000 minderwaardige woorde en woord waardes wat in die 1983 Bybel in vertaal is nie. Sommige van hierdie nuwe woorde en verwysings het “geen betrekking” tot die onderwerp wat bespreek word nie. Nou dat ons presies weet wie aan die hoof is van ons Suid Afrikaanse Bybelgenootskap is, is dit seker nie meer vreemd dat hierdie Agnostiese Afrikaanse Bybelvertalings aan die algemene Afrikaanse Bybel leser en kerke gepromoteer word nie. Dit is ooglopend waar die invloed vandaan kom en wat hul doelstelling is.

Feitlik onmiddellik nadat die Katolieke Kerk en die Wêreldbond van Bybelgenootskappe in 1969 hul Interkonfessionele (New Age) riglyne neergelê het, word ene Prof. Carlo Maria Martini by Bybelvertalings betrek, let op na hierdie Rooms-Katolieke invloed. Hy het dan ook later 'n kardinaal geword. Talle ander Rooms-Katolieke teoloë sou in die jare wat kom volg. In 1969 is: “*The World Catholic Federation for the Biblical Apostolate*” (Of WCFBA) ook gestig. Hieruit het “*The Catholic Bible Federation*” ontstaan wat vandag (2012) nog steeds wêreldwyd by elke Bybel Vertalingsprojek betrokke is.

Die Vatikaan (hoofkantoor van die Rooms Katolieke kerk In Rome) reik ook 'n verklaring uit dat die werk van die WCFBA die belangrikste deel van die “*Secretariat For Promoting Christian Unity*” is. Waarom? Omdat Die Rooms Katolieke kerk aan die hoof staan van hierdie Nuwe Wêreldgodsdienste en die Globalisering of aanvaarding hiervan. Die Katolieke kerk het besef dat die enigste manier om hierdie Agnostiese godsdienste te dryf, is as hulle in beheer is van “alle” Bybelvertalings wêreldwyd. Onmiddellik sal hierdie Nuwe Bybelvertalings ook dogmatiese sienswyse en leerstellings van hierdie Agnostiese gelowe kan huisves, omdat oningeligte Bybelleesers dan hierdie dogmatiese sistematiese sal absorbeer en dan gewoon raak hieraan. Net soos baie Suid Afrikaners en vele kerke onwetend die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling aanvaar as die ware Woord van God, terwyl dit geheel en al verskil met die 1933 Afrikaanse Bybel, wat soos U reeds weet dan ook 'n woord vir woord vertaling van die 1611 “King James” Bybel is.

Wat ons nie moet vergeet nie is dat deel van die Rooms Katolieke kerk se dogmatiek is, dat gewone mense gered kan word of saligheid kan verkry net deur goeie werke. Dit beteken dat gewone mense self saligheid of redding kan bewerkstellig, en “nie” meer van die Genade van Jesus Christus afhanklik is nie,

wat totaal en al teen die beginsels van die Protestante kerke en die Woord van God is.

Nadat U nou al hierdie inligting gelees het is my vraag dan hoe is dit dan moontlik dat ds. Kritzinger ooit die uitlating kan maak, dat Die Rooms Katolieke kerk “geen invloed” in hierdie 2016 Afrikaanse Bybelvertaling het nie? maar in dieselfde epos verduidelik hy self dat die Afrikaanssprekende Rooms Katolieke kerke in Suid-Afrika een van die denominasies (kerke) was wat hierdie Nuwe 2016 Bybelvertaling aangevra het. Wanneer hierdie genoemde “kleinletters en voetnotas” in die 2016 Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling in vertaal is, sal die bogenoemde onthulling deel wees van ons alledaagse Bybel, wat dan elke Agnostiese godsdiens (New Age god) ’n gelykmatige staanplek in ons Protestante Bybel sal gee, en ons as Protestante moet maar net tevrede wees met dit wat hierdie Suid Afrikaanse Bybelgenootskap aan ons as kinders van die lewende God wil voorhou as die Woord van God?

Ons moet ons nie laat vang met die BSA se verklaring dat meer as 143 vertalers aan hierdie (2016) vertaling werk nie. Hierdie 143 vertalers kan skryf net wat hulle wil maar ten laastens lê die “finale besluitneming” wat in hierdie 2016 Bybel gaan verskyn, by ongeveer sewe verteenwoordigers van die BSA. Ek daag die BSA om die name van die sewe mense asook hul kerklike denominasies bekend te maak. Ek stel ook voor dat gelykmatige Onafhanklike Demokratiese verkose lede teenwoordig wees om te help om die finale besluit te neem. Dit sal die BSA en sy alliansie van Agnostiese vennote nooit toelaat nie. Onthou maar net weer (2 Timòteüs 3:16) “Elke Woord is deur God ingegee....” Is U tevrede hiermee?

Die volgende onderwerp waarna ons sal moet kyk is die “Apokriewe” boeke wat in hierdie 2016 (Ne Age) Bybel in vertaal gaan word, het sy met voetnotas, gedeeltes van die boeke, of boeke in hul geheel.

22. Wat is Apokriewe boeke?

Dit is opgrawings van verskillende boeke wat glo eeue oud is wat in latere jare gevind is. Die sekulêre humanistiese, agnostiese mense of bewegings in die wêreld beweer dat hierdie Apokriewe boeke eintlik deel van ons Protestante Bybel moet wees, omdat Die Rooms-Katolieke kerk met die skryf en vertalings van die Bybel, hierdie Apokriewe boeke glo uitgelaat het. Hierdie stelling is totaal en al onwaar omdat dit juis die Rooms-Katolieke kerk is wie nou (2016) hierdie Apokriewe boeke in ons Protestante Bybel in vertaal wil hê.

Ek het ds. Kritzinger aangespreek en verduidelik dat ek inligting het dat hierdie Apokriewe boeke in die Bybel van 2016 ingeskryf gaan word. Onmiddellik het ds. Kritzinger in 'n skrywe aan my dit ontken, maar dat net “sekere” gedeeltes van hierdie Apokriewe boeke as “voetnotas” in die 2016 Bybel aangebring sal word. Ds. Kritzinger onderskat mense se intellegensie en is deeglik daarvan bewus dat “voetnotas” ook deel van die Bybel vorm, ongeag of die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap die Apokriewe boeke as “voetnotas” of hele boeke in die (Nuwe New Age) Bybel gaan aanbring, want dit vorm steeds deel van die Bybel, wat dan bekend sal staan as “Die Woord van God.”

Deur Apokriewe boeke in te skryf in die Nuwe Bybel kry hierdie Agnostiese godsdiens 'n staanplek in ons Suid Afrikaanse (Afrikaanse) Protestante Bybel, en word dit nou in die 2016 (New Age) Bybel as “voetnotas” aangebring, net om as 'n “volwaardige deel” van die vertaling van 2040 wat sal volg op die 2016 vertaling, wat as die Woord van God gereken sal word. So is dit dan ook baie maklik om die Naam van Jesus Christus in die daaropvolgende vertaling (van 2040) geheel en al weg te laat.

Presies dieselfde het gebeur met die vertaling van die 1933 Afrikaanse Bybel na die 1983 Bybelvertaling. Skrifgedeeltes is uit hierdie 1983 vertaling uitgelaat en verkeerdelik vertaal. Die algemene oningeligte Bybel leser het nou hieraan gewoond geraak, en nou moet die doodskoot kom deur al hierdie Agnostiese aanhangsels en kleinletters in hierdie 2016 Bybel in te vertaal, wat “nooit weer” daaruit verwyder sal word nie. Hierdie Apokriewe boeke was nog nooit en mag nooit as deel van die Woord van God in ons Afrikaanse Protestante Bybel in vertaal word nie. As ons dit enigsins toelaat dan sal dit “nooit weer” uit die Bybel verwyder word nie.

Ek haal weer die Kerkbode van 20 April op (bladsy 13) woord vir word aan: “Hoewel die nuwe vertaling die bronteks so getrou as moontlik sal weergee, (dit sê so getrou as moontlik), is dit nie 'n “letterlike vertaling” nie. Anders as die vorige Afrikaanse vertalings sal meer voetnotas gebruik word (om die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap en sy Agnostiese vennote se blye boodskap uit te dra). Om die probleem in die bronteks te verduidelik. (Hoekom nou 'n sekere bronteks gebruik as hulle reeds weet dat daar probleme met die “bronteks” gaan wees, wat hulle wil gebruik?) As ook om die geleentheid te skep waar “ander vertalings” moontlikhede of sosiokulturele, (agnostiese, Afrika gode en Sataniëse afgodery inligting oor te dra. Waarom gebeur hierdie veranderinge net in die Protestante Bybel en nie ook in die Rooms Katolieke kerk se eie Bybel naamlik “The Fathers” nie?

Kyk nou mooi hoe word oningeligte gemeentelede gevang met mooi woorde. Naas die gewone uitgawe met kleinletters sal 'n "Tweede Bybel" met hoofletters terselfdetyd verskyn vir die "Beswaardes." (Die Pinkster kerke en ander. Kyk nou mooi wat verskyn in hierdie Bybel). Sal 'n uitgawe verskyn wat die Deutero Kanonieke of Apokriewe boeke bevat, aangesien die Katolieke, Lutherse en Anglikaanse kerke (wie almal dogters van die Katolieke kerk is) reeds die Apokriewe boeke gebruik? (My vraag is weer waarom is dit nodig dat as hierdie Katolieke kerke en haar dogters hierdie Apokriewe boeke gebruik, moet dit nou ook in die Protestante Bybel ingeskryf word? Onmiddellik het ons meer as 66 boeke in die Bybel en is dit "nie meer" die Kanon wat die volle Woord van God is nie, en daarvolgens word die Woord van God verder verander om by hierdie Agnostiese Kerke en Universiteite aan te pas).

Luister nou na die volgende "versinsel" wat Prof. Combrink nou weer kwytraak.

"Die selfe praktyd is met die 1933/53 vertalings gevolg." Hierdie is die grootste leun, want soos u reeds weet was die 1933 Afrikaanse Bybel 'n "Woord vir Woord" vertaling uit die 1611 "King James" Bybel gewees. Kyk hoe verdedig die Prof. nou weer hierdie Agnostiese BSA se daade, wanneer Hy sê: "Die Apokriewe boeke bevat onder meer "belangrike historiese inligting" oor die tydperk "tussen die Ou en Nuwe Testament," (wat verseker net van toepassing is op hierdie Agnostiese dogmatiek, anders was dit reeds in die woord van God gewees. As Eskatologiese kenner voorspel ek dat as die kerke toelaat dat "dit" wat beplan word deur hierdie Katolieke en Agnostiese Bybelgenootskap plaasvind, dat dieselfde gaan gebeur as met die 1983 Bybelvertaling. Toe ons moes optree om die 1983 Bybel te "verhoed" het ons die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap met al sy mooi praatjies vertrou. Mense mag nooit sê hulle was nie ingelig nie. Ons mag hierdie BSA met sy Agnostiese vennote net "nooit weer" vertrou nie! Hulle moet al die tyd dopgehou word waarmee hulle besig is, om te verhoed dat dit publiseer word. "Want baie—van wie ek julle dit dikwels gesê het en nou ook onder trane sê, wandel as Vyande van die Kruis van Christus. Hulle einde is die verderf, hulle god is die buik en hulle eer is in hulle skande; hulle bedink aardse dinge. Want "ons" burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus," (Filippense 3:18 tot 20.[1933 Afrikaanse Bybel]).

23. Wat van Twee Nuwe Afrikaanse Bybelvertalings gelyktydig? In my heel eerste gesprek met Prof. Combrink Voorsitter van die vertalings raad van die BSA, het ek hom uitgevra oor die Tweede Bybel wat met "Hoofletters,"

vir sommige van die Afrikaanse Pinksterkerke en ander kerke wie “nie” saamstem met hierdie “kleinletter” vertaling nie. Hy het persoonlik aan my verduidelik dat in (2016) daar ’n Nuwe-Afrikaanse Bybelvertaling met kleinletters met verwysing na die Ou Testamentiese Messiaanse profesieë gaan verskyn, en ter selfde tyd (2016) ’n “Tweede” Afrikaanse Bybelvertaling met “Hoofletters” vir sommige van die Pinksterkerke en ander kerke wie dit wil gebruik. Onmiddellik was my volgende vraag of die BSA dan vir “elke” ander kerk in Suid-Afrika wie ook “Nie” met hierdie kleinletter (New Age) Bybelvertaling saamstem nie, en verskillende dogmatieke sienswyses het, ook elkeen hul “Eie Bybel” sal vertaal wat by hulle leerstelling pas? As die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap bereid is om dit vir sommige van die Pinksterkerke en ander te doen, dan moet hulle bereid wees om vir “elke ander” Afrikaanssprekende kerke in Suid Afrika ook dieselfde te doen. Ongeveer ’n maand later was ek in telefoniese gesprek met die hoof uitvoerende beampte (CEO) van die BSA ds. Kritzinger oor hierdie selfde saak. Ds. Kritzinger het my persoonlik verseker dat daar “geen sprake” van ’n Tweede Afrikaanse vertaling vir die Pinksterkerke is nie, maar dat “voetnotas” met hierdie verband in hierdie kleinletter 2016 Bybelvertaling aangebring gaan word.

Twee weke later het ek met Dr. Isak Burger (Voorsitter/Moderator) van die AGS Kerk, (een van die grootste pinkster kerke in Suid Afrika) persoonlik gepraat, en hy het aan my verduidelik dat die Hoofstroom Pinksterkerke van Suid-Afrika en die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het “Reeds” samesprekings gehad. Volgens hom het die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap onderneem om ’n “Tweede” Afrikaanse Bybel gelyktydig in 2016 vir die kerke wie “nie” die kleinletter bybel wil aanvaar nie te voorsien. Prof. Combrink en ds. Gerrit Kritzinger weerspreek mekaar gedurig. Volgens prof. Combrink en dr. Isak Burger se verduidelikings gaan daar verseker in 2016 Twee Verskillende Afrikaanse Bybels gelyktydig verskyn, een met kleinletters en een hoofletters. Ek het in ’n skrewe aan die S.A. Bybelgenootskap die finansiële aspek van ’n tweede vertaling bevraagteken, aangesien die kostes daarvan ook nie dit regverdig om ’n Bybelvertaling vir elke kerk uit te bring nie, en ’n Nuwe Bybelvertaling reeds meer as 6.5 miljoen rand kos. Elkeen van hierdie Bybels sal “Verskillende” uitsprake lewer oor “dieselfde onderwerp” wat bespreek word, en dan sal daar nooit ’n teologiese kompromie gevind word vir sake van belang nie, want elkeen gebruik ’n Bybel met verskillende woord waardes.

Die Nuwe Wêreldgodsdienstige beweging streef presies na wat nou besig is om te gebeur. Dit is om die ware woord van God tot so ’n mate af te water dat dit totaal en al kragteloos moet wees. Aan die Pinkster kerke van Suid-Afrika,

asook ander kerke wie “reeds” toegestem het tot hierdie Tweede Bybelvertaling moet ek vra? Besef U met wie en wat U besig is? Sonder dat U dit dalk voorheen besef het, het U ingestem om presies in die hande van hierdie Nuwe Wêreld (Globale) Godsdienstelsel in te speel.

Dit mag vandag 2012 goed lyk om terwille van eenheid 'n kompromie met die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap en die Rooms Katolieke kerk aan te gaan, maar wat U nie nou besef nie, is dat U kinders, kleinkinders en agterkleinkinders met die gevolg van hierdie 2016 (New Age) Bybel gaan sit, en hulle “magteloos sal wees” om iets daaraan te doen as gevolg van die besluite wat ons in (2012) geneem is. Dit sal vir die nageslagte onmoontlik wees om ooit weer die Ware Woord van God te lees, en die skade wat aangerig is sal onherroeplik wees, omdat die 1933 Afrikaanse bybels uitgefaseer sal word en net hierdie 2016 (New Age) Bybel dan beskikbaar sal wees om te lees. Selfs al word 'n Bybel gedruk wat uit hoofletters bestaan sal hierdie Bybels net vir 'n “sekere tyd” deur die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap gedruk word, waarna hulle “weer sal verseg” om dit te druk, soos dit reeds vir jare die geval met die 1933 Afrikaanse Bybel is.

Vir watter rede wil die BSA nie meer die 1933 Afrikaanse Bybel druk nie? Volgens my is dit omdat die 1933 Bybel die Antichris en 'n Nuwe Wêreldgodsdienst totaal en al ontbloot. Vra vir die BSA wie is hierdie Babiloniese Hoer Moeder in (Openbaring 17:1 tot 14) wie op die skarlakenrooi dier vol godslasterlike name sit, met 'n “Goue Beker” in haar hand, vol van “die gruwels” en dronk van die bloed van die heiliges (kinders van God) en die (wie gesterf het vir die) getuies (van Jesus Christus). Dit is sulke skrifgedeeltes wat die Rooms Katolieke kerk vir bykans 2,000 jaar ontbloot het, en wat nou totaal en al uitvertaal, weggeskryf of weggelaat moet word. Wanneer ek na seker mense van God luister wonder ek somtyds of hulle regtig besef met wie en wat ons vandag (2012) te doen het?

Voordat ek by die finale opsomming kom, wil ek weer vir U woord vir woord lees wat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap op internet en in die pers versprei het. Wanneer ek klaar is, gaan ek net 'n kort samevatting vir U gee. U sal vind dat ek hierdie koerant verklaring van die S.A. Bybelgenootskap in gedeeltes van die alfabet (A) en verder opgedeel het. Die rede hiervoor is dat wanneer ons dit gaan bespreek dit net makliker sal wees om te doen, as wat dit net een lang berig sou wees.

24. A. Die S A. Bybelgenootskap se persverklaring:

Ek verwys na die persverklaring in die Kerkbode soos op 16 Maart 2012. Die berig begin as volg: "... 'n "storm" is aan die broei oor die Nuwe-Afrikaanse vertaling van die bybel waaraan die bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) se vertalers tans werk, 'n groep "Beswaardes" het met ernstige aantygings teen die nuwe vertaling vorendag gekom"

B). Hulle beweer dat onder meer die vertalers misken die Heilige Gees, en vertaal Jesus uit die Ou Testament weg. Hulle is ook ontevrede omdat die proefvertaling in Génesis se inleiding daarna verwys as 'n boek wat saamgestel is uit verhale wat uit verskillende tye en omgewings kom. (Ds. Gerrit Kritzinger van die Bybelgenootskap gaan voort deur die volgende aan te haal). "Een van die hoof beswaarmakers is ds. Danie Haasbroek van Pretoria. Ds. Haasbroek het aan die Kerkbode gesê die gebruik van kleinletters wanneer daar in die Nuwe Testament na Ou Testamentiese teks verwys word wat op Jesus dui, is niks anders as kettery nie."

C). Ds. Haasbroek sê hy het egter niks te doen met 'n petisie wat tans die rondte doen nie. (Dit is natuurlik my petisie waarna verwys word) Mense word daarin versoek om "teen" hierdie Bybelvertaling op te tree. Ds. Haasbroek voel egter baie sterk daaroor dat Jesus op geen manier in die Ou Testament ontken mag word nie.

D). Die Uitvoerende Hoofbestuurder van die BSA ds. Gerrit Kritzinger sê hy wil dit baie duidelik stel dat die Drie Enige God Vader Seun en Heilige Gees vir die BSA en die vertalers ononderhandelbaar is. Ons sal nooit soos in die e-pos beweer word, Die Godheid van Christus misken nie. Sodanige bewerings tas die integriteit en geloofsoortuiging van die BSA en die vertalers aan.

E). Ds. Kritzinger sê die BSA vind dit uiters ontstellend dat mense sulke "oningeligte aannames" per epos versprei en ervaar dit as "blatante verdagmakery."

F). Hy sê die vertalers van hierdie bronteksgeoriënteerde vertaling eerbiedig die Nuwe Testament en verstaan van bepaalde gedeeltes in die Ou Testament en aanvaar onomwonde die Ou Testament as deel van die Christelike Bybel.

G). Daarom is daar byvoorbeeld besluit om in al die gevalle waar die Nuwe Testament na Christus verwys, daardie teks in die Ou Testament met 'n "Voetnota" gemerk sal word. In die Nuwe Testament sal daar ook na die betrokke Ou Testamentiese gedeelte terugverwys word.

H). Die Nuwe Vertaling se webtuiste kan besoek word by: www.nuwekerkbybel.co.za vir meer inligting. In Kerkbode van 20 April verskyn 'n onderhoud met Prof. Bernard Combrink, projekteer van die vertalingskommissie”.

Nadat hierdie eensydige berig in die Kerkbode verskyn het, het ek onmiddellik 'n epos aan die Kerkbode se bestuur gestuur, waarin ek hierdie hele saak stap vir stap verduidelik het, en hulle genooi om met my persoonlik 'n onderhoud te kom voer, of om eerder die volle inhoud van my epos wat ek aan die Kerkbode gestuur het “net so” in die volgende uitgawe van die Kerkbode te plaas. Tot vandag (12 Oktober 2012) was ek nog nooit deur enige persoon van die Kerkbode gekontak nie. Ek wonder hoekom nie? Het die Kerkbode en die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap met hul Agnostiese alliansie dalk iets om weg te steek?

Wat U my nou moet vergun is om hierdie media verslag wat aanhoudend na verwys word te verduidelik. Vir hierdie rede het ek dit alles weer alfabeties genommer. Wanneer enige oningeligte persoon hierdie verslag lees sal hulle dink dat ek totaal en al kranksinnig is , om sulke aantygings teen die BSA te maak, maar omdat U reeds hierdie hele verklaring van my tot op hierdie stadium gelees het, besef U lankal dat ek verseker “nie so is nie” en in teendeel totaal en al ingelig is met verwysing tot hierdie bespreking.

A). Eerstens verwys ds. Gerrit Kritzinger na 'n storm wat aan die broei is oor die Nuwe Vertaling waaraan die vertalers tans werk. Verder word beweer dat 'n groep “Beswaardes” met ernstige aantygings teen die nuwe vertaling vorendag gekom het. Wat U moet weet is dat ds. Kritzinger en Prof. Combrink presies geweet het wie ek is, omdat hulle reeds verskillende gesprekke met my per epos gevoer het. Die hele gedagte van hierdie berig in die Kerkbode was omdat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap “nie” bereid was om al die vrae, wat U reeds self in hierdie skrewe van my gelees het te beantwoord nie. Hulle het gehoop dat as hulle na die media toe sal gaan, sal ek bevrees word en onmiddellik ophou met my petisie. Inteendeel het die BSA uitgevind dat dreigemente my net meer en meer oortuig het, dat hier 'n geestelike slang in die gras is.

B). Daar was nog geensins deur my ooit gesê dat die BSA ontken die Heilige Gees nie, en dit is deel van die BSA se taktiek, om die lesers onder 'n wanindruk te bring met betrekking tot wat ek gesê het. Die BSA is honderd persent reg as hulle sê dat hulle Christus (Jesus) uit die Ou Testament uit weg wil vertaal. My vraag is wat doen U as die BSA wanneer U die Naam Christus met “kleinletters” skryf.

Die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap bring dan Christus (Jesus) in die gelykheid van enige ander (New Age) god, al gebruik hul “voetnotas” wat niksseggend is nie.

Die BSA is weer honderd persent reg wanneer hulle sê dat ek is ontevrede omdat hulle beweer ,dat die eerste ses hoofstukke van die boek Génesis is net 'n inleiding van saamgestelde verhale.

Hoe kan enige regdenkende mens ooit beweer dat dit wat in die eerste ses hoofstukke van Génesis geskrywe staan net saamgestelde verhale is, terwyl dit juis die Skeppingswerk van God ons Vader, en die ontstaan van die mens op aarde is.

As Eskatologie kenner weet ek vir watter rede die BSA na die eerste ses hoofstukke van die boek Génesis as saamgestelde verhale wil verwys, die rede hiervan is, want as hulle dit kan vermag kan die stelling van Darwin en sy “Evolusie Teorie” onmiddellik ook 'n staanplek in hierdie 2016 (New Age) Bybel kry, want hierdie (New Age) Bybel word spesiaal geskryf vir die mense met Agnostiese en Panteïstiese sienswyse. Ek wil net noem dat ds. Haasbroek is in hierdie hele gesprek geheel en al “nie” ter sprake nie, want hy het homself gedistansieer van my petisie oor persoonlike redes. Ek stem een honderd persent met ds.Haasbroek saam wanneer hy sê dat hierdie Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap besig is met kettery, self hulle eie predikante weet dit.

C). In hierdie afdeling word net verwys na ds. Haasbroek se beslissing dat die BSA nie die Naam van Christus met kleinletters moet vertaal nie. Omdat U as leser reeds ds. Haasbroek se vertoë in sy skrywe aan die sinode en BSA op die internet by webtuiste www.2016vertaling.co.za gelees het, weet U reeds dat sy vertoë gaan oor baie meer as net die kleinletters in Die Ou Testamentiese Messiaanse geskrifte. Is die nie verstommend dat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap reeds vir jare met al hierdie gegewe inligting soos die graf swyg nie? Wat het hulle om weg te steek?

Namate ek my argument in hierdie griefskrif voer neem ek aan dat dit duidelik word dat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap tesame met hulle 143 vertalers, hierdie (New Age) godsdienstelsel (The One Global Religion), met Die Rooms Katolieke kerk aan die hoof geweldig goedgesind is. Tot so 'n mate dat die BSA ten alle koste Jesus Christus in die gelykheid van elke ander (New Age) god moet bring. (Ek dink dit wat ek so pas gesê het is eintlik baie ligtelik gestel).

D). Wanneer ons nou die volgende gedeelte gaan bespreek wil ek weer U as lesers se aandag daarop vestig, dat ds. Gerrit Kritzinger met woorde speel om die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap in so 'n “onskuldige posisie” as moontlik by die oningeligte leser voor te stel. Hierdie Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap is mos reeds vir jare gesien as “hierdie eerbare onskuldige godsdienstige instelling” wat daar gestel is om die Woord van God te druk en te versprei. In die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap en hulle vertalers, was hulle intensie en motiewe nog “nooit” tot so 'n mate in die gesig van die publiek ontbloot nie, en daarom speel hulle nou met allerhande “mooi woordjies” om die oningelikes steeds 'n sak oor die kop te trek.

ds. Gerrit Kritzinger bevestig sy posisie in die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap deur te verklaar. Hy verklaar dat hy dit baie duidelik wil stel dat die Drie Enige God naamlik Vader Seun en Heilige Gees vir die BSA “ononderhandelbaar” is. Die BSA sal nooit die Godheid van Christus misreken nie.

Wanneer ons enige eiename soos George Bush, Nelson Mandela, Moses, Paulus, Daniël, Jan van der Merwe of wie ook al se naam met “kleinletters” skryf, is dit teen die letterkunde en taalreëls van die wêreld. In hierdie spesifieke geval word daar “doelbewus” na die Naam van Christus Jesus verwys. Ons weet reeds dat die Godheid van Jesus Christus in hierdie 2016 Nuwe Bybelvertaling tot so 'n mate verlaag moet word, dat elke ander (New Age) god “gelykmatig” aan die Godheid van Jesus Christus moet wees.

Wanneer die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap die argument wil gebruik dat die oorspronklike Arameërs, Hebreërs en Grieks “nie” met hoofletters geskryf was nie is dit onwaar, aangesien daar 267 manuskripte is wat met “Hoofletters” geskryf is, waarvan die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap tot op hede nog geen woord gerep het nie! Ek wonder hoekom nie? Omdat dit hierdie “Nuwe (Korrupte) Griekse Nuwe Testameniese Geskrifte van Westcott en Hort” presies uitbeeld. Wat U nooit moet vergeet nie is dat Wescott en Hort twee selferkende Agnoste was, wat “Nie” in die Godheid van Jesus Christus geglo het nie, en wat self geglo het, en gereeld deel geneem het om “afgestorwe geeste” op te roep en met hulle te praat. Hort se eie seun het hierdie inligting onthul, wat Westcott en Hort dan self erkende Sataniste maak.

As ek as Eskatologiese kenner al hierdie “feite” van weet, hoe is dit dat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap “**Niks**” hiervan weet nie? Ek laat hierdie vraag by U as leser.

Nou dat van die feite onder U aandag gebring is moet U self besluit of hierdie Nie-Konfessionele verdraaing en doelbewuste geleidelike “afwatering” van die Bybel, en aftakeling van die Naam van Jesus Christus ‘n “doelbewuste skuif” is in die rigting van ‘n Nuwe Wêreldordegodsdiens, en dat hierdie Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap doen wat ds. Gerrit Kritzinger gesê het hulle nooit sal doen nie, en dit is om: **DIE GODHEID VAN JESUS CHRISTUS TE MISKEN NIE?**

Ek stel voor as dit wat U as die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap self verklaar het waar is, dat U “elke skrifgedeelte” in die 1983 Afrikaanse Bybel waar die Naam van Christus in die Messiaanse profesieë reeds 20 keer met “kleinletters” weg vertaal is, weer herstel tot “Hoofletters” soos wat dit reeds vanaf 1933 in die Afrikaanse Bybel en 1611 in die “King James” Bybel gedoen was. Ek stel voor U lees (aansluiting “B”) aan die einde van hierdie referaat, en verklaar vir ons vir watter redes is Die Naam van God, Jesus, Jesus Christus, Here en Christus soveel keer uit die 1983 Afrikaanse Bybel net eenvoudig weggelaat? Die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap het mos self verklaar dat hulle: “NOOIT DIE GODHEID VAN JESUS CHRISTUS IN ONEER SAL BRING NIE” As hierdie referaat nie reeds presies “die teenoorgestelde” bewys het nie, het ons almal ons tyd gemors?

Met die vertalings van die 1983 Afrikaanse Bybel vanaf 1970 was die doel van die Bybelgenootskap, om die Woord van God tot so ‘n mate te vertaal, dat elke Sekulêre Humanis, Agnos, Panteïnis en Satanis met hul (New Age) godsdiens sienswyse staanplek kon kry in die Ware Woord van God, naamlik die 1933 Afrikaanse Bybel. Die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap, of eerder ds. Gerrit Kritzinger gaan verder deur vir die lesers te verduidelik dat ek die “integriteit en die geloofwaardigheid” van die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap aantast het. In hierdie stadium moet U as leser/es met my saamstem dat hierdie Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap van ons, “lankal nie meer” ‘n integriteit en geloofwaardigheid het nie, want hulle doen dit aan hulself. Ek stel voor dat diegene wie betrokke is by hierdie 2016 (New Age) Bybelvertaling hulself onttrek, en geen deel verder daaraan sal hê nie. as bewys vir hul “Godsvresendheid en Lojaliteit” teenoor ons Verlosser Jesus Christus wat in alle omstandighede, tye en maniere verheerlik moet word.

E). In hierdie afdeling sien ons hoe ds. Kritzinger die leser probeer wysmaak, watter “bronteks” die BSA gaan gebruik in hierdie (2016) vertaling. Gelukkig weet U reeds genoeg van hierdie korrupte bronteks af.

F). Tweedens verduidelik ds. Kritzinger dat die BSA die “Nuwe Testament” eerbiedig. In al my skrywe het ek nog “nie” eenkeer gesê dat die BSA die Nuwe Testament “nie” eerbiedig nie, die problem lê hoofsaaklik by die **“Ou Testament”** en dit wat ek reeds verduidelik het gaan gebeur in die Ou Testament. Derdens verklaar ds. Kritzinger onomwonde dat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap die “Ou Testament” aanvaar as deel van die Christelike Bybel.

As dit wat hier gesê word deur ds. Kritzinger enigsins waar is, is my vraag aan die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap, waarom wil julle dan gedeeltes in die “Ou Testament” verander? As julle glo wat jul sê waar is, **“HERSKRYF DIE BYBEL WEER SOOS WAT DIT REEDS IN DIE 1933 AFRIKAANSE BYBEL GESTAAN HET.”** Hierdie versoek sal julle as die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap nooit toelaat nie, want hierdie 1933 Bybel druis direk in met “dit” wat in hierdie Nuwe (New Age) Bybel van 2016 in vertaal moet word.

G). In hierdie afdeling probeer ds. Kritzinger om die lesers verder met mooi verduidelikings te verwar wanneer hy verduidelik hoe “Voetnotas” in sekere gedeeltes van hierdie 2016 (New Age) Bybel in vertaal gaan word, en ander Agnostiese sienswyses soos die van hul selfverklaarde Agnostisiese kollegas ene Prof. Sakkie Spangeberg, sy geletterde kollegas, en ook die dogmatiek van die Rooms Katolieke kerk te akkommodeer. In die Kerkbode van 20 April 2012 (Bl. 4) staan die opskrif in groot swart letters geskryf: **“BESWAARDES KRY HULLE EIE BYBEL.”** Hier dryf die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap die spot met elkeen wat die ruggraat het om teen hierdie Agnostiese godsdiens op te staan. Elke kerk of persoon wie “nie” met hierdie kleinletter Agnostiese Bybel tevrede is nie, word nou gebrandmerk as **“BESWAARDES.”** ’n Afsonderlike of “Tweede Bybel” uitgawe van die Nuwe (2016) Afrikaanse Bybelvertaling gaan waarskynlik gepubliseer word vir die kleinletter beswaardes. Die Bybelgenootskap verwys vernederend na die kleinletter beswaardes, terwyl ons net doen wat God ons Vader van ons verwag om te doen deur te veg vir God se Woord en vir die Geestelike behoud van ons kinders, kleinkinders, agterkleinkinders en geslagte om te kom.

In hierdie laaste gedeelte bevestig die BSA sy (baasskap) en outoriteit oor elke “andersdenkende” wie nie met hulle saamstem nie.

Hier verduidelik hulle dat hulle die beswaardes sal “akkommodeer” deur hulle tegemoet te kom. Weereens bevestig hulle hul reg of baasskap om ons tegemoet te kom,

terwyl dit ons elkeen se volle reg is om in opstand te kom “Teen” hierdie Agnostiese 2016 (New Age) Bybelvertaling.

Prof. Combrink en ds. Gerrit Kritzinger speel weer met woorde in die res van die paragraaf. “Die BSA beskou dit as ’n poging om ses “beswaarde kerke” wat deel van die vertaalprojek is, asook sekere individue wie “nie deel” van hierdie vertalingsprojek is nie tegemoet te kom. Nou word die beswaarde kerke hier in die koerant genoem. “Dié kerke is die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK), wat die tweede uitgawe voorgestel het, Die Apostoliese Geloofsending (AGS), Volle Evangeliese Gereformeerde Kerk en Die Afrikaanse Baptistekerk” In hierdie hele berig word net die AGS as “Pinksterkerk” genoem. Waar is die name van al die ander Pinksterkerke van Suid-Afrika? As dit wat hier gesê is die waarheid is, kan die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap mos nie in sy webtuiste verklaar dat **DIE ALGEMENE KERK IN SUID AFRIKA** het gevra vir ’n Nuwe (2016) Afrikaanse Bybel nie. My vraag aan die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap is; maak net sekere kerke die “Algemene Kerk” uit, of is dit alle Kerke in Suid Afrika wie deel van die algemene kerk is? Wat vir my soos ’n paal bo water uitstaan is die feit, dat die “grootste alliansie vernoot” van die BSA naamlik Die Rooms Katolieke kerk, vir sekere redes “nie” as deel van die algemene kerk genoem word nie, en dit nadat ds.Gerrit Kritzinger persoonlik vir my gesê het dat Die Rooms Katolieke kerk was een van die kerke, wie vir ’n Nuwe Afrikaanse Bybel vertaling gevra het. Weereens word hier openlik in hierdie beriggewing van die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap gelieg. By hierdie tyd het U as leser ook lankal agter gekom dat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap hulself aanhoudend meer en meer ontbloot?

Die Kerkbode gaan verder deur te vra: “Wat Sê U? Hulle (die beswaardes) is teen die proefvertaling se gebruik van “kleinletters” in die Ou Testament in teksgedeeltes wat volgens hulle (die beswaardes) na Christus verwys. In die 1983 vertaling is ook kleinletters gebruik” Dit is juis die 1983 vertaling wat die voorloper vir hierdie (2016) Agnostiese Bybel is. Vir watter rede verwys prof. Combrink nie na die 1933 Bybel wat nog nie aan getorring is nie? Dit was juis hierdie Suid Afrikaanse Bybelgenootskap wie hierdie kleinletters in die 1983 vertaling in vertaal het, en nou sinspeel hulle asof dit “vir altyd” daar was (weereens nog ’n leuen).

Kyk nou weer na die “baasskap” in die volgende sinsgedeelte. “In die 1983 vertaling is ook kleinletters gebruik, en besware daarteen is deur verskeie NG kerk sinodes van die hand gewys.” As daar ooit by U enige twyfel ontstaan het wie die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap besit en beheer,

is dit nou 'n uitgemaakte saak dat dit die drie susters kerke in Suid Afrika is, wat deur die Vatikaan in Rome beheer word. Vir jare reeds is dit nie meer spekulاسie nie maar 'n feit. Die berig lui verder: "Die beswaardes wil terugkeer na die "Hoofletters" van die 1933/53 vertaling, terwyl die APK dit ook na ander teksverse wil uitbrei." Die BSA het die ses kerke gevra om 'n eenvormige voorstel daarvoor aan hulle voor te lê.

Die rede dat U besig is om my "referaat/grieffskrif" te lees is omdat miljoene ander beswaardes soos myself "nie" deel van hierdie ses genoemde kerke is nie, en ons nie net gaan sit en kyk hoe agnoste die Ware Woord van God verder gaan verkrag nie. Dit is juis ons kinders, kleinkinders en agterkleinkinders wie met hierdie verkragte weergawe van die (2016) Bybel sal moet tevrede wees. Kom ek vra net weer vir die BSA 'n vraag: U erken in U koerant die Kerkbode dat daar 'n Tweede Afrikaanse Bybel met hoofletters beplan word wat miljoene gaan kos. Vir watter rede kan u dan "nie" die bestaande Afrikaanse 1933 Bybel in sy "oorspronklike vorm" net weer druk en vrylik versprei nie? Dit kos U dan mos meer geld nie?

Wat inteendeel verseker gaan gebeur is dat die Tweede 2016 Bybel (met hoofletters) ook net vir 'n sekere tyd gedruk sal word, en dan weier die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap om dit verder te druk, presies soos dit reeds vir jare die geval is met die 1933 Afrikaanse Bybel. Vir watter rede sal die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap "nie" die 1933 Afrikaanse Bybel wil herdruk nie? Omdat hierdie Bybel tesame met die 1611 "King James" Bybel as "Die Ware Woord van God" erken word, en dit moet die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap en sy "agnostiese alliansie" ten alle koste verhoed. Alle (New Age) godsdienste moet gelykmatig erken word. Dit is die mandaat wat UNESCO (United Nations Educational Scientific and Cultural Organisation) reeds in 1964 besluit het. (UNESCO is natuurlik die "humanistiese arm" wat deur die Vatikaan/Rooms Katolieke kerk gebruik word om "verandering" in kulture, wetenskaplike en verskillende godsdienste te bewerkstellig, in die hele wêreld).

H). In hierdie gedeelte word die webtuiste van die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap uitgelig vir hulle wie verder wil lees hoe eerbaar en hoogheilig hierdie Agnostiese Suid Afrikaanse Bybelgenootskap is. Dit is hierdie soort beeld wat vir jare deur hulle voorgehou was, maar gelukkig is duisende of eerder miljoene mense in Suid-Afrika besig om vanaf (1983) met die verskyning van Die 1983 Afrikaanse "Verdraaide" Bybelvertaling te besef wat aan die gang is en hoe ons as Afrikaanse Bybelleesers reeds van toe af deur hierdie Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap

aan hierdie Globale Nuwe Wêreld godsdienststelsel uitverkoop is.

Onmiddellik besef ons dat hierdie 2016 (New Age) Agnostiese Bybel net 'n verlenging is van die 1983 Bybel, met al sy skrifgedeeltes wat weggelaat is en 40 000 woorde wat sonder betekenis verander is. Hierdie is nie net die gevoel onder meeste Pinkster kerke nie, maar daar is duisende lidmate en Predikante van die tradisionele drie susters kerke in Suid Afrika wie presies dieselfde voel. Hulle hulpkreet word deur die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap net eenvoudig geïgnoreer. Daarom verbaas dit my "nie" dat so 'n geweldige groot groep van hierdie genoemde kerke se eie mense, en selfs van hul eie Predikante reeds my petisie onderteken het, en self hul hulp aangebied het!

DIE KERKBODE SE OPROEP TOT VERTROU: (Die Kerkbode van 20 April 2012 Bladsy 10). Die Opskrif Lees: "**VERTROU DIE BYBELGENOOTSKAP.**" Ek gaan hierdie berig weer woord vir woord vir U skryf, en dan weer terselfdertyd my beskeie insette lewer. Dit is uiters belangrik dat U as leser/es weer sal oplet hoe hier met sekere woorde gespeel word, om oningeligte lesers totaal en al onder 'n wanindruk te bring. Dit Lees: "Dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika daarin kon slaag om 25 kerke by die vertaalproses van die Bybel in Afrikaans (2016 Bybel) te betrek, is prysenswaardig." (Die feit dat dit is minder as helfte van die ander kerke is, is nie prysenswaardig nie maar 'n groot saak van kommer. Die feit van die saak is dat die oningeligte leser "nie" weet dat daar miljoene mense in Suid Afrika is, wie "nie" deel wil uitmaak van hierdie agnostiese vertaling nie.

Die berig lui verder "Dertig jaar gelede met die 1983 vertaling was slegs die drie Afrikaanse susterkerke met die saak vertrou" Dit is onwaar want die Rooms Katolieke kerk met al haar "dogters" wat verwante kerke is, was deel van hierdie 1983 vertaling wat in der waarheid die voorloper is vir hierdie 2016 (New Age) Agnostiese Bybel is wat reeds beplan was. Moet nooit vergeet dat hierdie 1983 vertaling was nog altyd net 'n "sagmaak proses" vir die volgende meer volledige Agnostiese 2016 Bybel wat sou volg.

Die drie susterkerke was nie die enigste kerke wat met die 1983 vertaling betrokke was nie. Die berig lui verder: "die projekteier iemand met die statuur van prof. Bernard Combrink is, is iets om voor dankbaar te wees" Dat die taak wat aan 143 kundiges opgelê is (wat ek glo nie ingelig is oor die ware feite nie, hulle dink hulle doen goed. Kyk hoe word hierdie 143 persone nou opgelig om stand en waarde aan hierdie agnostiese vertaling te verleen). Dit lees verder:

“Die taak is aan 143 kundiges bron taalkenners, eksegete, letterkundiges, taalkundiges en vertaalkundiges opgedra is, spreek van ’n deurdagte professionele proses.” (Die vertalers is inderdaad professioneel, maar wat nie aan hulle verduidelik was nie is dat “nadat” hierdie vertalers hul werk gedoen het, dit nie hulle is wat die nuwe Bybel gaan goedkeur nie, maar die werk verskuif van hierdie toegewyde mense na ’n verkleinde oorsigraad van ongeveer dertien besluitnemers, wat dan na goed denke hierdie 143 professionele mense se werk verander en aanpas soos wat hulle dit goed dink.

Nadat die verkleinde oorsig raad met die nasorg van hierdie vertaling klaar is, gaan dit vir finale goedkeuring van ongeveer sewe geletterdes. Dit is presies net hier waar al die 143 niksvermoedende vertalers se harde werk van jare verander word. Hierdie sewe verkiesdes is nie verkose verteenwoordigers uit alle bestaande Afrikaanse kerke nie, maar bestaan hoofsaaklik uit die drie susterkerke en hul Katolieke/agnostiese alliansie wie die finale sê sal het. Groot sal die verbasing van ons 143 professionele vertalers wees wanneer hierdie “Nuwe Bybel” verskyn, en dit wat hulle in hierdie nuwe bybel geskryf het verander was om hierdie “Inter-konfessionele” siening te bevorder waarteen Apostel Paulus ons byna 2000 jaar gelede teen gewaarsku het.

Die probleem is dat wanneer hierdie 2016 Bybel klaar gedruk en versprei is, moet ons kinders en kleinkinders met die gelag sit. Prof. Combrink gaan verder met sy verduideliking; “Dat ’n nuwe Bybelvertaling altyd kontroversieel sal wees is ’n feit waarvan getuig ook die geskiedenis van die Bybel in Afrikaans in 1933/ 1953 en 1983.” Kyk hoe word die “waarheid verskans” in hierdie verklaring deurdat Die 1933/53 Bybelvertalings in dieselfde asem as die 1983 vertaling genoem word. Onmiddellik skep dit die gedagte dat dit algemeen aanvaarbaar is dat daar beswaardes sal wees, wat nooit tevrede sal wees nie. Die Prof gaan verder: “ Die bestaan van tientalle vertalings in sommige tale ook Afrikaans is die gevolg van vertaalkunde wat voortdurend as ’n “Wetenskap ontwikkel en die groei in kennis van die tale” waarin die Bybel oorspronklik geskryf is.

Hierdie is een van die grootste probleme van die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap. Hulle beweer dat Die 1933/53 Bybels “verouderd” geword het en nie meer van toepassing is in ons moderne tyd nie, en dit is presies waarna nou gesinspeel word in hierdie berig, want die “wetenskap” het nou so gevorderd geword dat dit die Bybel met sy eeue oue waardes mag herskryf en rekonstruktueer word.

Die prof gaan verder: “Die nuwe Bybel reflekteer ook verskillende sienings

oor die interpretasie van die Bybel.” Die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap bevestig met hierdie stelling dat enige agnostiese geloof, godsdiens of wat ook al die reg het om in ons Protestante Bybel regmatig gehoor moet word, en ons Afrikaanse Bybels moet verander word om “ook” hul siening op te neem. My vraag is waarom doen die BSA dit nie sommer in die Rooms Katolieke kerk se eie bybel naamlik (The Fathers) en sien of die Katolieke in die wêreld hiermee tevrede sal wees? Of beter, hoekom doen die BSA dit ook nie in die Moslems se Bybel naamlik die Koran nie? Ek weet hoekom nie, want dit sal die grootste bloedbad veroorsaak wat hierdie wêreld nog ooit gesien het. Maar ons as Bruid (of Kerk) van Die Here Jesus Christus “moet” dit maar net gelate aanvaar?

Die kerkbode wei verder uit oor vertaalteorie en benaderings: “Dit is die goeie reg van elke kerk (agnosties of nie) om ’n vertaling wat by sy spiritualiteit (Sataniste en wie ook al), voorveronderstellings en dogmatiese oortuigings aansluit bepaalde vertaal voorkeur dus.”

Dit wat die Kerkbode hier propageer is dat daar spoedig verskillende Afrikaanse Bybels vir verskillende kerke met verskillende dogmatiese sienswyses deur die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap gedruk mag word. Soos wat ek reeds verduidelik het is dit presies wat hierdie Een Globale Godsdienssisteem wil hê, want dan kan daar nooit ’n antwoord of konsensus volgens die ware woord van God beredeneer word nie, want almal gebruik verskillende Afrikaans Bybels.

Ek haal die Kerkbode verder aan: “Die vertaalvoorkeur van die huidige span vertalers (agnoste en al) is in opdrag van die Bybelgenootskap (Wie meeste agnoste is of die agnoste goed gesind is. Luister nou na die volgende sinsrede). “ ’n sogenaamde direkte vertaling.” (Wat verbasend is, is die feit dat die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap juis verklaar het dat die 1983 Bybelverklaring ’n “Direkte Vertaling” was, en nou skierlik is die 1983 Bybel “nie meer” van toepassing nie). Kom ons lees verder. “Die vertaling wil die bronteks in gewone, hedendaagse en idiomatiese Afrikaans vertaal asof die Hebreuse, Aramese of Griekse sprekers, skrywers se woorde direk aangehaal word.” (Wat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap hier ruitelik verklaar was dat al drie die vorige Bybelvertalings [1933/1953 en 1983] verkeerdeelike vertaal was, want nou eers gaan die 2016 vertaling vir die eerste keer reg vertaal word.

Ons praat nie eers van die oudste Bybel naamlik die 1611 “King James” Bybel nie. Hierdie hele stelling van die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap moet met “minagting” verwerp word, want dit is die grootste leuen wat nog ooit vertel is.

Verder verduidelik die prof: “Dit beteken dat die vertalers ag die teks belangriker as dogmatiese besinning.” (Wat nie gesê word nie is dat hierdie teks wat in hierdie 2016 vertaling gebruik word, eintlik die Westcott en Hort verwerkte teks Nestle Aland teks is, wat soos U lankal reeds weet totaal en al Agnosties (Rooms Katoliek) van aard is. Kom ons hoor wat sê die Prof. Verder).

“Wanneer daar dus besluit moet word of kleinletters of hoofletters in ’n bepaalde teks gebruik sal word, word die besluit geneem na aanleiding van hoe dit in die “Bronteks” geskryf is, nie hoe dit nog altyd geïnterpreteer of dogmaties ontleed was nie.” (Hier erken die Prof. dat die woord van God deur “elkeen self” geïnterpreteer moet word en “nie” hoe die Bybelskrywers deur die Heilige Gees van God, Die woord nog altyd geïnterpreteer het nie. Wanneer ons nou verder lees sal ons sien op watter slinkse wyse daar weer na die “Beswaardes” verwys word. “Dit is jammer dat enkele individue geen openheid laat vir enige ander (se agnostiese) vertalings teorie en interpretasie as hulle eie nie.”

Die woord van God verbied my om enige gemeenskap met die duisternis te hê, en verduidelik dat die waarheid ons sal vrymaak, U Woord Is Die Waarheid. (Johannes 17:17)

Die prof. verduidelik verder: “Met die aandrang van slegs hulle” (dit is nou ons, die beswaardes) “Met die waarheid weerspieël, werp hulle ’n skadu oor die belangrike taak waarmee die Bybelgenootskap nou besig is, en maak hulle die proses verdag.” (In my hele onderhandeling met die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap het ek nog “nie een keer” ’n verdraaide woord of leuen vertel nie. Die enigste verskil is dat met die vertaling van die 1983 Bybel, daar weinig of enige teenstand teen hierdie verdraaide en verkragte Bybel was, wat die voorloper vir hierdie (2016 New Age) Anostiese Bybel sou wees. In hierdie hele referaat van my moet U verseker weet dat dit juis die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap is met sy Rooms Katolieke en agnostiese alliansie, wie reeds van voor 1953 met verdagmaking en verdraaiing van die woord van God besig is en nog nooit opgehou het nie.

Die enigste verskil is dat hierdie heilige koei (Die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap) vir die eerste keer in meer as 100 jaar ontbloot word vir wie en wat hulle is, en miljoene mense in Suid-Afrika en elders in die wêreld weet dit reeds vir jare. Wanneer ons nou verder lees, maak die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap een van die grootste foute in sy meer as Honderdjarige bestaan, wanneer hulle sê:

“Die Bybelgenootskap het al oor en oor bewys dat hulle met die Bybel en sy inhoud vertrou kan word. Die Kerkbode vra sy lesers om dit ook hierdie keer te doen.” (As die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap verseker was dat die Suid-Afrikaanse Bybellesers hulle kon vertrou het met hierdie 2016 Nuwe Agnostiese [New Age] Bybel, sou nie meer as twee miljoen mense van verskillende denominasies in Suid Afrika in net meer as ses maande my petisie reeds onderteken het nie).

Wanneer die Kerkbode namens die BSA smee dat mense hulle moet vertrou beseft hulle nie dat dit is die lewens van ons kinders, kleinkinders en agterkleinkinders wat op die spel is, en die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap vra U om “Hulle” met U kinders te vertrou? . As leser is **DIE MAG IS NOU IN U EIE HANDE** wat U met U eie kinders, kleinkinders, agterkleinkinders en geslagte wie nog gebore moet word wil doen. Persoonlik voel ek dat met hierdie berig in Die Kerkbode het die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap homself weer in die voet geskiet.

ALGEMENE OPSOMMING

Die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap het tot nou toe alles in hul vermoë gedoen om my as persoon te kry om onmiddellik my petisie teen hulle te staak. Hulle het selfs DVD'S gemaak en dit word tans in meeste drie susters kerke gewys om te verduidelik hoe “eerbaar en opreg” hierdie Agnostiese gesinde Suid Afrikaanse Bybelgenootskap van ons is. Soos U reeds weet het “alles” wat hulle gedoen het, het nie gewerk nie maar my net meer gedetermineerd gemaak om hierdie agnostiese (Jesuitiese) organisasie met sy begeerte om 'n volwaardige 2016 (New Age) Bybel daar te stel, sonder die regmatige plek van Christus Jesus in die Ou Testament, en ook verwante onderwerpe wat ek reeds genoem was.

Wat vir my soos 'n paal bo water uitstaan is die feit dat Die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap vir meer as 'n eeu op 'n teokratiese wyse deur die tradisionele drie susters kerke gemanipuleer en beheer was, terwyl ons reeds gewoon geraak het aan 'n demokratiese stelsel. My volgende voorstel dat die hele Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap “ontbind moet word” met voorsitter en al, en dat 'n demokratiese verkose Bybelgenootskap wat verteenwoordigend is van “Alle Christelike Kerke In Suid-Afrika,” wie gelykmatige stemreg met alle verandering en vertalings in die Bybel moet hê.

Die feit dat ons besig is met my petisie waar ons gepoog het om by 31 Desember 2012

ten minste een miljoen Afrikaanse Bybelleesers te mobiliseer teen hierdie (2016 New Age) Bybel. Vra ons “nie” nou net dat die hoofletters in die Ou Testament terugvertaal moet word nie, maar dat die 1933 Afrikaanse Bybel onmiddellik weer herdruk sal word en dat daar onmiddellik met die 1983 Bybel weggedoen sal word. Soos elke persoon wie hierdie “referaat” gelees het dan nou verseker weet, is hierdie 1983 Afrikaanse verdraaide Bybel die voorloper vir hierdie 2016 (New Age) Bybel. Hierdie gevoel van my word deur miljoene ander Suid Afrikaanse Bybelleesers gedeel, en die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap moet “ernstig” hiervan kennis neem.

Aan U wie reeds toegestem het tot ’n “Tweede Nuwe Afrikaanse (Pinkster) Bybelvertaling” met hoofletters in 2016, of selfs hierdie (New Age) vertaling met sy kleinletters en al wil ek nederig vra, nadat U nou die relevante inligting bekom het om biddend U besluit te “Hoorweeg” omdat U as kerke, lidmate en vertalers nou besef dat hierdie 2016 Bybels gaan veroorsaak dat u kinders, kleinkinders en agterkleinkinders met ’n geestelike probleem in jare wat kom gaan sit, lank nadat ons reeds tot sterwe gekom het.

God ons Vader is nog steeds in beheer en ek wil U as leser versoek om sonder ophou te bid dat God ons en ons nageslagte sal bewaar teen hierdie globale een wêreldgodsdienst sisteem, waarvan Jesus Christus en God ons Vader “geen deel” sal wees nie. Dit het tyd geword dat die Kerk van Jesus Christus in hierdie tyd (2012) op ons voete sal staan, en standpunt sal inneem “teen” hierdie globale godsdienst sienswyse wat op ons afgedorseer word. Deur die Ware Woord van God, Die 1933 Afrikaanse Bybel en die 1611 “King James Engelse” Bybel te bewaar vir ons nageslagte, en te verhoed dat dit vervang met ’n afgewaterde, niks seggende Agnostiese Bybelvertalings wat die Ware Woord van God kragteloos wil maak!

Hartelike dank aan U dat U die tyd ingeruim het om hierdie referaat van my te lees. My gebed is dat dit diep in U Gees sal vasslaan en dat U ook sal standpunt inneem teen hierdie 2016 (New Age) Bybel, omdat ons hier op aarde ten alle koste Die Koninkryk van God wil beskerm, terwyl ons nog kan.

Stuur Hierdie webtuiste adres ook na tenminste tien van U vriende, en help ons om so die boodskap van verlossing aan ander mense in ons eie land en wêreld te bring.

Druk hierdie griefskrif/referaat en versprei dit in U kerk, skole, universiteite en werksplekke,

of gee dit net vir iemand wie U lief het en help my om ten minste “Nog” een miljoen mense soos U te kry om hierdie petisie te teken voor 31 Desember 2012.

Vir die meer as “Twee Miljoen” mense wie reeds hierdie petisie geteken het wil ek persoonlik baie dankie sê. Dit is wonderlik om te weet daar miljoene ander mense is wat presies ervaar wat ek ervaar. Die Woord van God verklaar: “ Want ek skaam my nie oor die Evangelie van Christus nie, want dit is ’n krag van redding vir elkeen wie glo, (Wat glo? Die Ware Woord Van God Glo)...” (Romeine 1:16).

Ek Groet U In Die Mooi En Edel Naam Van Jesus Christus.

U Medewerker In Jesus Christus.

Dr. Hannes Redelinghuys. (Ph.D.). (Eskat.).

My epos is: drhannesr@gmail.com

My Selfoon Nommer is: 083 540 8352

BYLAAG “A”

DIE W O O R D K O N F E S S I O N E E L

1. **W**at beteken die woord Konfessioneel?

A). Konfessioneel in ’n gelowige (maar meer spesifiek in die Christen geloof) is die belangrikheid om geheel en ondubbelsinnig toegewy te wees in die godsdienstige leering. Konvensioneelste glo dat verskillende interpretasies of verstandhoudings vernaamlik hulle in “direkte” opposisie, kan nie opgeneem word in ’n kerklike gemeenskap nie.

B). Konvensioneelste glo hulle mag betrokke wees in die gebied van Christelike opleiding en Christelike politiek, soos byvoorbeeld: die vraag of Christelike skole die reg het om sekere sienswyse op mense af te dwing, en of eerder eenvoudig gehou moet word deur net Christelike waardes te leer.

C). Konfessionalisme wys na die belangrikheid van godsdienstige waardes soos byvoorbeeld kerklike belydenisskrifte.

D). Die woord Konfessioneel het vir die eerste keer in die middelste gedeelte van die 19de eeu te voorskyn gekom. Die woord konfessioneel in verskillende tale het verskillende betekenis, soos byvoorbeeld: geloof, denominasie of 'n spesifieke groep mense.

2. Die woord Konfessioneel en die Rooms Katolieke kerk.

A). In die 16de en 17de eeu was die term Konfessioneel gebruik om sekere “dokumente” van geloof binne die kerk te identifiseer. Kerke soos die Rooms Katolieke kerk, Lutriaanse en Calvinistiese kerke was altyd na verwys as gelowige groepe, verskillende gelowe of kerke. Onder “geen” omstandighede was daar ooit in hierdie tyd na die kerke verwys as “Konfessionalisme” nie.

B). In die middelste gedeelte van die 20ste eeu, naamlik 1959 neem die Rooms Katolieke kerk tydens “The Catholic Staatslexikon” 'n besluit dat die woord konfessioneel verwys na die “belydenis” van die Rooms Katolieke geloof, hul eie kerklike doktrine en hul eie identiteit, wat hulle sal onderskei as 'n eie soortlike gemeenskap, geloof en kerk.

C). Die Rooms Katolieke kerk het dan ook tydens “The Second Vatican Council [1962-1965]). besluit dat, hierdie spesifieke term “konfessioneel” sal voortaan verwys na die Rooms Katolieke kerk as 'n: **“SIGBARE ORGANISASIE WIE ERKEN SAL WORD AS DIE “ENIGSTE” WARE KERK OP AARDE.”** (Of eerder die Moeder van “alle kerke” [of gelowe]).

DIE WOORD INTER-KONFESSIEEL

1. Wat beteken die woord Inter-Konfessionele vertaling?

A). Eerstens is dit belangrik om te weet dat daar in die HAT woordeboek “nie” 'n woord soos Inter-Konfessioneel bestaan nie, maar hierdie woord is deur die raad van wêreld Bybelgenootskappe geskep, om stukrag te verleen aan 'n Internasionale aanvaarbare Bybelvertaling waarvan Die Rooms Katolieke kerk, vanaf 1965 aan die hoof staan van elke Bybelvertaling wêreldwyd.

B). Die Bybelgenootskap van Suid Afrika verklaar dat: “Die medewerkers aan die 2016 Afrikaanse Bybelvertaling verteenwoordig ’n breë spektrum van kerkgenootskappe wat Afrikaans in prediking en pastoraat gebruik. Dit volgens die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap is ’n “Interkonfessionele vertaling.”

C). Wat uiters belangrik is om te weet is die manier hoe die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap lesers onder ’n wanindruk bring, deur “nie” vir hulle te verduidelik dat hierdie Inter-Konfessionele vertaling in werklikheid die “dogmatiek en leerstelling” van die Rooms Katolieke kerk bevat nie.

D). Hulle verduidelik “nie” vir die lesers dat die woord “Konfessioneel” beteken eintlik dat die Rooms Katolieke kerk volgens hul “eie belydenis” die Moeder van alle kerke is nie, en daarom moet hierdie 2016 (New Age) Bybel in so ’n mate vertaal word dat, Jesus Christus in die Messiaanse Profesieë Sy Goddelike posisie verloor, deurdat die Naam Christus met “kleinletters” vertaal moet word om ’n gelykmatige posisies te skep, sodat elke ander (New Age) god in hierdie Nuwe Globale Godsdienstelsel ’n gelykmatige staan plek, in ons Afrikaanse Protestante Bybel kan kry.

E). Om indruk te skep verwys Professor Combrink van die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap in die Kerkbode van 20 April na die 143 vertalers wat tans aan hierdie 2016 Nuwe Bybelvertaling werk. Wat vir my verstommend is, is die feit dat hierdie 143 vertalers blykbaar totaal en al “oningelig” is met verwysing tot dit, wat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap reeds vir jare wegsteek, soos byvoorbeeld die 1,960 vers verwysings wat totaal en al uit die 1983 Afrikaanse Bybel weggelaat was. Maak dit vir U sin?

Hierdie verwysing is saamgestel en gelewer deur:

Dr. Hannes Redelinghuys. (Ph.D.) (Eskat.).

drhannesr@gmail.com

Sel. No: 083 540 8352

BYLAAG “B”

Hier volg sekere Nuwe Testamentiese veranderings, weglatings en verskille uit die 1983 Afrikaanse Bybel vergeleke met die Ou 1933 Afrikaanse Bybel.

Matthéús.

- 1:25 Die woord “Eersgeborene” is weggelaat.
- 6:13 Die laaste gedeelte van die “Vers” is weggelaat.
- 8:29 Die woord “Jesus” is weggelaat.
- 9:13 Die woorde “Tot bekering” is weggelaat.
- 13:51 Die woorde “Jesus sê vir hulle, en Here” is weggelaat.
- 17: 51 Die hele “Versgedeelte” is weggelaat.
- 18: :11 Die hele “Versgedeelte” is weggelaat.
- 19:17 Die woord “God” is weggelaat.
- 20:7 Die gedeelte “En wat reg is” is weggelaat.
- 20:16 Die gedeelte “Baie is geroep maar” is weggelaat.
- 20:22 Die gedeelte “En gedoop word met” is weggelaat.
- 23:14 Die hele “Versgedeelte” is weggelaat.
- 27: 35 Die gedeelte “Wat deur die profeet gesprek” is weggelaat.

Markus.

- 2:17 Die woorde “Tot bekering” is weggelaat.
- 6:11 Die woorde “Vir Sodom en Gomorra” is weggelaat.
- 7:8 Die gedeelte “Wassery van komme en bekere “ is weggelaat.
- 7:16 Die hele “Versgedeelte” is weer weggelaat.
- 7:24 Die woord “Here” is weggelaat.
- 9:44 Die hele “Versgedeelte” is weggelaat.
- 9:45 Die hele “Versgedeelte” is weggelaat.
- 9:49 Die hele “Versgedeelte” is ook weggelaat.
- 10:21 Die gedeelte “Neem jou kruis op” is weggelaat.
- 10:24 Dele van die “Vers” is weggelaat.
- 11:10 Dele van die “Vers” is weggelaat.
- 11:26 Die hele “Versgedeelte” is weggelaat.
- 13:14 Die woorde “Profeet Daniël” is weggelaat.
- 15:28 Die hele “Versgedeelte” is weggelaat.

Lukas.

- 1:28 Die gedeelte “Geseënd is u onder die vroue” is weggelaat.
- 2:33 Die woord “Josef” word vervang met die woord “Vader.”
- 2:43 Die gedeelte “Josef en sy Moeder” is ook verander.
- 4:4 Die gedeelte “Maar elke woord van God” is ook weggelaat.
- 4:8 Die gedeelte “Gaan weg agter my Satan” is weggelaat.
- 4:48 Die gedeelte “Op die rots” is weggelaat.
- 9:54 Die gedeelte “Soos Elia ook gedoen het” is weggelaat.
- 9:55 Dele van die “Versgedeelte” is totaal en al weggelaat.
- 9:56 Dele van die “Versgedeelte” is weggelaat.
- 11:2 Dele van die “Versgedeelte” is weggelaat.
- 11:4 Dele van die “Versgedeelte” is ook weggelaat.
- 17:36 Die hele “Versgedeelte” is weggelaat.
- 12:4 Dele van die “Versgedeelte” is weggelaat.
- 22:64 Dele van die “Versgedeelte” is weggelaat.
- 23:17 Die hele “Versgedeelte” is weggelaat.
- 23:42 Die woord “Here” is weggelaat.

Johannes.

- 1:14 Die woord “Eersgeborene” is weggelaat.
- 1:27 Gedeeltes uit die “Vers” is weggelaat.
- 3:13 Die gedeelte “Wat in die hemel is,” is weggelaat.
- 3:15 Dele van die “Versgedeelte” is weggelaat.
- 4:42 Die woorde “Die Christus” is weggelaat.
- 5:3 Dele van die “Vers” is weggelaat.
- 5:4 Die hele “Vers” is weggelaat.
- 6:69 Die woorde “Dat Christus” is weggelaat.
- 9:35 Die woorde “Seun van God” is weggelaat.
- 11:41 Die sinsgedeelte “Waar die oorledene lê” is weggelaat.
- 16:16 Die gedeelte “Omdat Ek na my Vader gaan” is weggelaat.
- 17:12 Die gedeelte “In die wêreld” is weggelaat.
- 20:29 Die woord “Thomas” is ook weggelaat.

Handelinge.

- 2:30 Die gedeelte “Christus sou verwek” is weggelaat.

7:30 Die gedeelte “Engel van die Here” is weggelaat.
7:37 Die gedeelte “Na Hom moet julle luister” is weggelaat.
8:37 Die hele “Vers” is weggelaat.
9:5 Dele van die “Vers” is weggelaat.
9:6 Dele van die “Vers” is weer weggelaat.
10:6 Dele van die “Vers” is weggelaat.
15:18 Dele van die “Vers” is weer weggelaat.
17:26 Die woord “Bloed” is weggelaat.
20:32 Die woord “Broeder” is weggelaat.
23:9 Die gedeelte “Laat ons nie teen God stry nie” is weggelaat.
24: 6 Gedeeltes uit die “Vers” is weggelaat.
24:7 Gedeeltes uit die “Vers” is ook weggelaat.
24:8 Gedeeltes uit die “Vers” is ook weggelaat.
28:16 Gedeeltes uit hierdie “Vers” is weggelaat.
28:29 Hierdie hele “Versgedeelte” is weer weggelaat.

Romeine.

1:16 Die woord “Christus” is weggelaat.
1:29 Die woord “Hoerery” is weggelaat.
8:1 Die laaste gedeelte van die “Vers” is weggelaat.
9:28 Die woorde “In geregtigheid” is weggelaat.
10:15 Die woorde “Van vrede” is weggelaat.
10:17 Die woord “God” is weggelaat.
11:6 Die laaste gedeelte van die “Vers” is weggelaat.
13:9 Die gedeelte “Sal valse getuienis lewer nie” is weggelaat.
14:6 Dele van die “Vers” is weggelaat.
15:29 Die woord “Ewangelie” is weggelaat.
16:24 Die hele “Versgedeelte” is weer weggelaat.

1 Korinthiërs.

6:20 Dele van die “Vers” is weggelaat.
7:5 Die woord “Vas” is weggelaat.
7:39 Die gedeelte “Deur die wet gebonde” is weggelaat.
10:28 Dele van die “Vers” is weer weggelaat.
11:24 Die woorde “Neem eet” is weggelaat.

15:47 Die woord “Here” is weggelaat.

16:22 Die gedeelte “Die Here Christus” is weggelaat.

16:23 Die woord “Christus” is weggelaat.

2 Korinthiërs.

4:10 Die woord “Here” is weggelaat.

5:18 Die woord “Jesus” is weggelaat.

11:31 Die woord “Christus” is ook weggelaat.

Galasiërs.

3:1 Die gedeelte “Om die waarheid nie gehoorsaam” is weggelaat.

3:17 Die woorde “In Christus” is weggelaat.

4:7 Die woorde “Deur Christus” is ook weggelaat.

6:15 Die woorde “In Christus” is ook weggelaat.

6:17 Die woord “Here” is weggelaat.

Efesiërs.

3:9 Die woorde “Deur Jesus Christus” is weggelaat.

3:14 Die gedeelte “Van ons Here Jesus Christus” is weggelaat.

5:30 Die gedeelte “Van sy vlees en van sy bene” is weggelaat.

6:1 Die gedeelte “In die Here” is weggelaat.

6:10 Die woorde “My broeders” is weggelaat.

Filippense.

3:16 Die gedeelte “Laat ons eensgesind wees” is weggelaat.

Kolossense.

1:2 Die gedeelte “Die Here Jesus Christus” is weggelaat.

1:14 Die gedeelte “Deur Sy bloed” is weggelaat.

1:28 Die woord “Jesus” is weggelaat.

1 Thessalonicense.

2:19 Die woord “Christus” is weggelaat.

3:11 Die woord “Christus” is weer weggelaat.

3:13 Die woord “Christus” is ook weggelaat.

2 Thessalonicense.

1:8 Die woord “Christus” is weer weggelaat.

1 Timoteús.

1:17 Die woord “Alleenwyse” is weggelaat.

2:7 Die woord “Christus” is weggelaat.

3:16 Die woord “God” is weggelaat.

4:12 Die woorde “In gees” is weggelaat.

6:5 Die gedeelte “Onttrek jou aan sulke mense” is weggelaat.

2 Timoteús.

1:11 Die gedeelte “Van die heidene” is weggelaat.

4:1 Die woord “Here” is weggelaat.

4:22 Die woorde “Jesus Christus” is ook weggelaat.

Titus.

1:4 Die woord “Here” is weggelaat

Filemon.

1:6 Die woord “Here” is weggelaat.

1:12 Die gedeelte “Neem hom aan” is weggelaat.

Hebreërs.

1:3 Die woorde “Deur Homself” is weggelaat.

2:7 Die gedeelte “En Hom oor die werke van U hande aangestel” is ook weggelaat.

3:1 Die woord “Christus” is weggelaat.

7:21 Die gedeelte “Volgens die orde van Melgisédék” is weggelaat.

10:30 Dele van die “Vers” is weggelaat.

10:34 Die gedeelte “In die hemel” is weggelaat.

Jakobus.

5:16 Die woord “Misdade” is weggelaat.

1 Petrus.

1:22 Die gedeelte “Deur die Gees” is weggelaat.

4:1 Die woorde “Vir ons” is weggelaat.

4:14 Groot gedeeltes van hierdie “Versgedeelte” is weggelaat.

5:11 Die woord “Heerlikheid” is ook weggelaat.

2 Petrus.

2:17 Die woorde “Vir ewig” is weggelaat.

3:9 Die woord “Ons” is verander na “Julle.”

1 Johannes.

1:7 Die woord “Christus” is weggelaat.

4:3 Die gedeelte “Jesus Christus in die vlees gekom het nie” is weggelaat.

4:9 Die woord “Eniggebore” is weggelaat.

4:19 Die woord “Hom” is weggelaat.

5:7 Hierdie “Versgedeelte” is geheel en al verdraai.

5:8 Hierdie “Versgedeelte” is in sy geheel weggelaat.

5:13 Dele van hierdie “Vers” is weggelaat.

Judas.

1:25 Die woord “Alleenwyse” is weggelaat.

Openbaring.

1:8 Die gedeelte “Die begin en die einde” is weggelaat.

1:11 Dele van hierdie “Vers” is weggelaat.

2:13 Die woorde “Jou werke” is weggelaat.

5:14 Die gedeelte “Hy wat lewe tot in alle ewigheid” is ook weggelaat.

8:13 Die woord “Engel” is vervang met die woord “Arend.”

11:17 Die gedeelte “En wat kom” is weggelaat.

12:17 Die woord “Christus” is weggelaat.

14:5 Die gedeelte “Voor die troon van God” is weggelaat.

16:17 Die gedeelte “Van die hemel gekom” is weggelaat.

20:9 Die woord “God” is weggelaat.

20:12 Die woord “God” is weer weggelaat.

21:24 Die gedeelte “En die nasies van die wat gered is,” is weggelaat.

22:19 Die woord “Boek” word vervang met die woord “Boom.”

Vir elke persoon wie op een of ander wyse besig is met hierdie 2016 Bybel vertaling wil ek vra, is U tevrede dat die woord van God op so 'n manier verkrag en verdraai word. Hoe kan enige persoon wie hierdie Nuwe Testamentiese verskille gelees het nog sê, dat hierdie 1983 Bybel ooit die Ware Woord van God is, terwyl die 1933 Afrikaanse Bybel presies die “teenoorgestelde” vir ons leer.

My gebed is dat God ons Vader deur Sy Heilige Gees ook vir U by Sy ware woord sal hou, terwyl ons met verwagting wag op Sy wederkoms!

Die Here Seën U.

U medewerker in Christus Jesus.

Dr. Hannes Redelinghuys. (Ph. D.). (Eskat.).

DIE **M**ANDAAT

Hierdie Mandaat wat u nou gaan lees is presies wat aan Die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap gestuur was op 31 Januarie 2012.

EINDTYD **B**EDIENING

MANDAAT

Dr. Hannes Redelinghuys (Ph.D.). (Eskat.).

Epos: drhannesr@gmail.com

Webtuiste: www.2016newagebybel.co.za

Selfoon: 083 540 8352

Waterkloof Glen

Pretoria Oos

0010

31 Januarie 2013

Heil die leser,

Ek Groet u in Die Mooi en Edel Naam van Jesus Christus ons Enigste Verlosser en Saligmaker. Ek wens u 'n voorspoedige nuwe jaar toe, en mag u die seëninge van God ons Vader in u lewe ervaar.

Dit is met opregte dankbaarheid teenoor God (Elohim) vir dit wat gedurende die jaar 2012 bereik was met die petisie, teen die vertaling van die 2016 (of later) Nuwe Afrikaanse Bybel.

Eerstens wil ek (Dr. Hannes Redelinghuys) elke persoon wie positief aan hierdie petisie deel geneem het teen die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap uit my hart bedank, vir die manier hoe u as Afrikaanssprekende Bybellesers teen hierdie beplande Bybelvertaling u stem laat hoor het.

Wat verstommend was is die feit hoe hierdie petisie oor kerk grense, taal grense, kulturele grense en lands grense beweeg het. Wat my verbaas het is hoe Predikante en Akademici van die Drie Susters Kerke hierdie petisie ge ondersteun het, en selfs hul hulp aangebied het deur vir my geskrewe bewyse te stuur, wat hul self in die verlede aan sekere Sinodes en selfs die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap gestuur het, en hoe hulle op minderwaardige wyse geantwoord was. Somtyds was van die Predikante en selfs gemeentes wie nie met die genoemde instansies wou saam werk nie gedreig met sensuur. In Pretoria was 'n hele gemeente met Predikant en al onder sensuur geplaas, omdat hulle nie die Ou 1933 Afrikaanse Bybel van die kansel wou neem, en dit met 'n 1983 nuwe Afrikaanse Bybel vervang nie.

Ek kan nie nalaat om eerstens vir Rika (my vrou) en elkeen wie mee gewerk het om hierdie petisie so 'n groot sukses van te maak, uit my hart te bedank. Ook elkeen wie gebid het dat hierdie petisie suksesvol kan wees. Selfs elke individuele persoon en gemeentes wie sonder ophou gehelp om hul deel by te dra. Wanneer ek dink aan die ou dame van 79 jaar wat elke dag vir 'n week lank by 'n winkel sentrum in Sandra (Gauteng) by 'n tafel gesit het, totdat sy eiehandig 650 mense gekry het om hierdie petisie te teken, omdat soos sy dit gestel het, haar kleinkinders en agterkleinkinders nie vir die wolwe gegooi moes word nie. Dit is hierdie tipe reaksie wat veroorsaak dat ek 'n knop in my keel kry, en wat hierdie hele aksie die moeite werd gemaak het.

Hierdie petisie is deur myself, Rika (my vrou), Maryna en Flip Fourie my vriende van die Strand op 23 Februarie 2012 begin, met een petisie lys wat op internet gesirkuleer was.

Onmiddellik het dit soos 'n veldbrand versprei en was “twee ander petisie lyste” sonder my medewete, deur mense wie gretig was om in my visie te deel op internet namens my uit gestuur. Ongelukkig was sommige van hul bewoording nie presies reg gestel nie, maar dit het geen afbreek aan die aksie gedoen nie. Wat verstommend was is die feit dat meeste petisie lyste tot meer as 600 petisie tekenaars bevat het. Ja! Die teenoorgestelde is ook waar. Uit al hierdie petisie tekenaars was daar 361 negatiewe reaksies teen die petisie. Elkeen van hulle is in kennis gestel om my Referaat by www.2016newagebybel.co.za te besoek en tot op hede het nog nie een van die “negatiewe” na my teruggekeer om die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap weer te probeer verdedig nie. Ek wonder waarom nie? As u dalk meer wil weet besoek gerus ook my genoemde webtuiste, en laat my weet.

Op 23 Februarie 2012 het ek persoonlik met Professor Combrink van die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap te Kaapstad telefonies gepraat. Nadat hy dan sekere onaanvaarbare verduidelikings aan my meegedeel het, het ek dan besluit om hierdie petisie te begin tesame met die genoemde persone. My doel met hierdie petisie was om by 31 Desember 2012 tenminste een miljoen mense te kry, om my 'n “mandaat” te gee om hierdie beplande nuwe Afrikaanse Bybel vir 2016 of later tot stilstand te dwing. Groot was my verbasing toe ons reeds by die einde van Augustus 2012 by die 1 miljoen tekenaars verby beweeg het, en steeds het meer mense dag vir dag die petisie ondersteun. Op 31 Desember 2012 het die petisie gesluit. In die volgende week wat gevolg het is baie tyd gespandeer, terwyl die petisie informasie noukeurig nagegaan is. Dit was dan ook geen verassing toe ons die finale petisie getal aan ge kondig het nie, en so het 2,421,011 mense hul teen hierdie 2016 nuwe Afrikaanse Bybel uitgespreek, en deur dit te doen my 'n mandaat gegee om namens elke petisie tekenaar te praat en op te tree. Vir elke persoon wie u ook al is wil ek uit my hart bedank vir u ondersteuning met verwysing tot hierdie petisie.

Ons is bewus daarvan dat daar by die 6 miljoen Afrikaans sprekendes in die laaste sensus in Suid Afrika getel is. Wanneer ons sien dat 2,421,011 mense die petisie onderteken het vind ons dat dit 40.3% van die Afrikaans sprekende bevolking van Suid Afrika is, en steeds het die petisie nie al die Afrikaans sprekende mense in Suid Afrika bereik nie. Hierdie persentasie van 40% (of 2,421,011 mense) gee my Dr. Hannes Redelinghuys dan nou die reg om verder teen die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap op te tree soos wat ek dit goed dink.

Met die opstel van hierdie mandaat gaan ek so saaklik as moontlik wees. Sou u meer inligting wou bekom stel ek voor dat u besoek my webtuiste by: www.2016newagebybel.co.za Ook stel ek voor dat wanneer u my webtuiste besoek,

u onmiddellik die laaste gedeelte lees waar die “weglatings” van die Name: Jesus, God, Here, Christus, Saligmaker, Verlosser, Here Jesus Christus, vers gedeeltes, verse in hul geheel en vele meer, vanaf die boek Mattheüs tot Openbaring in die 1983 Afrikaanse Bybel weggelaat is, vergeleke met die Ou 1933 Afrikaanse Bybel. Kan enige persoon vir my sê hoe het dit gebeur, en dan word hierdie 1983 Afrikaanse Bybel ook *Die Ware Woord van God* beskou?

Ek gaan elke onderwerp van belang nommer so dat wanneer daar terugvoering gegee word, dit dan punts gewyse hanteer kan word. Ek eis dat wanneer terugvoering deur die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap gegee word, dat dit ook dan punts gewys hanteer sal word en nie net ’n algemene oorsig of verduideliking gegee sal word nie, omdat dit van uiterste belang is dat u elkeen van hierdie onderwerpe sal aanspreek.

Volgens die mandaat wat deur 2,421,011 mense aan my gegee is stuur ek ook hierdie selfde skrewe aan elke sinode, elke Afrikaans sprekende kerk, denominasie, en organisasie in Suid Afrika. Ook word hierdie selfde skrewe op Internet geplaas vir elke Afrikaans sprekende Bybellesers en die wêreld om te sien. Die tyd vir die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap om weg te kruip agter stellings soos: *“Hulle het my van alle waarheid ontbloot, bo twyfel bewys of ek was nie bereid om met hulle in gesprek te tree nie,* terwyl dit juis hulle was wie nadat hulle my eerste petisie bekom het, nie met my gepraat het nie maar onmiddellik na die Burger koerant in die Kaap, Radio Kansel, ander Radio stasies, briewe aan kerke en verskeie media instansies gehaas het, terwyl ek gesê het dat ek met hulle sal gesprek voer, maar net voor die kameras waar daar rekord gehou kan word van wat gesê is. Hiervoor was ds. Gerrit Kritzinger nie te vinde nie, terwyl hy per epos my laat weet het dat hulle (Die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap) nie verder met my wil korrespondeer nie. Hulle het alle vorme van intimidasie probeer om my te kry om my petisie te stop, wat natuurlik nie gewerk het nie. Die ware rede dat hulle nie verder met my wou korrespondeer of praat nie is nie werklik die genoemde redes nie, maar die feit dat ek per epos sekere vra aan die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap gestel het, wat hulle tot vandag nog nie beantwoord het nie. Hierdie selfde vrae gaan later weer punt vir punt gestel word so dat hulle dit nou in die openbaar kan antwoord. Om verder weg te kruip agter stellings dat ek bombasties, aggressief, en sonder broederlike liefde is gaan ook nie meer werk nie want dit is ek beslis nie, maar ferm in my optrede. Die tyd vir die waarheid het aangebreek vir die wêreld om self te sien wie het vir wie ontbloot, en wie het bo twyfel wat bewys.

Die eerste vraag wat gevra moet word is wie was Westcott en Hort?

Vir watter rede sal ek hierdie vraag vra? Omdat hierdie hele 2016 nuwe Afrikaanse Bybelvertaling gebaseer is op die verdraaide en korrupte *Nuwe Griekse Nuwe Testament van Westcott en Hort van 1881, beter bekend as die Nestle Aland teks*. Dit is dan ook hierdie selfde Nuwe Griekse Nuwe Testament Teks waaruit ons huidige 1983 Afrikaanse Bybel vertaal was, wat as 'n *Dinamies Ekwivalente vertaling* bemark was, wat nou deur die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap 'n totale mislukking blyk te wees, en waarom word die nuwe 2016 (of later) Afrikaanse Bybel nou benodig. Soos wat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap dit noem nou 'n *Inter-konfessionele vertaling* gaan wees. Later in hierdie dokument word die woord *Inter-konfessionele* bespreek.

Westcott en Hort was twee Anglikaanse (Katolieke) priesters gewees wie reeds vanaf hul studente jare die "*Ghostly Guild*" geskep het, en verklaar het dat die Hemel net 'n denkbeeldige versinsel in ons gedagtes is. Ook het hulle geheel en al nie in die Godheid van Jesus Christus geglo nie. Tesame met ene Lightfoot en Madam Blavatsky" (die bruid van Satan soos wat sy bekend was), het hulle die fondasie geskep deur hierdie verdraaide en korrupte nuwe Griekse Testament teks, vir 'n nuwe globale wêreldorde en een globale wêreld godsdienstige sisteem wat deur die Rooms Katolieke kerk (naamlik die Vatikaan) beheer sal word. Ek stel voor u besoek my webtuiste by: www.2016newagebybel.co.za of kry my nuwe boek: "Waarom 'n Vierde Afrikaanse Bybelvertaling? wat op 3 Julie 2013 vrygestel sal word.

Algemene Oorsig.

1). Hoofletters of Kleinletters.

Een van die sake wat die petisie tekenaars na aan die hart lê is die feit dat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap ten alle koste, Die Naam Christus (Jesus) in die Messiaanse Profesieë met "kleinletters" wil vertaal. Waarom? Verskillende redes word hiervoor aangevoer soos byvoorbeeld dat die oorspronklike Grieks, Hebreeus en Arameërs manuskripte nie met hoofletters geskryf was nie. Eerstens klink dit wonderlik wanneer dit so deur die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap gestel word vir oningeligte Bybel lesers, maar wat van die 267 (*Uncles*) wat almal hoofletter Griekse manuskripte is. As die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap by hul argument wil bly staan is my volgende vraag. Waarom net die Naam van Christus terwyl alle ander voornaam woorde soos Moses, Aaron, Dawid en Salomo met Hoofletters gespel is? Die argument word verder gevoer dat hierdie Messiaanse Profesieë is reeds in die Nuwe Testament vervul,

en daarom moet Die Naam Christus nou in kleinletters geskryf word. As dit waar is moet elke Ou Testamentiese profesie wat vervul is, ook dan met kleinletters geskryf word. Die wêreld letterkunde leer ons dat elke naam woord met Hoofletters begin word, soos byvoorbeeld Pres. George Busch, Clinton, Nelson Mandela of wie ook al, maar net die Naam van Jesus Christus moet met kleinletters geskryf word.

Ek kan aanhou en aanhou om al die verskillende redes wat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap reeds opgedis het vir u noem, maar die werklike rede word verskans. Jesus self verklaar: *“Dat Hy die weg die waarheid en die ewige lewe is, en dat niemand tot Die Vader (God Almagtig) kan kom behalwe deur Hom (Jesus Christus nie.”* Hierdie Goddelike waarheid moet nou verkrag word deur Jesus Christus in die gelykheid van elke (New Age) god te bring, deur Sy Godheid te verlaag tot elke ander agnostiese god in hierdie huidige godsdiens wêreld, en dit kan net gebeur wanneer hierdie nuwe 2012 (New Age) Bybel die Naam Christus in “kleinletters” in vertaal.

2). Gelyktydig ’n tweede Afrikaanse Bybelvertaling.

Volgens die Kerkbode van 20 April 2012 maak Professor Combrink die volgende verklaring. Hy verwys na elke persoon of kerk wie nie met die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap saamstem nie as beswaardes. In die selfde berig word die baasskap van die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap oor elke ander persoon wie nie met hul saamstem nie bewys, wanneer verwys word hoe hulle die beswaardes “tegemeet” gekom sal word deur gelyktydig ook ’n tweede Afrikaanse Bybel met Hoofletters uit te bring.

A). Vir almal klink dit na die regte oplossing vir die probleem maar die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap verduidelik nie vir die beswaardes, dat hulle enige tyd ook hierdie beswaarde Bybel kan verhoed om te bestaan, net soos Die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap reeds met die 1933 Afrikaanse Bybel gedoen het, toe hulle verset het om hierdie spesifieke Bybel verder te druk en te versprei, sodat die 1983 Afrikaanse Bybel sy plek as Die Ware Woord van God kon inneem.

B). Wat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap ook nie aan die oningeligtes verduidelik nie is dat hierdie tweede Afrikaanse Bybel met die hoofletters, se inhoud presies dieselfde sal wees as die korrupte en verdraaide kleinletter Bybel,

omdat dieselfde verdraaide en korrupte Nuwe Griekse Nuwe Testament Teks van Westcott en Hort gebruik gaan word, om hierdie tweede Afrikaanse Bybel ook uit te vertaal.

C). **H**ierdie tweede Afrikaanse Bybel sal ook presies elke weglating van die Name: Jesus, Christus, God, Here, Here Jesus Christus, vers gedeeltes, hele verse in hul geheel en vele ander veranderings wat ek reeds in my referaat genoem het bevat, soos wat dit reeds in die 1983 Afrikaanse Bybel gebeur het. Wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat hierdie 1983 Afrikaanse Bybel ook na verwys was as die *Dinamiese Ekwivalente vertaling*, wat die voorloper vir hierdie 2016 (New Age) Bybel moes wees, wat sonder veel teenstand in meeste van ons Suid Afrikaanse kerke en huishoudings opgeneem was as die Ware Woord van God.

D). **D**ie koste van 'n tweede Afrikaanse hoofletter Bybel sal meer as ses miljoen rand kos, maar hieraan steur die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap hul nie, want hulle weet dat die koste sal verhaal word deur die kleinletter Bybel wat die ander een sal subsidieer

3). **D**ie Apokriewe boeke.

In die Kerkbode van 20 April 2012 op bladsy dertien verduidelik Prof. Combrink aan die oningeligte lesers watter waarde hierdie Apokriewe (New Age) boeke aan hierdie nuwe 2016 nuwe Afrikaanse Bybel sal gee. Ek haal die berig in die Kerkbode direk aan.

A). *“Ander geldige maniere word gebruik om geldige vertalings moontlikhede of “socio-kulturele” inligting oor te dra.”* (Dit is reeds vir jare bekend dat UNESCO [United Nations Educational Scientific and Cultural Organisation] se hoofdoel is om wêreldwyd verskillende kulture, godsdienste en organisasies te vermeng tot een globale godsdiens stelsel, en omdat die UBS [United Bible Society] 'n integrale deel van hierdie nuwe globale godsdiens stelsel is, maak Professor Combrink reeds die oningeligtes gewoond aan hierdie gedagte dat, ons verskillende kulturele en godsdiens sienswyse in ons Protestante Bybels moet akkommodeer. In die volgende gedeelte van die verklaring in die selfde Kerkbode bevestig die Prof. presies dit wat ek so pas bewys het.

B). *“Naas die gewone uitgawe sal die nuwe vertaling ook in 'n uitgawe verskyn wat die “Deutero kanonieke” (Apokriewe) boeke bevat, aangesien die Katolieke, Lutherse en Anglikaanse Kerke dié boeke gebruik.”*

(Eerstens moet verstaan word dat hierdie genoemde kerke almal eintlik deel van die Rooms Katolieke kerke is. Wat het die Protestante met die Rooms Katolieke kerk en haar dogters te doen. Hulle het reeds vir eeue hul eie Bybels naamlik *The Fathers* en andere waar hulle die apokriewe boeke kan gaan lees!

Weereens word dit bewys dat hierdie nuwe 2016 Afrikaanse Bybel 'n totale geïntegreerde [New Age] Bybel moet wees, wat verskillende afgode godsdiens moet akkommodeer). In die volgende bespreking word dieselfde berig in die Kerkbode steeds na verwys.

C). *“Dieselfde praktyk is met die 1933/53 vertalings gevolg. Die apokriewe boeke bevat onder meer belangrike historiese inligting oor die tydperk tussen die Ou en Nuwe Testament.”* (In hierdie gedeelte maak die Professor eintlik twee stellings wanneer hy eerstens vir die oningeligte leser verduidelik dat; *“Dieselfde praktyk is met die 1933/53 vertalings gevolg.”* Hier word een van die grootste leuens deur die Professor vertel, omdat die 1933 Afrikaanse Bybel 'n woord vir woord vertaling uit die *Engelse 1611 King James Bybel* was. Die *1611 King James Bybel* was weer uit *Erasmus se [1522] Textus Receptus* vertaal, wat weer uit die *“Oorspronklike” Bisantynse Manuskripte van die 2de eeu* vertaal is. Wat die Professor eintlik op sinspeel is dat dit juis die 1983 Afrikaanse Bybel is wat uit die verdraaide en korrupte teks van Westcott en Hort vertaal was, wat reeds gissings van hierdie Apokriewe boeke bevat, en daarom vind ons al hierdie genoemde weglatings en veranderings in hierdie 1983 Afrikaanse Bybel wat as die ware Woord van God bekend is, wat intendeel 'n verkragte weergawe van die 1933 Afrikaanse Bybel is).

D). Tweedens het die Prof. verduidelik dat,

“Die apokriewe boeke bevat ondermeer belangrike historiese inligting oor die tydperk tussen die Ou en Nuwe Testament.” (Onmiddellik wanneer daar 'n volgende boek in ons Protestante Bybel gevoeg word is dit nie meer 'n “Kanon” nie, want die woord Kanon beteken sekerlik ses-en-sestig soos u weet? Onmiddellik word die skrifgedeelte in 2 Timóteüs 3 vers 16 en 17 verkrag wat sê dat: *“Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid.”* (Vers 17): *“Sodat die mens van God “volkome” kan wees in elke goeie werk volkome toegerus.”* As hierdie historiese inligting van soveel waarde vir die algemene Christen gewees het, sou dit in die oorspronklike Bybels “voor” 1881 in vertaal gewees het, maar omdat dit “onbelangrik” vir die Kerk van Jesus Christus was, is dit weggelaat uit die *1611 Engelse King James Bybel*,

Die Ou Nederlandse State Bybel en ons eie 1933 Afrikaanse Bybel. As hierdie historiese inligting volgens ons Suid Afrikaanse Bybelgenootskap werklik van so belangrike belang vir ons as Protestante is, stel ek voor die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap druk dit in 'n aparte los boekie, dan kan elke Katoliek en (New Age) persoon wie dit nog nie het nie, dit van die Bybelgenootskap koop, sonder dat dit 'n invloed op ons Protestante Bybel sal hê.

4). **Die boek van Génesis.**

Volgens die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap se eie verklaring in die Kerkbode van 20 April 2012 word beweer dat die eerste drie Hoofstukke van die boek Genesis net van historiese belang is, en dat dit eintlik nie meer van toepassing is op die (nuwe Bybel wetenskap) en hedendaagse Christene nie. Wat my verbaas is dat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap juis in die vorige bespreking vir ons verduidelik het hoe belangrik “Historiese Inligting” eintlik vir ons as Protestante is, en waarom die Apokriewe boeke in die nuwe 2016 Afrikaanse Bybel in vertaal moet word. Nou word presies die teenoorgestelde gesê deur die selfde Professor? Daar word beoog om die eerste drie boeke van Génesis uit die nuwe 2016 Afrikaanse Bybel uit weg te vertaal, omdat hierdie drie hoofstukke die hele skepping van God Almagtig (of eerder Elohim) bevat. Wanneer Elohim uit die skepping geneem word is daar dan plek om die teologie van Darwinisme, en (*The Big Bang*) aan ons kleinkinders, agterkleinkinders en geslagte om te kom voor te hou, wat alles deel van hierdie globale een godsdiens sienswyse is. Hierdie sienswyse dat die mensdom deur die sewe stadiums van die aap ontwikkel het, en dat God (Elohim) nie die mens uit die stof van die aarde met Sy hande geformeer het nie.

5). **Die woorde Konfessioneel en Inter-konfessionele vertalings.**

Professor Combrink voer aan dat die woord Inter-konfessioneel vertaling het betekenis gekry deurdat 143 verskillende medewerkers, uit verskillende kerke in Suid Afrika aan hierdie nuwe Afrikaanse Bybel meewerk. Vir die oningeligte persoon klink dit wonderlik wanneer die Professor dit so verduidelik, maar hierdie woord “*Inter-konfessioneel*” het totaal en al 'n ander betekenis. Nou moet die vraag gevra word, weet Professor Combrink as die hoof van die vertalings kommissie regtig nie wat die werklike betekenis van hierdie woord is nie, of beweeg hy ook in die groep van oningeligtes? Persoonlik glo ek dat die Professor presies weet wat die “*werklike betekenis*” van hierdie woord is, maar deur die *United Bible Society (UBS)* verplig word om nie die ware betekenis hiervan bekend te maak nie.

A). **D**ie woord *Konfessioneel* het eers in die 16de eeu sy verskyning gemaak nadat die Rooms Katolieke kerk dit as 'n direkte verwysing begin gebruik het, na “*dokumente*” verwysend na die “*belydenisskrifte*” van hierdie spesifieke kerk. In 1959 bevestig die Rooms Katolieke kerk hierdie stelling wanneer hulle tydens “*The Catholic Staatslexikon*” hierdie woord “*Konfessioneel*” as deel van hul eie kerklike dogmatiek toe eien. *Hierdie woord konfessioneel sal dan die Rooms Katolieke kerk as 'n eie soortegte geloof identifiseer, verskillend van enige ander godsdiens of geloof in hierdie wêreld.*

B). **T**ydens “*The Second Vatican Council (1962 -1965)*” word die besluit deur die Rooms Katolieke kerk geneem, dat hierdie woord *Konfessioneel* erkenning aan Rooms Katolieke kerk sal verleen wat haar as “*Die Enigste Sigbare Organisasie Te Erken, Wie As “Die Enigste Ware Kerk” Op Aarde Gereken Sal Word.*” Ook sal na haar verwys word as: “*THE MOTHER OF ALL CHURCHES.*”

C). **W**anneer die woord *Inter-konfessioneel* deur die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap gebruik word, is dit nodig om te weet dat daar in ons HAT woordeboek nie 'n woord soos *Inter-konfessioneel* bestaan nie. Hierdie spesifieke woord is eers in 1965 deur die Rooms Katolieke kerk geskep om die woord “*Konfessioneel*” ook dan nou Internasionaal van waarde te wees, waar dit verskillende Internasionale Rooms Katolieke gemeenskappe identifiseer in die wêreld. Hierdie woord *Inter-konfessioneel* het presies die selfde betekenis as die woord *Konfessioneel* met net een verskil, dit gee erkenning dat dit nou Internasionaal erkenning geniet, en dat sy nou ook Internasionaal erken sal word as “*The Mother Of All Churches.*” (*Die Moeder Van Alle Kerke In Die Wêreld*).

D). **W**anneer Professor Combrink dan so eerbaar verklaar dat hierdie nuwe 2016 Afrikaanse Bybel dan 'n “*Inter-konfessionele vertaling*” moet wees, het dit hoegenaamd niks te doen met die feit dat daar huideglik 143 verskillende Suid Afrikaanse mense uit 25 verskillende Afrikaans sprekende kerke aan hierdie spesifieke vertaling meewerk nie. *Vir watter rede sal die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap toelaat dat dit gebeur?* Wanneer ons terugdink op watter wyse die 1983 Afrikaanse Bybel deur die selfde Suid Afrikaanse Bybelgenootskap verkrag is, met al die verskillende weglatings en veranderings kan ons verstaan waarom, professor Combrink nie met eerlikheid vir die oningeligtes verduidelik, dat sekere woorde wat deur die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap gebruik nie die ware betekenis is nie.

Dit is van uiterste belang dat ons ook na die betekenis van die volgende woorde moet kyk en in hoedanige wyse, hulle deur die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap gebruik word.

6). **B**ronteks-georiënteerde vertaling.

A). **I**n die laaste sewe jaar word die oningeligtes aanhoudend attent gemaak met verwysing tot hierdie woord “*bronteks-georiënteerde vertaling*,” asof die vertaling van die vorige Afrikaanse Bybels sonder ’n bronteks vertaal was, en dit nou die eerste keer sal wees dat ’n bronteks gebruik gaan word, wanneer hierdie 2016 nuwe Afrikaanse Bybel vertaal gaan word. Wanneer die woord “*Georiënteer*” by die woord “*Bronteks*” gevoeg word, beteken dit net dat “*niks anders*” as juis dat die bronteks aan gehaal sal word nie. Wanneer daar deur die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap gesê word dat die “*Oorspronklike Grieks*” gebruik gaan word met hierdie nuwe 2016 Afrikaanse Bybelvertaling, is dit dan sekerlik verwysend na die *Ou Griekse manuskripte naamlik die Bisantynse Manuskripte (of Textus Receptus)*, en nie die verdraaide en korrupte tekste van *Westcott en Hort* van 1881 naamlik “*The New Greek New Testament*” nie? Wat natuurlik soos wat ons lankal weet nie die geval is nie, en daarom is ons almal reeds bewus van al die verskille en weglatings uit die 1983 Afrikaanse Bybel.

B). **N**adat allerhande verskonings gebruik was toe die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap die 1983 Afrikaanse Bybel wou vertaal, was onder andere gesê dat *Die 1933/53 Afrikaanse Bybels albei woord vir woord, en direkte vertalings van die Ou Nederlandse State Bybel en die 1611 Engelse King James Bybel was*. Toe was destyds gesê dat die 1933/53 nie afgewyk het van die ou Nederlandse State Bybel nie, wat eintlik nie die “*Beste Beskikbare Bronteks*” was nie, maar dat hierdie “*Dinamiese Ekwivalente Vertaling*” van 1983 sal die perfekte bronteks gebruik. Na veertig jaar (2013) blyk dit te wees dat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap liederlik in hierdie proses gefaal het, want nou gaan ’n “*bronteks georiënteerde vertaling*” in 2016 of later verskyn met allerhande (New Age) vreemdhede en andersheid, wat nie in die 1983 Afrikaanse Bybel verskyn het nie. Die professor verduidelik verder dat; “*Sedertdien (die 1983 Afrikaanse Bybel verskyn het), het verdere “ontdekkings”(van sekere apokriewe boeke) ons (as die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap se) kennis van die bronteks (Die Nuwe Griekse Nuwe Testament van Westcott en Hort van 1881) uitgebrei*. As lesers verstaan ons wat eintlik hier erken word.

7). **D**ie letterkundige waarde van die bronteks.

Professor Combrink verduidelik dat deel van die opdrag aan die vertalers is dat dit van hoë letterkundige gehalte moet wees. Op talle plekke is daar hoogstaande letterkundige waarde in die bronteks, en dit moet sover moontlik weergegee word. Die letterkundiges in die span waak oor behoud van metafore, simbole, hiperbole en ironie wat in die bronteks voorkom.

8). **Die letterlike vertaling.**

Die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap verduidelik in verskillende media stukke dat hierdie nuwe Afrikaanse Bybel 'n "*letterlike vertaling*" gaan wees, omdat nou vir die eerste keer sal die nuwe Bybelvertaling presies verduidelik hoe sekere gebeurtenisse in die Bybel plaas gevind het.

Onmiddellik besef ons dat hierdie letterlike vertaling die Naam van Christus (Jesus) in die oorblywende twee *Messiaanse Profesieë* letterlik met kleinletters gaan vertaal, as ook dat Apokriewe boeke letterlik in hierdie Bybelvertaling in vertaal gaan word. Ons verstaan ook dat die *globale (New Age) godsdiens* vir ewig letterlik 'n staanplek in ons *Protestante Afrikaanse Bybel* gaan kry, om nooit weer hier uit weggelaat te word nie. Ons verstaan dat die *teologie van Evolusie* ook letterlik in die boek van Génesis in vertaal gaan word, om vir ewig ons kleinkinders, agterkleinkinders en vele geslagte om te kom, onder die juk van *hierdie globale een wêreld godsdiens* te plaas, om nooit weer daarvan losgemaak te word nie.

Verskoon my, hierdie letterlike vertaling beteken dit dalk wat tussen Dawid en Goliat plaas gevind het, of toe Jesus Christus op die water geloop het? Met *hierdie letterlike vertaling* laat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap dit klink as of ons uit *Die 1933 Afrikaanse Bybel* nie verstaan het wat "Letterlik" in die Bybel plaas gevind het nie, *en nou gaan hulle vir die eerste keer in hierdie 2016 nuwe Afrikaanse Bybelvertaling vir ons letterlik beskryf wat in die 1933/53 Afrikaanse Bybels "nie letterlik" gebeur het nie.* Maak dit vir u sin? Weereens word gespeel met geletterde woorde om oningeligte Afrikaanse Christene net meer te verwar, om sodoende hierdie 2016 (New Age) Bybel meer aanvaarbaar te kry by gewone Christen mense.

9). **Direkte vertaling.**

Die professor verduidelik dat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap besig is (met hierdie nuwe 2016 Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling), "*Om 'n goed verstaanbare bronteks-georiënteerde Afrikaanse Bybelvertaling te skep, wat geskik is vir voorlesing en die gebruik in ere dienste,*

asook vir kategese, Bybelstudie en persoonlike gebruik.” Nou maak die professor die volgende verklaring. “*Dié benadering kan ’n “Direkte Vertaling” genoem word, wat ontleed is aan die begrip “Direkte Rede.”* Wanneer die professor hierdie soort aanhalings maak laat dit my wonder of hy dink dat hy met ’n klas oningeligte eerstejaar teologiese studente besig is, wat alles wat hy sê goedsmoeds moet glo? Het die professor nie in die vorige bespreking juis vir ons verduidelik waarom die 1933/53 van geen waarde was nie, want dit was soos hy dit self gestel het, ’n “Direkte en Woord vir Woord Vertaling” gewees, wat juis die noodigheid geskep het volgens die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap vir die 1983 Afrikaanse Bybel. Nou na veertig jaar verduidelik dieselfde Suid Afrikaanse Bybelgenootskap, *DAT DIT NOU (2013) WEER NODIG IS VIR ’n DIREKTE VERTALING, OF WOORD VIR WOORD VERTALING!* Maak dit vir u sin?

10). **G**emoderniseerde vertaling.

Hierdie benaming naamlik ’n “*Gemoderniseerde Bybelvertaling*” word al meer en meer deur die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap in die laaste tyd na verwys. Die oomblik dat hierdie spesifieke benaming naamlik gemoderniseerde vertaling gebruik word, blyk dit te wees dat elke vorige Afrikaanse Bybelvertaling totaal en al verouderd geword het. Hierdie verwysing speel eintlik ’n geweldige belangrike rol in die strategie van ons Suid Afrikaanse Bybelgenootskap en die *United Bible Society (UBS)*, omdat dit onwetend sekere kwel vrae in die gemoed van die oningeligte Bybel leser plaas, en dit skep dan die gedagte dat die huidige Afrikaanse Bybels verouderd geraak het, wat natuurlik nie die geval is nie, en daarom is ’n gemoderniseerde Bybelvertaling nodig.

11). **N**iks meer of minder as die bronteks nie.

Wanneer die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap verklaar dat hulle “*niks meer of minder*” sal sê as wat die bronteks sê nie, verduidelik professor Combrink nie vir die oningeligte Bybellesers dat hy bedoel eintlik die korrupte en verdraaide “*Nuwe Griekse Nuwe Testament Teks*” van *Westcott en Hort van 1881*, en nie die oorspronklike ou Griekse Manuskripte naamlik die Bisantynse (Textus Receptus) manuskripte, wat vir meer as 1,500 jaar as die enigste waaragtige manuskripte gereken was tot dat, *Westcott, Hort, Lightfoot en Madam Blavatsky deel gehad het aan hierdie 1881 Nuwe Griekse Nuwe Testament teks*. Ons verstaan nou wanneer die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap “*niks meer of minder*” as die bronteks gesê sal word nie.

12). **V**reemdheid en andersheid van die Bybel.

Eerstens verduidelik die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap dat akademiese navorsing bewys het dat *Die Bybelvertalings Wetenskap* vanaf die verskyning van die 1983 Afrikaanse Bybel, geweldig verander het. (Ek wonder net of die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap self agter gekom het tot watter mate hulle die 1983 Afrikaanse Bybel verkrag het, deur middel van al die genoemde weglating van die Name van Jesus Christus en al die ander veranderings?)

Tweedens verduidelik die professor dat hierdie nuwe 2016 (New Age) Bybel “*verskillende funksies moet vervul*” (wat blykbaar nie deur hierdie 1983 Afrikaanse Bybel vervul was nie).

Derdens verduidelik die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap dat “*vreemdheid en andersheid*” ook in hierdie nuwe Afrikaans Bybel geakkommodeer moet word. Wanneer die professor verduidelik aangaande hierdie “*vreemdheid en andersheid*” verduidelik hy nie wat dit sal behels nie. Met al die verskillende genoemde besprekings wat ons reeds hanteer het, weet ons wat al hierdie globale (New Age) godsdiens se *vreemdheid en andersheid*, vergeleke met die Ou 1933 Afrikaanse Bybel is.

13). **I**nterpretasie deur die vertalers.

Wanneer daar na die interpretasie tydens die vertalings proses gekyk word verduidelik Professor Combrink, wanneer iemand sy hand waag aan vertalings van ou tekste (of manuskripte) uit “*ander kulturele omgewings,*” is (verskillende) interpretasie van tekste onvermydelik. Hy verduidelik dat niemand kan sonder voorveronderstellings vertaal nie, en dat dogmatiese oortuigings ’n probleem kan skep (en dat hierteen gewaak moet word). Terwyl die Professor hierdie bekommernis uitlig, is dit juis dat die teenoorgestelde eintlik waar is deurdat elke aanbeveling van die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap, met verwysing tot hierdie nuwe 2016 (New Age) Bybel deurdronge is van partydigheid teenoor hierdie Nuwe Griekse Nuwe Testament van Westcott en Hort, en dat dit juis ons eie Suid Afrikaanse Bybelgenootskap is wie ten alle koste hierdie globale (New Age) godsdiens sienswyses wat reeds bespreek is, op alle Afrikaans sprekende Bybellesers wil af forseer, deur Jesus Christus in die gelykheid van elke (New Age) god te stel, *terwyl hulle nie bereid is om die naam Satan ook in kleinletters te skryf nie*. Ek wonder waarom nie?

14). **V**oetnotas.

Die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap maak geen geheim daarvan dat voetnotas geheel en al deel van hierdie nuwe Afrikaanse Bybelvertaling gaan wees nie. *Dit is juis in gedeeltes soos waar die Naam van Christus (Jesus) in kleinletters in die Ou Testamentiese Messiaanse Profesieë aangehaal word, waar daar ook dan in die Nuwe Testament met voetnotas verduidelikings gelewer sal word, as ook die redes waarom die Naam van Christus (Jesus) in kleinletters geskryf is. Ook met die toevoeging van die Apokriewe boeke sal voetnotas 'n groot rol speel om te verduidelik, hoekom en waarom sekere dinge gesê of na verwys word.*

Die eerste vraag moet wees wie bepaal wat in hierdie voetnotas aangebring gaan word. Watter kerk of kerke se dogmatiek sal in hierdie voetnotas weerspieël word? die Pinksterkerke, die Drie Susters kerke Die Rooms Katolieke kerk, of 'n kombinasie van al die verskillende kerke deur die wêreld wie met hierdie globale een godsdiens meewerk?

Hierdie voetnotas is een van die mees belangrikste instrumente wat deur die *Suid Afrikaanse Bybelgenootskap, The United Bible Society (UBS) en The World Bible Organisation (WBO)* gebruik gaan word om hulle eie dogmatiek, leerstelling en sienswyse aan die oningeligte Afrikaanse Bybellezers as deel van die Ware Woord van God aan die mens voor te hou.

15). **B**elydenisskrifte en die bronteks.

Professor Combrink verduidelik watter rol die *belydenisskrifte* speel wanneer die *bronteks* gebruik word vir hierdie nuwe Afrikaanse Bybelvertaling. Hy verduidelik self: “*Benewens 'n mens se emosionele verbintenis tot die Bybel se boodskap, het die belydenisskrifte (die Konfessionele en Inter-konfessionele geskrifte) ook 'n invloed op hoe u die bronteks lees.*”

Omdat ons reeds weet wat al hierdie verskillende geletterde woorde beteken wat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap gebruik om verwarring te saai beseft ons die sluheid en presiesheid wat gebruik word om die oningeligte Bybellezer nog meer te verwar, terwyl dié dink dat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap en Wêreld Bybelgenootskappe eerbare en Godvresende mense is, wat hulle volgens hul eie verklarings in die pers dit nie is nie.

Wanneer ons na die verkragte weergawe van die 1983 Afrikaanse Bybel kyk beseft ons onmiddellik watter rol “*belydenisskrifte*” gespeel het van verskillende agnostiese godsdiens, terwyl die korrumperte en verdraaide Nuwe Griekse Nuwe Testament teks van Westcott en Hort die ruggraat of fondasie gevorm het van hierdie 1983 Afrikaanse Bybel, en ons beseft dan tot watter mate hierdie selfde genoemde bronteks-georiënteerde vertaling van 2016 of later,

ook deur hierdie korrupte en verdraaide bronteks geaffekteer sal word.

16). **Die invloed van kulture binne die bronteks.**

Wanneer die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap verwys na *die invloed binne die bronteks* wat gebruik word om hierdie nuwe Afrikaanse Bybel uit te vertaal, beteken dit nie net die kulture van die mense wie voor Jesus Christus se geboorte geleef het nie, maar onmiddellik word die persoon wie in hierdie 21ste eeu leef, voorberei dat die verskillende kulture van hierdie eeu in belangrike rol sal speel, en daarom word die apokriewe boeke, ander geskifte (belydenisskrifte) asook die *UNESCO (United Nations Educational Scientific and Cultural Origination)* as belangrike rolspelers in die vertaling van hierdie nuwe Afrikaanse Protestantse Bybel ingebring.

17). **Die betrokkenheid van die Rooms Katolieke kerk by ons eie Suid Afrikaanse Bybelgenootskap?**

In een van my epos gesprekke met ds. Gerrit Kritzinger Hoof Uitvoerende Beampte (CEO) van die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap, met betrekking tot die invloed wat die Rooms Katolieke kerk binne die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap, en hoe hulle die vertaling van hierdie nuwe 2016 nuwe Afrikaanse Bybel sal beïnvloed, was sy antwoord aan my dat die Rooms Katolieke kerk “*geen rol speel nie,*” en dat hulle *geen invloed in die vertaling van hierdie genoemde Bybel het nie.* Wanneer u nou die volgende verwysing lees kan u self besluit of die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap totaal en al oningelig is, en of hulle moedswillig belangrike informasie van die gewone Afrikaanse Bybel lesers weg hou, en vir watter rede doen hulle dit?

A). **Die invloed van die Rooms Katolieke kerk binne elke Bybelvertaling wêreldwyd word ontbloot in twee van hulle eie publikasies getitel: “*Working together for the Word,*” (Subtitel:) “*Celebrating 40 years of fruitful co-operation,*” wat in 2005 verskyn het. Hierdie boeke is deur die *Wêreldbond van Bybelgenootskappe (of WBG) ook bekend as The United Bible Societies (UBS)* uitgegee.**

B). **Die Wêreldbond van Bybelgenootskappe (of WBG) het in 1946 to stand gekom.**

Aanvanklik was daar geen samewerking tussen die genoemde (WBG)

en die Rooms Katolieke kerk nie.

C). Hierdie situasie verander wanneer die Rooms Katolieke kerk in 1965 by *Die Tweede Vatikaanse Konsilie* of die *Dei Verbum* 'n dokument uitreik, waarvolgens die Wêreldbond van Bybelgenootskappe (WBG) en Die Rooms Katolieke kerk as een organisasie sal saamwerk.

D). Sedertdien het die Rooms Katolieke kerk verteenwoordiging op elke nasionale raad van Bybelgenootskappe wêreldwyd, en is hulle betrokke by “*gesamentlike Bybel vertalingsprojekte en Bybelverspreiding.*” Klem word gelê op *Inter-konfessionele benadering* wanneer dit kom by Bybelvertaling. (Gelukkig weet u reeds wat die woorde *Konfessioneel en Inter-konfessioneel* beteken).

E). In 1968 is 'n geweldige belangrike dokument gesamentlik deur die Wêreldbond van

Bybelgenootskappe en die Rooms Katolieke kerk “gesamentlik” uitgereik getitel: “*Guiding Principles for Interconfessional Co-operation in Translating the Bible.*” Hierdie gesamentlike dokument sal dan in die toekoms die model word vir *Inter-konfessionele Bybelvertalings* wêreldwyd. Ook is ooreen gekom dat die *apokriewe boeke*, as boeke wat deel van die nuwe Bybel sal vorm in elke nuwe Bybelvertaling in vertaal sal word.

F). In 1969 is *The World Catholic Federation for Biblical Apostolate (WCFBA)* gestig. Hieruit het *The Catholic Biblical Federation* ontstaan wat vandag (2013) nog by elke Bybelvertalingsprojek wêreldwyd betrokke is.

G). Die Vatikaan beskou die werk van *The World Catholic Federation for Biblical Apostolate (WCFBA)* as die mees belangrikste deel van *The Secretariat for Promoting Christian Unity*, onder alle bevolkingsgroepe wêreldwyd.

Die rede dat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap nie hierdie gegewe informasie aan my genoem het toe ek hieroor navraag gedoen het nie, is omdat hulle dit nie kan waag om die *Liberale Teologiese se invloed, van 'n “een globale godsdiens sisteem”* nou al openlik bekend te maak nie. Dit is skrikwekkend wanneer al hierdie leuens wat deur die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap aan oningeligte Afrikaans en Engelse Bybel lesers opgedis word as die waarheid, sonder om te blik of bloos gedoen word.

Hoe lewe hierdie mense met hul eie gewetes?

18). **Sal** nog 'n nuwe Afrikaanse Bybel nie die mense verwar nie?

Hierdie vraag was net so in die Kerkbode van 20 April 2012 aan Professor Combrink gestel.

“Sal nog 'n nuwe Afrikaanse Bybel nie die mense verwar nie? Watter een moet ons glo?”

Ek kan nie glo dat die volgende stellings wat hy persoonlik nou maak in enige media versprei kan word nie. Ek haal die Professor nou persoonlik aan wanneer hy antwoord: *“Daar is reeds mense wat verward is oor die talle Afrikaanse (Bybelvertalings) op die mark. Van die BSA (Suid Afrikaanse Bybelgenootskap) is daar net die 1933/53-vertaling, die 1983-vertaling en Die Bybel vir almal (wat oorspronklik vir die dowes vertaal is). Onmiddellik word daar gesinspeel dat daar ook ander verskillende Afrikaanse Bybel vertalings bestaan. U moet net onthou dat toe hierdie berig op 20 April 2012 in die Kerkbode verskyn het, was die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap reeds bewus van die nuwe Afrikaanse Inter-liniêre Bybel, wat met hul toestemming deur CUM uitgewers beplan was vir die einde van November 2012 wat nie 'n Suid Afrikaanse Bybelgenootskap vrystelling is nie.*

A). **W**anneer die Professor erken dat mense (gewone Afrikaanse Bybel lesers) wel reeds verward is, erken hy openlik dat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap totaal en al in sy roeping gefaal het, en dat hulle besig is om mense te verward met al hierdie verskillende Afrikaanse Bybelvertalings wat reeds vertaal is. Elders in die selfde berig verduidelik die Professor dat daar binne 40 jaar na die verskyning van hierdie beplande 2016 (New Age) Bybel, weer 'n volgende Afrikaanse Bybelvertaling gaan verskyn. Het die Professor nie reeds gesê dat die Afrikaanse Bybellesers reeds verward is met Drie Afrikaanse Bybels naamlik die 1933; 1953 en 1983 nie, en reeds bepleit hy verdere verwarring vir die *“Vyfde Afrikaanse Bybel”* wat in ongeveer 2056 sal verskyn. Lyk dit vir u na iemand wat die waarheid praat? Dan sal die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap in 'n verdere berig pleit: *“Vertrou die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap nog net hierdie een keer.”* Vir watter rede sal die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap hierdie tipe versoek rig. Weet hulle meer as wat hul sê, en dit is dat die Afrikaanssprekende Bybellesers nie meer hulle vertrou nie? Hoe vertrou ons iemand (Die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap) wie homself reeds bewys het as agnosties, met vennote wie almal openlik verklaar dat hulle agnosties is, en ten doel is om hierdie globale een wêreld godsdiens sienswyse op ons kinders, kleinkinders, agterkleinkinders en geslagte om te kom af te dwing, deur middel van hierdie korrupte en verdraaide Nuwe Griekse Nuwe Testament van Westcott en Hort?

B). **N**ou soek die Professor weer vir 'n skywe gat wanneer hy verder verklaar: *“Die positiewe aspek van meer as een vertaling is dat dit sinvol kan wees om verskillende vertalings te raadpleeg ten einde die teks beter te verstaan.”* Wanneer ons oplet met watter dodelike dogmatiese gif die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap die 1983 Afrikaanse Bybel vertaal het, kan ons verstaan dat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap openlik in die media erken dat hulle reeds die Afrikaans sprekende Bybellesers totaal en al verward het met hul vertalings, en dan verduidelik professor Combrink in die genoemde Kerkbode dat; *hierdie volgende 2016 nuwe Afrikaanse Bybelvertaling die regte een gaan wees.* Onmiddellik weet ons dat hierdie Afrikaanse vertaling nie die regte een gaan wees nie, want die Professor het reeds vir ons verduidelik dat in 2056 sal die volgende (regte) Afrikaanse Bybelvertaling weer verskyn.

19). **O**ns verstaan nie werklik die Ou Testament nie.

Die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap verduidelik dat soos hulle dit stel; *“Daar is steeds aspekte van die teks (die Nuwe Griekse Testament van Westcott en Hort), veral die Ou Testament wat ons (naamlik die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap) nie heeltemal verstaan nie.”* Kan dit moontlik wees dat hierdie 2016 (New Age) Bybelvertaling onderneem word, terwyl die Professor wie aan die hoof van hierdie nuwe vertaling staan in die koerant self erken, dat hulle (die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap), nie regtig weet wat regtig in die Ou Testament van Westcott en Hort aangaan nie. Ek stel voor die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap keer terug na *die oorspronklike teks naamlik die Bisantynse teks die (Textus Receptus) wat reeds vir meer as 1,500 jaar as die waaragtige erkende Woord van God gereken was, voordat Westcott en Hort in 1881 met hul verdraaide en korrupte Nuwe Griekse Nestle Aland teks, te voorskyn gekom het.*

Hierdie volgende verwysing sal presies openbaar watter verskille daar bestaan tussen die Ou Griekse Bisantynse manuskrip naamlik die Textus Receptus, wat vir meer as 1,500 jaar die enigste erkende manuskrip was waaruit verskillende Bybels vertaal was, vergeleke met die korrupte en verdraaide Nuwe Griekse Teks van Westcott en Hort, beter bekend as die Nestle Aland teks. Later gaan ek ook vir u van die verskillende Bybels noem wat uit hierdie verskillende twee tekste vertaal was.

20). **V**erskille tussen die genoemde twee tekste.

A). *620 Woorde wat deur Jesus Christus self gespreek was is weggelaat.*

B). *Die Naam Jesus is 87 keer weggelaat.*

C). *Die Naam Christus is 52 keer weggelaat.*

D). *Die Naam Here is 39 keer weggelaat.*

E). *Die Naam God is 48 keer weggelaat.*

F). *Die Godheid van Jesus Christus is 40 keer weggelaat.*

G). *Meer as 900 vers gedeeltes is gedeeltelik weggelaat.*

H). *17 Verse is in geheel weggelaat.*

I). *Meer as 8,000 verse is in geheel verander tot niks seggende betekenis.*

J). **Wat u nie moet vergeet nie is dat meeste van hierdie selfde verwysings ook hul weg in die 1983 Afrikaanse Bybel gevind het, omdat dieselfde korrupte en verdraaide teks van Westcott en Hort ook gebruik was vir die vertaling van die 1983 Afrikaanse Bybel, en gaan in sy geheel gebruik word tydens die vertaling van die beplande 2016 Afrikaanse Bybelvertaling. Hoe is dit moontlik dat enige regdenkende persoon kan glo dat met hierdie genoemde verwysings, enige Bybel wat hieruit vertaal word ooit kan verklaar dat dit Die Ware Woord van God is?**

In die volgende bespreking noem ek net vir u sommige Bybelvertalings wat reeds uit hierdie korrupte en verdraaide teks, naamlik die 1881 Nuwe Griekse Nuwe Testament van Westcott en Hort beter bekend as die Nestle Aland teks vertaal is.

21). **Bestaande Engelse Bybelvertalings.**

A). *The King James Bible.*

B). *The American Revisers Version.*

C). *The American Standard Bible.*

D). *The Living Bible.*

E). *The New Century Bible.*

F). *The Good News for modern man.*

G). *The Jehovah Witness Bible.*

H). *The Book.*

I). *The Everyday Bible.*

J). *Authorised Catholic Bible.*

K). *Ons eie 1983 Afrikaanse Bybel.*

L). *Die Bybel vir blindes.*

M). *Die goeie nuus Bybel.*

N). *Die Inter-liniêre Afrikaanse Bybel (bemark deur Cum uitgewers).*

O). *Hierdie beplande 2016 (of later) Nuwe Afrikaanse (New Age) Bybel.*

Daar bestaan meer as 300 Engelse Bybelvertalings uit hierdie genoemde korrupte en verdraaide teks van Westcott en Hort, en dit maak dit onmoontlik om na elkeen te verwys. Dit is totaal en al onmoontlik om alle verwysings in hierdie Mandaat na te verwys, en daarom nooi ek u om my webtuiste te besoek by www.2016newagebybel.co.za en u self te vergewis van al die ander feite.

Die Mandaat.

Omdat my oorspronklike versoek met my petisie vir een miljoen mense was, wie aan my 'n mandaat sou gee om met die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap en watter organisasie ook al te onderhandel, en meer as 2.4 miljoen mense my petisie ondersteun het, is ek bereid om toe te gee dat dit moontlik kan wees dat sekere petisies dalk nie die regte getalle weerspieël het nie, en daarom is ek bereid om 421,011 stemme ongeldig te verklaar terwille van hulle wie reken,

dat die getalle dalk nie die werklike weergawe is nie. Dit los ons dan steeds met 2 miljoen mense wie aan my 'n mandaat gegee het om namens een derde van die Suid Afrikaanse Afrikaanssprekende Bybellesers te onderhandel.

Hierdie is die mandaat van 2 miljoen mense wie nie te vinde is vir hierdie nuwe 2016 of later nuwe Afrikaanse Bybelvertaling nie, en eis die volgende van die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap.

- 1). Geen kleinletters toegevoeg mag word tot hierdie nuwe Afrikaanse Bybelvertaling nie.**
- 2). Geen toevoeging van enige Apokriewe boeke tot enige van ons Afrikaanssprekende (Protestante) Bybels nie.**
- 3). Geen tweede Afrikaanse Bybelvertaling met Hoofletters nie.**
- 4). Ons eis dat “alle pogings” om hierdie 2016 of later Afrikaanse Bybelvertaling verder te vertaal, onmiddellik gestaak word.**
- 5). Ons eis dat die 1933 Afrikaanse Bybel in sy geheel sonder enige veranderings soos wat dit oorspronklik geskryf was, weer “onmiddellik” herdruk en in alle boekwinkels beskikbaar gestel word.**
- 6). Ons eis dat by die finale besluitneming van enige nuwe Bybelvertaling elke kerk in Suid Afrika tenminste een verteenwoordiger teenwoordig sal hê, sodat verseker kan word dat wanneer 'n nuwe vertaling verskyn dit is wat die oorspronklike vertalers aan gewerk het, en nie net die goedkeuring is van die bestaande sewe of nege persone wie die finale proeflees huidiglik hanteer nie.**
- 7). Ons eis dat die hele Suid Afrikaanse Bybelgenootskap onmiddellik ontbind word en 'n demokratiese verkose Bybelgenootskap wat elke kerk in Suid Afrika verteenwoordig verkies word, om op sy hoofbestuur te dien. Met 'n verkose voorsitter wat gekies word deur die verteenwoordigers van die verskillende kerke.**
- 8). Wat opvallend was tydens hierdie petisie van my,**

was dat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap met al sy bondgenote, die laaste bykans negentig jaar die vertalings van elke Afrikaanse Bybel gemanipuleer en beheer het, en dat geen ander kerke toegang gehad het tot dit wat in die finale Afrikaanse Bybelvertaling geplaas is nie. Hiervan spreek die 1983 Afrikaanse Bybel boekdele met die weglating van die Name; Here Christus, Jesus, God, Verlosser, Here Jesus Christus, gedeeltelike vers gedeeltes, vers gedeeltes in hul geheel en vele ander wat te veel is om nou te noem. Hierdie outokratiese reg om enige Afrikaanse Bybel ooit weer te verkrag op die wyse wat die 1983 Afrikaanse Bybel verkrag was, mag net nooit weer plaasvind nie.

9). **O**ns eis dat die korrupte en verdraaide 1983 Afrikaanse Bybel onmiddellik uit sirkulasie geneem word, en dat *Die Ou 1933 Afrikaanse Bybel in sy oorspronklike vorm, sonder voetnotas of wat ook al herdruk en weer in sirkulasie geplaas word*. Daar kan nie gesê word dat die 1953 Afrikaanse Bybel en die 1933 Afrikaanse Bybel dieselfde Bybel is nie, want dit is nie die geval nie, *vele veranderings is juis in die 1953 Afrikaanse Bybelvertaling aangebring*.

10). **O**ns eis dat as daar met hierdie 2016 of later Bybelvertaling voortgegaan word, dat “alleenlik” die Ou Griekse Bisantynse (Textus Receptus teks van 1522) gebruik word as bronteks. Ek versoek dat u ook eers my referaat by www.2016newagebybel.co.za sal besoek en lees omdat ek in hierdie mandaat nie die spasio het, om alle feite te noem wat betrekking het op hierdie nuwe 2016 (New Age) Bybelvertaling nie.

Met die gegewe inligting wat skaars vyftig persent is van dit wat met hierdie beplande 2016 nuwe Afrikaanse Bybel gaan gebeur, is dit nodig dat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap en andere instansies onmiddellik moet kennis neem van dit wat in hierdie mandaat versoek word. **O**ns eis dat binne sestig dae van ontvangs van hierdie skrewe, die Afrikaanse Bybelgenootskap terugvoering van elke genoemde aanklag aan die skrywer (Dr. Hannes Redelinghuys) per epos of per brief sal lewer.

'n Afskrif van hierdie skrewe word ook aan elke tak van die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap gestuur asook elke sinode, Afrikaanssprekende kerke, verwante organisasie en sal ook op Internet geplaas word by www.2016newagebybel.co.za onder die opskrif *Block* vir almal om te lees.

Ek dank u vir u kosbare tyd wat u afgestaan het om hierdie mandaat te lees. Omdat hierdie mandaat aan soveel miljoene mense beskikbaar gestel gaan word,

sal dit waardeer word as u enige insette wil lewer hierop, omdat hierdie mandaat nie tydgebonde is soos wat die geval met die petisie was nie

Ek wil dit baie duidelik stel dat ek nog nooit onwillig was om enige instansie of persoon te ontmoet nie, maar my enigste vereiste was en is steeds dat dit voor kameras opgeneem word om te verhoed dat aanmanings later gemaak word wat nooit gemaak was nie. Vir al twee partye wat in die gesprek deel kan dit net goed wees, of hoe?

Ek vertrou dat 'n ooreenkoms deur hierdie mandaat bereik kan word, en dat die Koninkryk van God (Elohim) in hierdie 21ste eeu en later uitgebrei sal word, tot verheerliking van Die Enigste Naam waardeur die mens gered kan word, Die Naam van Jesus Christus!

U broeder en medewerker in Jesus Christus.

Dr. Hannes Redelinghuys (Ph.D.). (Eskat.).

Kontak besonderhede/bestellings.

Dr. Hannes Redelinghuys (Ph.D.). (Eskat.).

Epos: drhannesr@gmail.co.

Sel. No: 083 540 8352

Ek wil graag die geleentheid gebruik nadat u hierdie Referaat/Mandaat gelees het om u in kennis te stel dat ek as skrywer tans besig is met die skryf van my nuwe boek:

“WAAROM NÍ VIERDE AFRIKAANSE BYBEVERTALING?”

Hierdie spesifieke boek is 'n direkte opdrag van God my Vader aan my. Hierdie opdrag het gevloei uit my Petisie, die Referaat en die Mandaat wat u reeds gelees het. Ek gaan poog dat hierdie genoemde boeke tenminste een van, in elke Suid Afrikaanse huishouding in Suid Afrika bekom word. In hierdie boek word elke verskuilde agenda van ons eie Suid Afrikaanse Bybelgenootskap en “*The World Bible Society (UBS)*” totaal en al ontbloot, deur presies vir u elke “nagevorsde feit” te wys. Hierdie sal die laaste kans wees dat gewone Afrikaans sprekende Bybellesers kan opstaan vir “*Die Waarheid En Die Naam Van Jesus Christus Ons Enigste Verlosser.*”

Omdat ek tans besig is met die skryf van hierdie boek is dit onmoontlik om nou al sy prys te

bepaal. Sou u later belangstel om hierdie boek te bekom, stel ek voor dat u die genoemde kontakbesonderhede gebruik.

Die Here Seën U.

Dr. Hannes Redelinghuys. (Ph.D.). (Eskat.).

TOEVOEGING TOT DIE REFERAAT/MANDAAT

Vandag is 4 November 2014.

Die rede dat ek (dr. Hannes Redelinghuys) hierdie byvoegsel tot my referaat/mandaat voeg, is dat die 2016 Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling (Proefvertaling “**NUWE TESTAMENT EN PSALMS NÍ DIREKTE VERTALING**”), reeds op 9 April 2014 by die AGS gemeente Kaleideo Kempton Park vrygestel is, waar ek persoonlik teenwoordig was. Dr. Isak Burger, President van die Apostoliese Geloofsending van Suid Afrika (AGS kerk), het die verrigtinge met gebed geopen. Wat vir my skokkend was, was die feit dat dr. Burger in sy gebed die Here gedank het dat ons kinders en nageslagte, nou ’n **WARE AFRIKAANSE BYBEL** het om te lees, en te verstaan. Die feit dat dr. Burger die openings gebed waargeneem het, bevestig net my vermoede dat hy ook by die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap en hul aktiviteite betrokke is. Na die verrigtinge het ek na dr. Burger gestap, myself voorgestel, en aan hom persoonlik my boek: “**WAAROM NÍ VIERDE AFRIKAANSE BYBELVERTALING?**” gegee. Ek het hom meegedeel dat ek enige tyd beskikbaar is om hom te woord te staan, sou hy enige foutiewe verwysings in my boek vind. Vandag is bykans 7 maande later, en nog geen woord is gerep nie.

Net na die vrystelling van my boek: **WAAROM NÍ VIERDE AFRIKAANSE BYBEL?** Op 3 Julie 2013; het ek persoonlik per geregistreerde pos aan ds. Gerrit Kritzinger en Prof. Bernad Combrink, elk een van my boeke gestuur. Ek het hulle ook genooi om met my kontak te maak, sou hulle enige onwaarhede of onbybelse verwysings in my boek teekom. Tot vandag het hulle ook nog nooit van hulle laat hoor nie.

Omdat my aksie **TEEN** hierdie 2016 “*New Age*” Afrikaanse Bybelvertaling steeds van krag is, is dit nie vir my vreemd dat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap verseg om op enige van my korrespondensie te reageer nie. Hulle speel eenvoudig die spel van: “*Ek het nie gehoor nie, en daarom reageer ons nie!* (Hulle smeer hul eenvoudig af aan enige iets wat gesê word), omdat hulle voel dat hulle in ’n onaantasbare posisie van mag is.

In my Mandaat aan die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap was een van ons eise, dat die **OU BESTAANDE 1933 AFRIKAANSE BYBEL** in sy geheel, onveranderd weer gedruk en bemark moet word, dan kan die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap soveel vertalings druk soos hul wil. Dit bly dan my en u reg, watter Afrikaanse Bybel ons wil koop!

Ek word oorval met versoeke van mense wie my petisie ondersteun het met die vraag, wat kan ons doen om verandering te help bewerkstellig? My antwoord is eenvoudig: **STAAK ALLE GELDELIKE ONDERSTEUNING AAN DIE SUID AFRIKAANSE BYBELGENOOTSKAP!** Deur u finansieële bydra, ondersteun u inwerklikheid hierdie Agnostiese (New Age) Afrikaanse Bybelvertaling met al sy weglatings, wat eendag u kinders en kleinkinders gaan vernietig.

Ek wil ook die geleentheid gebruik om die miljoene mense wie my “petisie” teen hierdie genoemde Afrikaanse Bybelvertaling geondersteun het, te bedank. U stem het verseker ’n groot verskil gemaak. *Die feit dat daar net 48 (ongenooide) mense soos myself, by die vrystelling van hierdie nuwe Afrikaanse Bybelvertaling te Kempon Park was, bevestig net weer dat ons aksie werlik besig is om ’n verskil te maak!* Al die ander mense wie teenwoordig was, was genooide gaste van die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap. Wat die grootste gebeurtenis in die 21ste eeu moes gewees het, *was die grootste teleurstelling vir die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap en sy handlangers!*

Die feit dat Rapport op 24 Augustus 2014 ’n hele artikel oor myself, die petisie en my boek: **WAAROM NÍ VIERDIE AFRIKAANSE BYBELVERTALING?** geplaas het onder die opskrif: **“DIE NUWE BYBEL IS NEW AGE”** is net weer ’n bevestiging, dat hierdie aksie teen hierdie “New Age” Afrikaanse Bybelvertaling is nie verniet nie! Wanneer ek die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap (ds. Gerrit Kritzinger) se reaksie op hierdie berig lees, verduidelik hy dat: *“Hulle (naamlik die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap) gee ’n dieper of verborge betekenis aan die Bybel.” Hierdie “dieper betekenis” is so diep, dat die Naam van Jesus Christus 87 keer weggelaat is uit hierdie 2016 Nuwe Afrikaanse Bybel. Die Naam Christus is 52 keer weggelaat. Die Naam Here is 39 keer weggelaat. Die Naam God is 48 keer weggelaat. Die Godheid van Jesus Christus is 40 keer weggelaat. Meer as 9000 Skriftuurlike veranderings het plaasgevind,* en DIT word gesien as ’n BETER Afrikaanse Bybel vir ons kinders, kleinkinders en nageslagte wie nog gebore moet word? Noem die Bybelgenootskap van Suid Afrika, sulke geestelike verkragting, dieper en verborge betekenis? Al wat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap (UBS) moet besef, is dat hulle nie regtig meer met oningeligte mense tedeo het nie.

Volgens 'n epos van ds. Kritzinger aan my, is hierdie Nuwe Afrikaanse (2016) Bybel nou vir die EERSTE KEER reg vertaal, wat dan sal beteken dat ALLE vorige vertalers van ons Afrikaanse Bybels, soos Toitus en ander, geheel en al oningelig en ongeletterd was? Ons besef dat die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap en die (UBS) United Bible Societys, is aanhoudend besig om hul self in die voet te skiet, met uitlatings soos die!

Net terloops, die feit dat my webtuiste: www.2016newagebybel.co.za reeds drie keer deur die Moslems gekeer is, deur 'n Moslem soldaat (warrior) oor my inligting te plaas, bevestig net weer dat ons besig is, om op die regte plekke te krap. Ek kan NIE onthou dat ek enige aksie met die Moslems het, of ooit gehad het nie? Waarom sal hulle 'n (warrior/soldaat) met Arabiese byskrifte oor my webtuiste plaas, terwyl my aksie TEEN hierdie Agnostiese gesinde Suid Afrikaanse Bybelgenootskap en sy vernote is. Dit laat ons nogal dink, of hoe?

En vra steeds vir u gebede vir hierdie aksie, dat God, ons Vader, deur Sy Heilige Gees, vir ons die regte leiding sal gee, en dat ons sal doen wat nodig is, om te verseker dat daar 'n WARE WOORD VAN GOD, vir ons nageslagte beskikbaar sal bly.

My boek: “WAAROM N VIERDE AFRIKAANSE BYBELVERTALING? is beskikbaar.

Sou u meer inligting wil bekom is u welkom om vir my 'n epos te stuur, of my te skakel.

Epos: drhannesr@gmail.com

Foon: 083 540 8352

Webtuiste: www.2016newagebybel.co.za

Groete.

U broer in die werk van Jesus Christus.

Dr. Hannes Redelinghuys (Ph.D.)(Eskat.).

